# KULTUURBEELD VAN DIE OSSEWA-BRANDWAG 1938-1952

deur : P.J.J. PRINSLOO

*Verhandeling voorgelê ter vervulling van 'n gedeelte van die vereiste vir die graad*

*MAGISTER ARTIUM*

*in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys*

VANDERBIJLPARK
JANUARIE 1983

STUDIELEIER : Prof. P.F. van der Schyff

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet in geen geval beskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

Ons moet standpunt inneem:

*"Fata ducant Volenten, trahunt Nolentem".*

Dr. J.F.J. van Rensburg
Stellenbosch

April 1937

My opregte dank aan alle
persone wat 'n bydrae tot
die voltooiing van die
studie gelewer het

INHOUDSOPGAWE

| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 1. | INLEIDING | 1 |
| | Die doel van die studie | |
| 2. | TEORETIESE BEGRONDING VAN DIE TEMA | 1 |
| 2.1 | Die problematiek van kultuur-historiese ondersoek | 1 |
| 2.2 | Omskrywing van die begrip kultuur | 3 |
| 2.3 | Eienskappe van kultuur | 5 |
| 2.4 | Die funksie van kultuur | 5 |
| 2.5 | Die kulturele stelsel | 6 |
| 2.6 | Die kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag | 9 |
| 3. | OMSTANDIGHEDE IN DIE AFRIKANER SE KULTUUR WAT TOT DIE STIGTING VAN DIE OSSEWA-BRANDWAG GELEI HET | 11 |
| 3.1 | Inleiding | 11 |
| 3.2 | Die betekenis van die Voortrekkereeufeesjaar vir die Afrikaner=kultuur | 12 |
| 3.3 | Die kiemgedagte van die Ossewa-Brandwag | 16 |
| | - Die verafrikanisering van die verdedigingsmag | 16 |
| | - Kol. Laas as organiserende stafoffisier vir verdediging - Skietverenigings (VSV) | 18 |
| | - Kol. Laas se "volksbou"-ywer as ontwikkelende gedagte | 19 |
| 3.4 | Die stigting van die Ossewa-Brandwag | 24 |
| 3.5 | Die grondslag, doel en strewe van die Ossewa-Brandwag | 27 |
| | - Die volksontwaking en ideale sedert die eeufees | 27 |
| | - Die vier fases in die ontwikkelende doel en strewe van die Ossewa-Brandwag | 29 |
| | - Twee aspekte wat die doel en strewe van die Ossewa-Brandwag beïnvloed het | 30 |
| 4. | DIE KULTURELE STRATEGIE EN AKTIWITEITE VAN DIE OSSEWA-BRANDWAG GEDURENDE DIE LAAS-TYDPERK | 31 |
| 4.1 | Die kulturele begronding van die Ossewabrandwagideale | 31 |
| | - Die funksies van die Ossewa-Brandwag | 33 |

- Die agterdog en teenkanting teen die kulturele doel en strewe van die Ossewa-Brandwag 34

- Die werksaamhede van die Ossewa-Brandwag 36

- Faktore wat die kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag beperk het 39

4.2 Die kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag gedurende die Laas-tydperk 42

- Die krisis in Afrikanergeledere na 4 September 1939 42

- Die dubbelslagtige karakter wat die Ossewa-Brandwag in toenemende mate verkry het 43

- Faktore wat die kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag beperk het 45

- Die drieledige kultuuraktiwiteite waaruit die kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag bestaan het 52

- Die kultuurbeeld wat hieruit gevorm kan word 57

5. DIE OSSEWA-BRANDWAG WORD VAN SY KULTUURBEELD ONTKOPPEL 60

5.1 Dr. Van Rensburg as "nie-kulturele leier" se beskouing van die Ossewa-Brandwag se doel en strewe 60

- Die verandering in dr. Van Rensburg se lewenshouding 60

- Dr. Van Rensburg se vertolking van die doel en strewe van die Ossewa-Brandwag 63

5.2 Die kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag as Republikeinse Volkspolitiekefront 65

- Die Ossewa-Brandwag se beskouing oor die aard en funksie van sy volksbewegingskap 66

- Die Ossewa-Brandwag se beskouing oor sy aard en grondslag 67

- Algemene kulturele aktiwiteite van die Ossewa-Brandwag 69

- Faktore wat die Ossewa-Brandwag van sy kultuurbeeld ontkoppel het 77

- Gevolgtrekking 93

6. AFSLUITING VAN DIE OSSEWA-BRANDWAG SE KULTUURBEELD 94

6.1 Die kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag as Republi= keinse Volksbeweging 94

- Die Ossewa-Brandwag se veranderde doel en strewe 95

- Die Ossewa-Brandwag se beleidsprogram 97

- Die kultuurbeeld wat hieruit gevorm kan word 98

6.2 Die kulturologiese betekenis van die Ossewa-Brandwag se "Historiese Taak" 104

- Die Ossewa-Brandwag se toekomsverwagting 105

- Die noodwendigheid van die Ossewa-Brandwag se "Historiese Taak" 108

7. <u>'N WAARDERING VAN DIE OSSEWA-BRANDWAG SE KULTUURBEELD</u> 111

- Drie onderskeibare fases 111

8. <u>BRONNELYS</u> 114

## 1. INLEIDING

Die doel van die studie.

Die oogmerk van hierdie studie is om deur kultuurhistoriese ondersoek ŉ oorsig oor die kulturele aktiwiteite van die Ossewa-Brandwag (OB) te bied. Ten einde die *kultuurbeeld* van die OB in perspektief te stel, word daar eerstens op sekere teoretiese uitgangspunte gelet om sodoende ŉ verwysingsraamwerk waarin die kultuurbeeld van die OB beskryf en beoordeel kan word, te voorsien.

Tweedens word op die omstandighede in die Afrikaner se kultuur wat tot die kiemgedagte van die OB gelei het, gelet.

Derdens word die kulturele strategie en aktiwiteite van die OB soos dit in verskillende fases ontwikkel het, bespreek.

Die werk word deur ŉ waardering van die OB se kultuurbeeld afgesluit.

Die kultuurbeeld van die OB vorm ook deel van ŉ omvattende diepte=studie oor dié beweging, wat tans deur die Geskiedenisdepartement van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys onderneem word. Fasette in hierdie kultuurbeeld sal in dié studie verder ontgin word.

## 2. TEORETIESE BEGRONDING VAN DIE TEMA

### 2.1 Die problematiek van kultuurhistoriese ondersoek

ŉ Beskrywing van die kultuur van ŉ bepaalde volk of groep, soos die OB, impliseer ŉ kultuurhistoriese ondersoek.

Die navorser wat kultuurhistoriese ondersoeke aanpak, kom egter voor uiteenlopende en soms verwarrende teorieë[1] oor hierdie omvattende onderwerp te staan. ŉ Teoretiese begronding van ŉ onderwerp soos die kultuurbeeld van die OB is daarom ŉ noodsaaklike rigtinggewende voorloper vir die bepaalde modus operandi wat die outeur volg.[2]

---

1) ŉ Oorsig oor die teorieë van die verskillende vakwetenskappe en skole word in die volgende paragrawe bespreek.

2) P.B. Hammond : An introduction to cultural and social Anthropology, pp.365 e.v.; P.W. Grobbelaar : Kultuur en Beskawing (Grobbelaar, P.W. (red.) : Die Afrikaner en sy kultuur, dl. 1, Mens en Land, pp.5,6).

Watter vakwetenskap bepaal die grense, teorie en metodologie vir kulturologiese studie?[1] Hier volg, naas die historiese, nog drie moontlikhede: Kultuurantropoloë[2] ressorteer onder een van die vier vakrigtings van antropologie, te wete kultureelsosiale antropologie.[3] Die tweede moontlikheid is die etnologie, want die etnoloë baseer hul vakwetenskap ook op kultuurhistoriese grondslae.[4] Volgens Beals[5] het die neiging om besondere aspekte van kultuur te beklemtoon, aanleiding tot 'n verskeidenheid van onderafdelings van kulturele antropologie gegee. Een van die rigtings is die derde moontlikheid, te wete 'n kultuurhistoriese ondersoek. Die taak van kultuurhistorici is volgens Beals om die opvattings wat mense oor hul verlede nahou te bestudeer en aan die hand van historiese dokumente te toets, ten einde die ontwikkelingsgang van 'n bepaalde groep se kultuur te rekonstrueer.[6]

Dit val buite die bestek van die onderwerp om 'n vergelyking en waardering van alle benaderingswyses in die vakwetenskappe te gee. Maar, aangesien die OB in die lig van dié bepaalde tema 'n sosiokulturele beweging was, word die kultuurhistoriese aanslag van die studie op sekere teoretiese en metodologiese benaderings van die antropologiese en etnologiese wetenskappe gebaseer.[7]

Die rede hiervoor is dat daar geen klinkklare kultuurhistoriese teorie bestaan nie, en die veronderstelling is dan om 'n kriterium hieruit te verkry waarmee die OB se kulturele aktiwiteite beskryf en beoordeel kan word.[8]

---

1) L.A. White : The concept of cultural systems, pp.3, 128; G.C. de Haas : Cultuur en Cultuurbeleid, pp.48, 52; J.H. Steward : Theory of culture change, pp.35, 52.

2) J.J. Honingman : Understanding culture, pp.5-7; P.B. Hammond : An introduction to cultural and social Anthropology, p.4.

3) R.L. Beals (etc.) : An introduction to Anthropology, pp.1, 20.

4) A. Fenton : The scope of Regional Ethnology (Folk life. A Journal of Ethnological Studies, vol. 11, 1973, pp.5-14).

5) R.L. Beals (etc.) : An introduction to Anthropology, p.9.

6) R.L. Beals (etc.) : An introduction to Anthropology, pp.9, 10.

7) P.B. Hammond : An introduction to cultural and social Anthropology, p.388; J.H. Steward : Theory of culture change, pp.3, 4; R.L. Beals (etc.) : An introduction to Anthropology, pp.49, 78.

8) P.B. Hammond : An introduction to cultural and social Anthropology, pp.365 e.v.; P.W. Grobbelaar : Kultuur en Beskawing (Grobbelaar, P.W. (red.) : Die Afrikaner en sy kultuur, dl. 1, Mens en Land, p.5); J.J. Honingmann : Understanding culture, pp.192, 193.

Die interdissiplinêre bruikleen word gedoen met die wete dat dit nie 'n "model" moet voorsien waarop veralgemeende afleidings van die historiese data uit 'n bepaalde gesigspunt of benadering gemaak kan word nie.[1)]

In die volgende vier afdelings word aspekte van die begrip "kultuur" aan die hand van die laasgenoemde standpunt in verskillende fasette beskryf.

## 2.2 Omskrywing van die begrip kultuur

Die geskiedenis van die "grand old term"[2)] het in 1952 alreeds meer as 160 formulerings beleef,[3)] wat op die verskeidenheid nuanses wat aan die term toegedig word, dui. Dit is daarom onmoontlik om 'n eksakte verklaring van kultuur te gee.

Daar bestaan in hoofsaak twee vertolkings in die omskrywing van die kultuurbegrip. Eerstens is daar die klassiek-humanistiese kultuurbegrip van Burckhardt, Arnold en Huizinga, soos in Van Dale omskryf as die "verfijning van het geestelijk en zedelijk leven".[4)] Die klassiek-humanistiese kultuurideaal is tot omstreeks 1843 gehandhaaf, waarna die begrip as té beperk beskou is. Die hervertolking van die kultuurbegrip is eers deur Kolb en Klemm[5)] en veral deur sir Edward B. Tylor in 1871 ingelui. Die klassieke kultuurdefinisie wat hierna in bykans alle sosiologiese, etnologiese en kultureel-antropologiese werke voorkom, is ontleen aan Tylor se kultuurdefinisie. Tylor het kultuur omskryf as "that complex whole which includes knowledge, belief, arts, morals, law, custom, and any other capabilities and habits acquired by man as a member

---

1) A. Fenton : The Scope of Regional Ethnology (Folk Life. A Journal of Ethnological Studies, vol. 11, 1973, p.12); P.W. Hammond : An introduc= tion to cultural and social Anthropology, p.375; J.H. Steward : Theory of cultural change, pp.28, 43, 44.

2) R.A. Peterson : Production of culture (Peterson, R.A. (ed.) : The Production of culture, p.7).

3) L.A. White : The concept of cultural systems, p.5; M.J. Herskovits : Cultural relativism (ed. F. Herskovits), pp.147, 148.

4) G.C. de Haas : Cultuur en Cultuurbeleid, p.35.

5) G.C. de Haas : Cultuur en Cultuurbeleid, pp.48, 50.

of society".[1] Teenoor die "beperkte" visie van die klassiek-humanis= tiese kultuurideaal, het die klassieke kultuurdefinisie van Tylor aanleiding tot die totaliteitsbegrip[2] van die kultuur gegee. Die kritiek teen etnoloë en kultuurantropoloë is dat hulle by voorkeur van die komplekshede en totaliteite van die kultuurbegrip praat.[3]

Die meeste hedendaagse outeurs het die definisie van Tylor aanvaar, verfyn en op die verwantskap tussen kultuur en sosiale struktuur gefokusseer.[4] Goudsblom se oplossing vir laasgenoemde debat is sy kulturologiese bena= dering. Dit impliseer: "cultuur omvat zowel de geïnstitutionaliseerde normen die het maatschappelijk verkeer regelen, als ook het surplus aan onmaatschappelijke idealen, van waaruit men de status quo kan critiseren en eventueel corrigeren ... Het feit dat de cultuur ... soms bepaalde vormen van onmaatschappelijk gedrag in de hand werkt, duidt op een 'lek' in het sociale systeem. Redenerend vanuit Parsons' eerste wet der maat= schappelijke processen, die inhoudt dat, 'a social system tends to maintain itself', kunnen we hier een tekortkoming zien in de orde-handhavende mechanismen socialisatie en sociale controle. Mensen met een sterk ont= wikkelde cultuurgevoeligheid maken ook de indruk van starre betweters of wereldvreemde zonderlingen. Soms echter blijkt achteraf, dat zij bepaalde opdragten beter hebben verstaan, bepaalde mogenlijkheden scherper hebben gezien dan hul tijdgenoten. Hun onmaatschappelijkheid krijgt dan niet alleen feitelijk, maar ook normatief een heel ander reliëf".[5] Die op= vatting van Goudsblom word later op die OB se kultuurbeeld toegepas.[6]

Teen dié agtergrond word die begrip "kultuur" in die konteks van die studie gesien as iets (sui generis) wat *omskryf* word deur die wyse waarop

---

1) R.A. Peterson : Production of culture (Peterson, R.A. (ed.) : The Produc= tion of culture, p.8); L.A. White : The concept of cultural systems, p.125; R.L. Beals (etc.) : An introduction to Anthropology, pp.25, 27, 38.

2) J.J. Honingmann : Understanding culture, p.8.

3) G.C. de Haas : Cultuur en Cultuurbeleid, p.50.

4) R.A. Peterson : Production of culture (Peterson, R.A. (ed.) : The Produc= tion of culture, pp.8, 9); C. Geertz : The interpretation of culture, pp.143, 145, 361; L.A. White : The concept of cultural systems, pp.1, 4, 126 e.v., 157.

5) G.C. de Haas : Cultuur en Cultuurbeleid, p.52.

6) Kyk p.104.

dit gebruik word.[1] Die omskrywing wentel om die gedagte dat die OB-"kultuur" slegs in terme van sy eie struktuur, waardes en standaarde beskryf en beoordeel moet word.[2] Met dié gedagtes as uitgangspunt, word die wese van kultuur deur sy eienskappe, funksie en stelsel bespreek.

## 2.3 Eienskappe van kultuur

Kultuur is kenbaar as aangeleerde gedrag, idee en handeling.[3] Elke kultuur, hetsy dié van 'n volk of 'n subkultuur[4] soos dié van die OB, is 'n konstellasie van unieke eienskappe.[5] *Kultuur as vrug van die OB-bedrywighede is in sy wese dus die krag en vermoë om te produseer.* In dié sin is die kultuurbeeld die vrugbaarheid van die OB as beweging en kultuur= produksie die gevolg van hul bewuste inspanning.[6] Kultuur is dus 'n "self-contained 'superorganic' reality with forces and purposes of its own".[7]

## 2.4 Die funksie van kultuur

Soos met die omskrywing van kultuur, kan 'n ewe lang lys benaderings oor die funksie van kultuur[8] gegee word. Waar die verskillende omskrywings van kultuur op suiwer teoretiese gronde berus, word die funksie van kultuur deur die lewens- en wêreldbeskouing van die ondersoeker of kultuurdraer bepaal. Die twee pole in dié opsig is waarskynlik die teologiese[9] en evolusionistiese[10] benaderings. Wat hier volg is 'n pragmatiese opvatting oor die funksie van kultuur. Soos dit later sal blyk,[11] was die algemeen geldende opvatting wat in die OB oor die funksie van hul kultuurtaak gegeld

---

1) L.A. White : The concept of cultural systems, p.5, kyk p.5.

2) Kyk p.6.

3) M.J. Herskovits : Cultural relativism (ed. F. Herskovits), pp.98, 106, 148; D.J.J. Mostert : Kultuur en Lewe, p.6; C. Geertz : The interpretation of cultures, p.5.

4) J.H. Steward : Theory of culture change, pp.47, 64; R.L. Beals (etc.) : An introduction to Anthropology, pp.29, 46.

5) J.J. Honingman : Understanding culture, p.3.

6) D.J.J. Mostert : Kultuur en Lewe, p.7.

7) C. Geertz : The interpretation of cultures, p.11.

8) J.J. Honingmann : Understanding culture, pp.9-17.

9) L.A. White : The concept of cultural systems, p.9.

10) C. Geertz : The interpretation of cultures, pp.37, 46, 47; L.A. White : The concept of cultural systems, p.xii.

11) Kyk p.29.

het, opgebou uit al drie bogenoemde benaderings : teologies,[1] evolusionisties[2] en pragmaties.[3]

Die funksie van kultuur in die konteks van die studie word vervolgens belig. Kultuur as faktor van die menslike gedrag[4] word beskou as iets (sui generis) wat slegs in terme van homself verklaar kan word.[5] Ten aansien van die gedagte dat sosiale struktuur kultuur skep,[6] impliseer dit dat die OB-lede die bestaan van die OB-kultuur moontlik gemaak het. Die OB-kultuur was dus van die OB as beweging se dade afhanklik.[7] Die outonomiteit van die OB-kultuur was ook van sy draers, naamlik OB-lede, afhanklik, en omdat dit slegs deur sy draers kon voortbestaan, het dit 'n leeftyd van sy eie gehad.[8] *Die funksie van die OB-kultuur moet slegs in terme van sy eie struktuur, waardes en standaarde beskryf en beoordeel word.*[9]

Die funksie van kultuur is dus "the acts performed, the processes executed, by the system".[10]

## 2.5 Die kulturele stelsel

Die basiese konsepte van kulturologie is die begrippe kultuur en kulturele sisteme/stelsels.[11] Dit beteken dat kultuur "is a general frame of reference, composed by learning attitudes, connected with products, institutions, and the human being himself, *conditioned by a complex set of value systems*".[12]

1) P. de Klerk : Die ideologie van die Ossewa-Brandwag, pp.64-71, 84.
2) P. de Klerk : Die ideologie van die Ossewa-Brandwag, p.56.
3) Hierdie eienskap blyk uit die omwenteling wat die doel en strewe van die OB se kultuurtaak ondergaan het.
4) G.C. de Haas : Cultuur en Cultuurbeleid, p.52.
5) L.A. White : The concept of cultural systems, pp.xi, 6.
6) R.A. Peterson : Production of culture (Peterson, R.A. (ed.) : The production of culture, p.9).
7) L.A. White : The concept of cultural systems, p.7.
8) L.A. White : The concept of cultural systems, pp.5, 6.
9) M.J. Herskovitz : Cultural relativism (ed. F. Herskovitz), pp.39, 41, 90; G.C. de Haas : Cultuur en Cultuurbeleid, p.50, kyk p.31.
10) L.A. White : The concept of cultural systems, p.13.
11) L.A. White : The concept of cultural systems, p.3.
12) M.J. Langeveld : Culture and Development (Suid-Afrikaanse Tydskrif vir die Pedagogiek, vol. 12, 1978, p.119). My kursivering.

Die kulturele stelsel bestaan dus uit 'n sisteem van outonome dele,[1] wat die riglyne waarmee die mens sy bestaan organiseer, voorsien.[2] Die hoofkomponente van die kulturele sisteem bestaan uit 'n groep, 'n omgewing, 'n materiële kultuur, 'n kulturele tradisie en menslike aktiwiteite en gedrag.[3] Die belangrikheid van die komponente van die kulturele sisteem lê in die volgende twee redes:

"The first of these is that culture is best seen not as complexes of concrete behavior patterns-- customs, usages, traditions, habit clusters - as has, by and large, been the case up to now, but as a set of control mechanisms - plans, recipes, rules, instructions (what computer engineers call 'programs') - for governing of behavior. The second idea is that man is precisely the animal most desperately dependent upon such extragenetic, outside-the-skin control mechanisms, such cultural programs, for ordering his behavior ... Undirected by culture patterns - organized systems of significant symbols - man's behavior would be virtually ungovernable, a mere chaos of pointless acts and exploding emotions, his experience virtually shapeless. Culture, the accumulated totality of such patterns, is not just an ornament of human existence but - the principal basis of its specificity - an essential condition for it".[4]

Kultuurpatrone, sisteme of simbole waaruit die kulturele stelsel bestaan, dien as uiterlike bronne van informasie.[5] Dit is immers deur kultuur=patrone, die menigte geordende betekenisvolle simbole, lewenspatrone, lewenstyle en verworwenhede[6] waardeur begrip van gebeure waarin die OB sy bestaan gevoer het, verkry kan word. Die studie van die kultuurbeeld van die OB, die somtotaal van die OB se kultuurpatrone, is dus 'n studie van die aktiwiteite van OB-mense om hulle plek in die kultuurveld van die Afrikaner te bepaal.[7]

---

1) J.J. Honingmann : Understanding culture, p.315.
2) R.L. Beals (etc.) : An introduction to Anthropology, pp.37, 44.
3) R.L. Beals (etc.) : An introduction to Anthropology, p.46.
4) C. Geertz : The interpretation of cultures, pp.44, 46.
5) C. Geertz : The interpretation of cultures, p.92.
6) C.N. Venter : Copernoomse wendinge in die Westerse kultuur, p.1.
7) C. Geertz : The interpretation of cultures, p.363.

ŉ Volgende faset van die kulturele stelsel is dat dit op twee wyses openbaar word. Soos ŉ ysberg is ŉ deel van die kulturele stelsel openbaar en vir almal om te sien. Dit is kultuurdade as sosiale gebeurtenisse, die aanwending van simboliese vorme, feeste, spele, seremonies en alle ander sigbare vorme van kultuur. Daarenteen is daar die verborge sy van die kulturele stelsel. Dit behels "the motives with which people act, the meanings their actions and artifacts possess for them, their conception of the world, and their ideas of man's place in the world. The covert side of culture includes ideals according to which people intend to shape their lives".[1)]

Dit was juis die vernietigende tweeslagtigheid in die aansyn van die kulturele stelsel wat die kultuurbeeld van die OB ingrypend sou beïnvloed.[2)]

Ten einde die kulturele stelsel in perspektief te sien, moet dit in die struktuur van die sosiale-aksie-sisteem geplaas word. Laasgenoemde bestaan uit drie onontbeerlike komponente, te wete die sosiale stelsel, die per=soonlikheidstelsel van die verskillende individue, en die kulturele stelsel.[3)] Hulle - die samelewing, die mens en die kulturele stelsel - funksioneer ten opsigte van mekaar op basis van ŉ bepaalde kragverhouding. Die samelewing en die kultuur dek mekaar nie volledig nie; die samelewing is grootliks ŉ selfregulerende meganisme, terwyl die kultuur deur sy stelsel normes en waardes toeken wat vir die mens opdragte inhou.[4)]

In die vorige vyf afdelings is gepoog om aan te toon dat die studie ŉ kultuurhistoriese ondersoek is,[5)] dat die begrip "kultuur" verklaar word deur die wyse waarop dit gebruik word,[6)] dat "kultuur" slegs in terme van sy draers se waardes en standaarde voortbestaan[7)] en dat "kultuur" uit ŉ sisteem van outonome dele bestaan.[8)]

---

1) J.J. Honingmann : Understanding culture, p.318; C. Geertz : The inter=pretation of cultures, p.91; C. Kadushin : Networks and circles in the production of culture (Peterson, R.A. (ed.) : The production of culture, pp.107-111) verwys ook na ander kultuurkringe soos byvoorbeeld "intellectual circles" en "movement circles" (p.111).

2) Kyk pp.31, 44.

3) C. Geertz : The interpretation of cultures, p.145.

4) G.C. de Haas : Cultuur en Cultuurbeleid, p.52.

5) Kyk p.2.

6) Kyk p.4.

7) Kyk p.6.

8) Kyk pp.6, 31, 44.

Die omskrywing van die kultuurbegrip dien as teoretiese uitgangspunt en verwysingsraamwerk waarin die kultuurbeeld van die OB beskryf en beoordeel gaan word.

## 2.6 Die kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag

In hierdie studie word gepoog om dié faset van die OB se geskiedenis te beskryf waarin die beweging as kultuurinstrument in die Afrikanergeledere werksaam was. Die *kultuurbeeld* wat uit die voorstellings na vore tree, is dus die somtotaal van die beweging se kultuurpatrone. Soos reeds gestel is kultuurpatrone programme, wat as grondslag 'n bloudruk waarop die kultu= rele werkverryking van die OB georganiseer is, voorsien. In die sin kan onder meer ideologiese, religieuse, filosofiese, wetenskaplike, estetiese, tradisionele en historiese kultuurpatrone in die OB se kultuurbeleid geïdentifiseer word.[1)]

Naas die feit dat die kultuurbeeld die somtotaal van *kultuurpatrone* in die OB is, impliseer dit ook *kulturele werk* en 'n *"kultuurbeleid"* om die kul= tuurpatrone ten uitvoer te bring.

Kulturele werk word soos volg deur De Haas[2)] gedefinieer: "Het cultureel werk draagt ertoe bij dat de mens deelneemt in de gebeurtenissen die zich in de sameleving voordoen, opdat hij er niet het slachtoffer van wordt; het draagt ertie bij dat de mens deelgenoot is van de instellingen die de maatschappelijke orde bepalen, opdat hij er niet een onderdeel van wordt; het cultureel werk draagt ertoe bij dat de mens drager is van de denkbeelden die voor de samenleving van belang zijn, opdat hij er niet aan onderworpen wordt".

Die drieledige definisie impliseer dat die mens deelneem aan gebeurtenisse wat 'n invloed op sy samelewing en kultuur uitoefen; dat hy lid van die instellings wat die maatskaplike orde in stand hou, is, en dat hy draer is van die denkbeelde waarin die waardes, norme en ideale van sy kultuurstelsel gestalte kry. Kulturele werk moet hom ten doel stel om die drieledige situasie te bevorder,[3)] maar met die handhawing van die volgende twee

---

1) C. Geertz : The interpretation of cultures, p.216, kyk p.31.

2) G.C. de Haas : Cultuur en Cultuurbeleid, p.32.

3) G.C. de Haas : Cultuur en Cultuurbeleid, p.33.

beginsels: Dit is dat daar in kulturele werk 'n onderskeid tussen beweegredes en bekwaamhede getref moet word. Indien die onderskeid nie gehandhaaf word nie, ontaard kulturele werk in moralistiese aktiwiteite of 'n stelsel van deskundigheidsbevordering sonder doel.[1)]

Dié opvatting sal later[2)] gebruik word om te help bepaal waarom die Afrikaners ná 'n sekere stadium in die OB se geskiedenis hulle nie met die kultuurbeleid van die beweging kon identifiseer nie.

Die vraag kan gevra word of kulturele werk 'n onderdeel van 'n algemene kultuurbeleid vorm.[3)] In die geval van die OB is daar nie van 'n breë kultuurbeleid gepraat nie. Tog het die beleidsformulerings wat van tyd tot tyd deur die Groot Raad[4)] uitgereik is, op 'n omvattende samelewings=herskeppingsideaal wat die OB wou verwesenlik, gedui. In dié opsig kan dit 'n breë kultuurbeleid genoem word, aangesien alle kultuurwerk na 'n sekere einddoel moes lei.[5)]

Ten einde die kultuurbeleid van die OB in perspektief te sien, moet daar ook 'n interne en eksterne onderskeiding gemaak word.

Eerstens het die OB as partylose "Volksfront"[6)] gepoog om die hele volks=lewe van die Afrikaner[7)] te omsluit. Dit het veroorsaak dat die OB in sy ontwikkelingsgang verskeie voorstellings gehad het. Die kultuurbeeld van die OB is dus net een faset van die "allesomvattende Volksbeweging"[8)] en dit moet saam met die ander sye/voorstellings/aktiwiteite (dit is ideologiese, politieke, aktivistiese) van die OB gelees word.

---

1) G.C. de Haas : Cultuur en Cultuurbeleid, p.33.

2) Kyk pp.103 e.v.

3) G.C. de Haas : Cultuur en Cultuurbeleid, p.7.

4) Die Groot Raad was die hoogste uitvoerende liggaam van die OB.

5) OB-brosjure : Die Ossewa-Brandwag : Vanwaar en waarheen, p.3; OB-brosjure : Iets oor die Ossewa-Brandwag, p.11; A.J.H. van der Walt : 'n Volk op trek, pp.126 e.v.; P. de Klerk : Die ideologie van die Ossewa-Brandwag, p.68.

6) OB-brosjure : Iets oor die Ossewa-Brandwag, p.133.

7) OB-brosjure : Die Ossewa-Brandwag : Vanwaar en waarheen, p.60.

8) OB-brosjure : Iets oor die Ossewa-Brandwag, p.11.

Tweedens is 'n eksterne onderskeiding nodig om die kultuurbeeld van die OB in nasionale verband te sien. In gekompliseerde multikulturele stelsels, soos in Suid-Afrika, is dit noodsaaklik om tussen 'n "nasionale kultuurbeeld" en subkulturele groepe of sosiokulturele segmente te onderskei.[1)]

Dit impliseer dat die Afrikaner 'n sosiokulturele segment van die "nasionale kultuurbeeld" van Suid-Afrika is.[2)] In 'n studie soos hierdie wat oor die Afrikaner handel, kan daar egter van 'n "nasionale kultuurbeeld" van die Afrikaner gepraat word en vorm die OB 'n subkulturele groep van die nasionale kultuur van die Afrikaner. Ander konsepte van die nasionale kultuur is onder meer, die nasionale kulturele karakter, institusionele gedrag en nasionale kultuurprestasies,[3)] wat alle segmente van die samelewing beïnvloed.[4)]

Hoewel die tweeledige onderskeid tussen nasionale en subgroepe getref kan word en elke segment afsonderlik behandel moet word, funksioneer die twee so interafhanklik dat nie een volkome verstaan kan word as dit nie met die ander in verband gebring word nie.[5)]

Die kultuurbeeld van die OB sal hopelik 'n verklaring vir die beweging se kulturele aktiwiteite tydens sy stromagtige bestaan bied.

## 3. OMSTANDIGHEDE IN DIE AFRIKANER SE KULTUUR WAT TOT DIE STIGTING VAN DIE OSSEWA-BRANDWAG GELEI HET

### 3.1 Inleiding

Wat was die OB? Wat was sy doel en funksie in die Afrikaanse kultuur=gemeenskap? Die rekonstruksie van die beweging se kulturele rol verg die huiweringswekkende taak om een van die mees bewoë tydperke[6)] in die geskiedenis van die Afrikaner te ontleed.

---

1) R.L. Beals (etc.) : An introduction to Anthropology, p.29; J.H. Steward : Theory of culture change, p.47.

2) G. Butler : The development of a South African national character (Forum, Vol. 10, no. 6, October 1961, p.9).

3) J.H. Steward : Theory of culture change, p.64.

4) J.H. Steward : Theory of culture change, p.70.

5) J.H. Steward : Theory of culture change, p.67.

6) Die Burger, 30:1:1957.

Aangesien die tydperk slegs as historiese bakermat vir die studie dien, is 'n ontleding daarvan nie nodig nie. Wat hier volg, is bloot 'n poging om die tydperk te verken en sy betekenis aan te toon, ten einde elke fase wat hieruit ontwikkel het as 'n onderdeel van dié groter geheel te sien. Die volgende vier faktore, wat ten nouste aan mekaar gekoppel is, is hier ter sprake: Eerstens was daar die opkomende nasionalisme van die Afrikaner.[1) ] Tweedens was die Voortrekkereeufees wat in 1938 ter herdenking van die Groot Trek plaasgevind het, as hoogtepunt ook 'n fase, 'n kultuurpatroon in die nasionale kultuur van die Afrikaner. Die fase was deel van 'n deurlopende tema in die ontwikkelende volksproses en afsonderlike volksroeping van die Afrikaner se nasionale beweging.[2)] Derdens het die talle "neweprodukte" wat die Eeufees opgelewer het, aanspraak op 'n plek in die Afrikaner se nasio= nale beweging gemaak. Sommige is deur enkulturasie in die groter nasionale geheel opgeneem, terwyl ander as onassimileerbare subeenhede onafhanklik voortbestaan en verdwyn het. Vierdens het gebeure in Europa die kulturele wederopstanding[3)] van die Afrikaner tot die uiterste beproef.

## 3.2 Die betekenis van die Voortrekkereeufeesjaar vir die Afrikanerkultuur

Sedert 1931 het die Sentrale Volksmonumentekomitee (SVK)[4)] onder patronaat= skap van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigingе (FAK) aan 'n ideaal gewerk om die Voortrekkers op 'n eerbare en waardige wyse te vereer. In 1938 moes die eeufeesviering van die Groot Trek en die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument te Pretoria plaasvind. 'n Subkomitee van die SVK, die Sentrale Eeufeeskomitee, was vir die eeufeesreëlings verantwoordelik.[5)] Die komitee het voorstelle van die publiek gevra vir iets wat die verbeelding van die kultuurlose volk in die feestyd sou aangryp. Die voorstel wat aanvaar is, was die simboliese ossewatrek wat deur mnr. H.J. Klopper geïnisieer en die Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging (ATKV) van die Suid-Afrikaanse

---

1) T.D. Moodie : The rise of Afrikanerdom. Power, Apartheid and the Afrikaner Civil Religion, pp.x, 146 e.v.

2) P.J. Meyer : Die Afrikaner, pp.23, 130.

3) N.G.S. van der Walt : Die Republikeinse strewe, p.167.

4) Vir die geskiedenis van die SVK, kyk O.J.O. Ferreira : Die Geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee en 'n Volk se Hulde.

5) Vir die verloop van die Voortrekkereeufees sien O.J.O. Ferreira : Die Geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee, pp.78 e.v.; T.D. Moodie : The Rise of Afrikanerdom, pp.175 e.v.

Spoorweë en Hawens (SAS en H) geloods is.[1)]

Die beskeie gedagte[2)] van slegs een wa vanaf Hartenbos na Pretoria het uiteindelik so ŉ groot belangstelling uitgelok dat twaalf waens op vyftien roetes[3)] getrek het. Na ŉ reis van bykans vier maande het agt waens in Pretoria en vier op Bloedrivier aangekom.[4)] Die emosionele impuls van die Ossewatrek vir die Afrikanerkultuur is treffend deur *Die Burger* beskryf: "Vier maande het die simboliese ossewatrek oor die verlate vlaktes oor Suid-Afrika voortbeweeg. En met hulle het daar ŉ stygende vloedgolf en geesdrif en besieling en volksontwaking op ongehoorde, onkeerbare wyse (...) noordwaarts gerol. Die tog van die waens het meer as ŉ triomftog geword. Die ossewa op trek - daarin het die Afrikaner die sinnebeeld gesien van sy volk se trek op die pad van Suid-Afrika".[5)]

As die simboliese ossewatrek ŉ besielende beweging was, dan was die uit= werking daarvan dié van ŉ kultureel besielde volk op weg,[6)] wat vervolgens ook die verdeelde politiek van die Afrikaner sou beïnvloed.[7)] Voordat die kultureel verenigde Afrikanerdom op 16 Desember 1938 te Pretoria en Bloed= rivier "En hoor jy die magtige dreuning" kon aanhef, moes daar eers op politieke vlak vrede gesluit word. Die standaard van die politieke gedrag, met sy verdagmakery en onderlinge verdeeldheid, het in 1938 sy laagste vlak sedert 1910 bereik.[8)] Koalisie en samesmelting het politieke skeldwoorde soos "smelter" en "gesuiwerde" geskep, in twee onversoenbare kampe van Hertzogiete en Malaniete,[9)] wat telkens gedreig het om die hele eeufees te verongeluk. Die ideaal van Afrikanereenheid is tydelik in die politieke

---

1) Vir die Ossewatrek kyk O.J.O. Ferreira : Die Geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee, pp.78 e.v.; D.J.J. Mostert : Gedenkboek van die Ossewaens op die Pad van Suid-Afrika, pp.38 e.v., 96 e.v.

2) D. Mostert : Die Eeufeesjaar (Inwyding van die Voortrekkermonument, Amptelike program en Gedenkboek, p.57).

3) O.J.O. Ferreira : Die Geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee, p.83.

4) E.G. Jansen : Die Eeufeesviering en hoeksteenlegging (Die Voorgrekkermonu= ment. Amptelike Gids, p.64).

5) D. Mostert : Die Eeufeesjaar (Inwyding van die Voortrekkermonument. Amptelike program en Gedenkboek, p.57).

6) N.G.S. van der Walt : Die Republikeinse strewe, pp.169 e.v.

7) D.W. Krüger : The making of a Nation, pp.188, 192.

8) D.W. Krüger : The making of a Nation, pp.186 e.v.; J.A. Coetzee : Nasie= skap en Politieke Groepering, pp.295 e.v.; H. Giliomee : Die Ontwikkeling van Selfkonsepsies by die Afrikaner (Van der Merwe, H.W. (Samesteller) : Identiteit en Verandering, pp.40, 41).

9) Die Vaderland, 25:11:1938; Die Volksblad, 25:11:1938; Die Transvaler, 28:11:1938; The Daily Tribune, 29:11:1938.

wapenstilstand op die vooraand van die eeufeesviering, tussen genl. Hertzog en dr. Malan verwesenlik. Dit is volgens adv. E.G. Jansen in die gees van die eeufeesvierings voltrek: "The message of the ox wagon trek and of the Centenary celebrations is one of peace, co-operation and goodwill, and a reminder that we must return to the God of our fathers and to the sterling qualities which they displayed in times both of adversity and of prosperity. An atmosphere has been created which can only be of the utmost benefit to South Africa".[1)]

Oor die beskrywing van die gebeure rondom die eeufeesvierings bestaan daar hoofsaaklik 'n Afrikaanse en Engels-georiënteerde weergawe. Daarbe= newens kan die vertolking van die dramatiese gebeure breedweg in drie groepe verdeel word. Die meeste bronne uit Afrikanergeledere koppel die onverwagte volksontwaking aan die beskeie gedagte wat die Ossewatrek ontlont het en die grootse wyse waarop die eeufees in die twee hoofsentra gevier is. Enkele Afrikaanse skrywers verklaar met groter waagmoed dat die gebeure deel van 'n groter deelplan vorm, wat deur Afrikaner-elite uitgewerk is, ter bevordering van Afrikaner nasionalisme. "Anti-Afrikaner"-bronne of werke met 'n kritiese inslag oor die Afrikaner se kulturele ontplooiing praat van 'n grootse, doelbewuste, geniale set van die Afrikaner Broederbond. Volgens dié siening was die eeufeesvierings as geniale set 'n doelbewuste aksie, en deel van dié beweging se meesterplan vir die opkoms van Afrikaner-nasionalisme.[2)]

---

1) The Cape Times, 9:12:1938; The Rand Daily Mail, 9:12:1938.

2) Die drieledige indeling verg 'n verduideliking. Dit sal 'n vergelykende studie verg om die onderskeid histories te verantwoord. Daar kan immers nie 'n volledige beeld van die ontwikkelende selfkonsepsie van die Afrikaner verkry word sonder 'n volledige weergawe van al die faktore wat 'n invloed op die onderwerp gehad het nie. Dit is moeilik om sonder 'n deeglike studie die hoofverteenwoordigers by elk van die drie groepe te identifiseer. Wat die identifikasie verder bemoeilik, is dat sommige skrywers, soos Roberts en Trollip (p.3), verklaar dat hulle doelbewus sekere faktore verswyg. Hier volg slegs 'n paar werke waaruit die onderskeid afgelei kan word: J.A. Coetzee : Nasieskap en Politieke Groepering, p.295; D.W. Krüger : The Making of a Nation, pp.189-192; O.J.O. Ferreira : Die Geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee, pp.111 e.v.; N.G.S. van der Walt : Die Republikeinse Strewe, pp.167 e.v.; S.W. Pienaar en J.J.J. Scholtz : Glo in u Volk. Dr. D.F. Malan as Redenaar, pp.120,130; W.A. de Klerk : Die Toekoms van Afrikaans en die Afrikaner : Besinning en Vernuwing (Van der Merwe, H.W. : Identiteit en Verandering, pp.115,124); H. Giliomee : Die ontwikkeling van selfkonsepsies by die Afrikaner (Van der Merwe, H.W. (Samesteller) : Identiteit en Verandering, p.40); T.D. Moodie : The rise of Afrikanerdom, pp.x,177,180; W.H. Vatcher (Jr.) : White Laager, p.81; Wilkins, I; Strydom, H. : The Super-Afrikaners, pp.97 e.v.; Serfontein, J.H.P. : Brotherhood of Power, p.42; A.N. Pelzer : Die Afrikaner-Broederbond, Eerste 50 Jaar, pp.173 e.v.

Die uiteenlopende vertolkings ten spyt, bly die kulturele feesgety van Desember 1938 een van die grootste gebeurtenisse in die Afrikaner se volkslewe. Dié betekenis van die Eeufees lê in sy waarde as katalisator in die Afrikaanse volksproses. In die opsig kan gesê word dat die syn van die Afrikaner teen 1938 uit 'n ondeelbare drie-eenheid bestaan het. Die aanvoorwerk vir 'n *eksklusiewe nasionalisme*[1] was voor 1938 alreeds in volle gang.

Hierdie ontwikkeling het op die spoor van die *kulturele ontwaking* wat deur die Eeufees bewerkstellig is, gevolg. Dit het op sy beurt 'n suigkrag in die Afrikanergeledere veroorsaak,[2] om bymekaar te bring wat deur innerlike oortuiging bymekaar hoort. Die somtotaal van dié ontwikkeling was die Afrikaner se *nasionale beweging*.[3] Prof. G. Cronjé het dit beskryf as "die totale, omvattende volksaksie van die Afrikaner om homself as nasie te laat geld, om ooreenkomstig eie volksaard te lewe en te ontwikkel, om toestande of verskynsels wat sy selfverwesenliking as nasie bedreig of in die wiele ry, die hoof te bied, en om op elke gebied van die lewe - maatskaplik, godsdienstig, kultureel, wetenskaplik, opvoedkundig, ekonomies, polities - volwaardig te wees, as gelykwaardige sy plek naas ander in te neem en op gelyke voet met ander 'n rol te speel en sy bydrae te lewer".[4] Die doel van die Afrikaner se nasionale beweging na 1938 was "veel meer as net 'n politieke beweging - dit is die aaneenlopende aksie op elke terrein van die volkslewe; aksie aan alle fronte".[5] Volgens P.J. Meyer was die vereiste van die waagdaad, "die organiese inbedding van die Afrikaanse kultuurproses na sy volledige inhoud in die volksproses as ongeskeie gemeenskaps-kultuurbeskawingsproses, in die volksproses as ongeskeie geloofsproses".[6]

---

1) T.D. Moodie : The rise of Afrikanerdom, pp.x, 146 e.v.; H. Giliomee : Die ontwikkeling van selfkonsepsie by die Afrikaner (Van der Merwe, H.W. (Samesteller) : Identiteit en Verandering, pp.39 e.v.).

2) N.G.S. van der Walt : Die Republikeinse strewe, p.165.

3) G. Cronjé : ; Sosiologiese beskouing oor die Westerse kultuurproblematiek in Suid-Afrika (Hertzog-Annale van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, Jg. 12, nr. 16, Desember 1963, pp.31 e.v.); N.G.S. van der Walt : Die Republikeinse strewe, pp.173 e.v.

4) A.P. Treurnicht : Credo van 'n Afrikaner, pp.38, 39.

5) G. Cronjé : 'n Sosiologiese beskouing oor die Westerse kultuurproblematiek in Suid-Afrika (Hertzog-Annale van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, Jg. 12, nr. 16, Desember 1963, p.32).

6) P.J. Meyer : Die Afrikaner, p.132.

Die funksie van die nasionale beweging het "'n stryd ingehou téén iets, maar by uitnemendheid 'n stryd beteken óm iets; dit was inderdaad 'n strewe téén iets, maar veral 'n strewe ná iets; dit was wel 'n aksie téén iets, maar by uitstek 'n aksie vir iets".[1] Die betekenis van die nasionale beweging as omvattende volksaksie is op alle terreine van die volkslewe merkbaar.[2] Dit het op die mondigheid van die Afrikanervolk as kultuur= gemeenskap uitgeloop, en hierin is die beweging se algemene kulturele betekenis geleë. Hoe sterker en doelbewuster die volksgemeenskap opgetree het, hoe lewenskragtiger was sy kultuurlewe en hoe groter sy kultuurpres= tasies.[3]

### 3.3 Die kiemgedagte van die Ossewa-Brandwag

Die kiemgedagte van die OB lê nie in die eeufeesjaar nie maar in pogings om die Unie se verdedigingsmag te verafrikaniseer. Pogings om die verde= digingsmag ook deel van die Afrikanerdom te maak het sedert 1935 'n beweging onder Vrystaatse Afrikaanssprekendes in militêre kringe op dreef gebring. Die pogings kan as een van die direkte oorsake van die stigting van die OB genoem word. Die groeiende gedagte het in drie fases ontwikkel.

Eerstens het daar by baie Afrikaners die gevoel bestaan dat die verdedigings= mag 'n "Engelse affêre"[4] is. Die stigting van plattelandse regimente het vir baie Afrikaners in militêre kringe die moontlikheid ingehou om die verdedigingsmag deel van die Afrikanerdom te maak.[5] Dr. J.F.J. van Rensburg was 'n kolonel in die Aktiewe Burgermag en die 6de Brigade (O.V.S.) se bevelvoerder. Die Brigade het uit die Regimente De Wet, Louw Wepener

---

1) G. Cronjé : 'n Sosiologiese beskouing oor die Westerse kultuurproblematiek in Suid-Afrika (Hertzog-Annale van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, Jg. 12, nr. 16, Desember 1963, p.32).

2) Vergelyk O.J.O. Ferreira : Die geskiedenis van die Sentrale Volksmonumente= komitee, pp.111-126. Ferreira beskryf sewe uitingsvorme van die nasionale beweging, te wete polities, kultureel, ekonomies, maatskaplik, sedelik, godsdienstig, internasionaal en die betekenis vir die ander bevolkingsgroepe.

3) G. Cronjé : 'n Sosiologiese beskouing oor die Westerse kultuurproblematiek in Suid-Afrika (Hertzog-Annale van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, Jg. 12, nr. 16, Desember 1963, p.32).

4) OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 1, Lêer 1 : Brief J.F.J. van Rensburg aan maj. J. Hollebrands, 9:3:1935.

5) OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 1, Lêer 1 : Brief J.F.J. van Rensburg aan maj. J. Hollebrands, 9:3:1935.

en Steyn bestaan. Kol. J.C.C. Laas was Regiment De la Rey se bevel=voerder.[1] Dr. Van Rensburg het op bedekte wyse baie gedoen om die rol van die Afrikaner in die verdedigingsmag te vergroot.[2]

Kol. Laas se entoesiasme en liefde vir organisering[3] was daarop gemik om Regiment De la Rey op te bou as een van die beste regimente in die verdedigingsmag.[4] Die patriotiese kol. Laas wou minister Oswald Pirow[5] wat die verdedigingsmag met 'n sekere doel wou uitbou, nie teleurstel nie, soos uit sy opmerking blyk: "Min. Pirow vertrou op ons vandag en so waar as ek leef sal ek by hom staan om verdediging op te bou, laat dit kos wat dit ook wil. By min. Pirow wat die volk 'n nasie wil sien by hom sal ons moet staan. Nasiebou is Verdediging die eerste wat aangepak moet word".[6] Die belydenis van Laas het nie ongemerk verby gegaan nie, want dr. Van Rensburg verklaar dat hy "voel dat ons almal hier aan 'n volksaak werk en dat ons mekaar en die saak sover moontlik moet ondersteun".[7]

Dr. Van Rensburg was daarvan oortuig dat min faktore meer bevorderlik vir die opbou en voortbestaan van die volk is, as die waardering vir die deugde van die soldaat. Vir hom het die redding van die volk in volksdissi=pline en massadissipline gelê, wat alleen deur militêre dissipline bewerk=stellig kon word. Die Aktiewe Burgermag het die gedissiplineerde kern van die volk gevorm, omdat dit twee rigtings in die volk verteenwoordig het - die soldaat en die landsburger: "Soldaat genoeg om dissipline en georgani=seerde optrede te verstaan en te besit - en tegelykertyd burger genoeg om op die siviele mentaliteit invloed te kan uitoefen in die aldagse lewe".[8]

---

1) H. van Rensburg : Their paths crossed mine, p.156; OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 1, Lêer 1 : Brief J.F.J. van Rensburg aan Laas, 5:5:1936.

2) OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 1, Lêer 1 : Brief J.F.J. v.R. aan maj. J. Hollebrands, 9:3:1935; Brief Johan aan J.F.J. v.R., 28:3:1935; Brief J.F.J. v.R. aan Laas, 11:11:1935; Brief Laas aan J.F.J. v.R., 5:12:1935; Brief Mentz aan J.F.J. v.R., 14:5:1936.

3) H. van Rensburg : Their paths crossed mine, p.156.

4) OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 1, Lêer 1 : Brief Laas aan J.F.J. v.R., 5:12:1935.

5) Pirow was Minister van Spoorweë, Hawens en Verdediging in Hertzog se derde kabinet wat op 30 Maart 1933 saamgestel is (S.E.S.A., dl. 2, p.645).

6) OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 1, Lêer 1 : Brief Laas aan J.F.J. v.R., 5:12:1935.

7) O.B.-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 1, Lêer 1 : Brief J.F.J. v.R. aan Laas, 5:5:1935.

8) OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 4, Lêer 33 : Toespraak van J.F.J. v.R. te Regiment Steyn, Tempe, 22:2:1937.

Ten spyte van groot opoffering en geesdrif het daar in plattelandse eenhede die gevoel ontstaan dat hulle oorbodig is. Dié gevoel en die feit dat hulle te min oor verdediging te wete gekom het, het hulle geesdrif opmerklik laat verflou.[1] Dit het die gevoel laat posvat dat dit moeilik is om, in die Engels-georiënteerde verdedigingsmag, 'n Afrikaner te wees.[2]

In die tweede plek is die laagtepunt in die verafrikanisering van die verdedigingsmag vir kol. Laas in 'n geleentheid omskep, 'n geleentheid om die "volksbou"-ywer wat by hom aangewakker is en sy ongedefinieerde "militêre ideologie" verder te ontwikkel en uit te bou. Hy is in 1937 as die Vrystaatse organiserende stafoffisier vir Verdediging-Skietverenigings (VSV) aangestel.[3] Volgens dr. Van Rensburg was kol. Laas in vele opsigte die regte persoon vir die taak. Hy was "active, bustling and anything but backward in coming forward. He was happiest when tearing about in a motorcar and flinging sparks about in otherwise somewhat somnolent ranks; after rather lacking in a sense of responsibility, and never addicted to a faint but unmistakable air of secrecy in all his acts, whether of omission or commission".[4]

Aangesien dr. Van Rensburg as Administrateur en Brigade-bevelvoerder mee=gewerk het om die VSV's lewenskragtig te maak, het hy gereeld die wel en weë van die kommando's met kol. Laas bespreek. Dr. Van Rensburg se idee was dat kol. Laas op die ywerige lede van die VSV's moet konsentreer sodat hulle kerngroepe in elke kommando kon vorm. Die wenk aan kol. Laas het op die volgende neergekom: "Train them, pet them if necessary, as 'special sections', which were better than the rabble and which should be encouraged to undergo special training at the military training college. That was the way he should tackle the task. I have every reason to believe that, whether I means it that way or not, these 'special sections' or 'hard cores' were the genesis of the Ossewa-Brandwag - to be in the active (and very often fertile) imagination of Colonel Laas".[5]

---

1) OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 1, Lêer 1 : Brief van Noorvalen aan J.F.J. v.R., 28:10:1936.

2) OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 1, Lêer 3 : Brief kol. Laas aan J.F.J. v.R., 10:2:1937.

3) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.9.

4) H. van Rensburg : Their paths crossed mine, p.156.

5) H. van Rensburg : Their paths crossed mine, p.157.

Wat het Pirow met die aanstelling van 'n organiserende stafoffisier in gedagte gehad? Enersyds het hy hiermee die aktiewe herlewing van die kommando's in die Burgermag ten doel gehad,[1] en andersyds die hoop gekoester dat die poging dieselfde dissiplineringsukses sou behaal as die Spesiale Diensbataljons, wat op basis van Hitler se jeugkampe gefunksioneer het.[2]

Kol. Laas het begin om militêre braaivleisdae te organiseer waar mili= têre demonstrasies, optredes van militêre orkeste, toesprake en braaivleis aan die orde was.[3] Hierdie beskeie gedagte het die enkulturasie van die militêre aspek in die Afrikanerkultuur ingelui. Hoewel dr. Van Rensburg verklaar het dat hy kol. Laas se ondernemingsgees gedurig in toom moes hou,[4] het die kolonel met geesdrif gepraat van die kommandodae as 'n aksie om die Afrikaner se nasieliefde, nasietrots en nasiebou te bevorder. Samewerking met die nodige dissipline en sonder party politieke grense word volgens die kolonel maklik op militêre gebied bewerkstellig. Dit is vir hom ook die waarde van die luisterryke byeenkomste. Dit leer die Afrikaner om saam te werk en so in 'n nasie te ontwikkel.[5]

Sowat agt maande later kon dr. Van Rensburg as Administrateur verklaar dat die kommandodae wat op klein skaal op Winburg deur kol. Laas begin is, die verbeelding van die Vrystaters so aangegryp het, dat dit 'n belangrike faktor tot volkseenheid in die provinsie geword het. Die byeenkomste het immers die polities-verdeelde Vrystaters voor en na die algemene verkiesing op basis van toegeneentheid en samewerking verenig.[6]

Op Frankfort se kommandodag en wapenskou het dr. Van Rensburg die kultu= rele waarde van die byeenkomste verduidelik. Omdat die Arikaner in meer as een opsig 'n soldatevolk[7] is, vorm die kommandostelsel 'n onvervreembare deel van die Boerekultuur wat in die hart van die volk gewortel is. Die Vry= staatse poging was daarop gerig om dié roemryke maar verwaarloosde aspek

---

1) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.10.

2) O. Pirow : James Barry Munnik Hertzog, P.219.

3) Die Volksblad, 22:9:1937.

4) OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 1, Lêer 3 : Brief J.F.J. v.R. aan Pirow, 2:9:1939.

5) Die Volksblad, 22:9:1937.

6) Die Volksblad, 25:5:1938; The Friend, 25:5:1938.

7) Vergelyk ook G.D. Scholtz : Die Ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, dl. 1, p.156.

van die Afrikaner se kultuur weer uit te bou. Sy pleidooi was bedoel om deur middel van die kommando 'n wapenbroederskap byeen te bring wat as brug moet dien om alle Afrikaners, ongeag partyverskille, nader aan mekaar te bring en hegter aan mekaar te bind.[1]

Kol. Laas was op sy manier goed bewus van die politieke gevolge van sy inisiatiewe. Sy gebelgdheid word duidelik in sy volgende woorde weerspieël: "Dit lyk vir my asof die Geleerde Wêreld wakker geskud is. Ek hoor hulle sê Frankfort het gewys dat die volk na Hereniging soek. Ek weet dit maar te goed. Maar dit moet goed verstaan word dat ek nie vir hulle uitgespring het nie. Die mense wat sal praat met die Afrikaner nasie is O. Priow en dr. J.F.J. van Rensburg, en nie mense wat al die tyd stil gesit het nie. Nee dit sal verkeerd gaan as hulle nou wil uitspring ... Ek verstaan hulle wil op die feeste 'n begin maak met hul hereniging toesprake".[2] 'n Paar maande later verklaar Laas weer aan sy vertroueling en raadgewer, dr. Van Rensburg, dat hy 'n nuwe nasie voor sy geestesoog sien. "Daar gaan eenheid kom as ons so kan aanhou ... Alles wat Afrikaner is moet nou inspring. Elke kommando moet 'n Erewag hê al bars dit ook al. Nou sal ek 'n begin maak met toesprake".[3]

'n Maand later het die Vrystaatse Administrateur dié gedagte op Fauresmith se kommandodag gepropageer. Hy het weer eens na die eerste braaivleis=geleentheid en skyfskiet verwys wat kol. Laas op Winburg gereël het, wat sedertdien die kommandostelsel se nasiebouende krag laat ontwikkel het. In die eeufeesjaar het die klein gedagte van kol. Laas 'n nuwe betekenis gekry. Die Ossewatrek van die ATKV het die geleentheid gebied om die geënkultureerde kommandostelsel aan die Eeufees te verbind. Die Vrystaters wou die gedagte van die ossewaens met die kommando aanvul tot die volle simboliek van die Groot Trek. Dr. Van Rensburg het verklaar dat die Voor=trekkerwa en Voortrekkerkommando 'n eenheid was. "Die eenheid van wa en kommando het die naam gekry van die Groot Trek. Sonder daardie bewapende kommando's sou die wa nie by die eerste kafferstam verby gekom het nie. Die waens was vir die vrouens en die kinders. Die mans het jy

1) OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 4, Lêer 35 : Toespraak, Frankfort Kommandodag, 4:5:1938.

2) OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 1, Lêer 5 : Brief Laas aan J.F.J. v.R., 19:5:1938.

3) OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 1, Lêer 5 : Brief Laas aan J.F.J. v.R., 2:8:1938.

gevind in die kommando's.[1] Kol. Laas se bydrae tot die Eeufees was deur kommando-erewagte te vorm wat die waens van die ossewatrek moes vergesel. Dr. Van Rensburg het die idee soos volg aan sy bogenoemde standpunt verbind: "Laat ons die bewaking gee vir daardie wa. Die weerbare perde kommando's. Nie net perderuiters as geselskap nie maar gewapende manne te perd wat in gedissiplineerde geledere die ossewa buite hul dorpe of omgewing afwag en begroet en dan vergesel tot die volgende kommando hul aflos".[2] In die gees van die Eeufees het dr. Van Rensburg soos baie ander sprekers gevra dat die "Godgegewe brug" wat die feesvierings tussen Afrikaner en Afrikaner gestel het, nie afgebreek moet word nie. "Laat ons tussen nou en die 17de Desember alles vergeet behalwe ons gemeenskaplike Afrikanerdom".[3]

Intussen het die kol. Laas se nie-amptelike kommando-erewag-idee as gevolg van obstruksie van leidende militêre personeel ŉ teleurstellende einde gehad.[4] Hoewel hy alreeds op 25 Maart 1938 by die Heilbronse kommando ŉ erewag gestig het,[5] het die Hoofkommandant van die Verdedigingshoof=kwartier af dié kommando voor stok gekry. Die stigting van erewagte is verbied, omdat dit sonder die magtiging van die hoë offisier plaasgevind het.[6]

Die nie-amptelike strewe van kol. Laas het deur die bemiddeling en aan=moediging van dr. Van Rensburg in Oktober 1938 ŉ nuwe ontwikkelingsfase betree. Dr. Van Rensburg is deur die Uitvoerende Komitee van die Bloem=fonteinse Eeufeeskomitee versoek om ŉ perdekommando wat die waens van die Ossewatrek moes begelei,[7] te organiseer. Dr. Van Rensburg het die taak met behulp van kol. Laas en die VSV's van Bloemfontein en omgewing aange=

---

1) OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 4, Lêer 35 : Toespraak, Kommandodag, Fauresmith, 7:9:1938.

2) OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 4, Lêer 35 : Toespraak, Kommandodag, Fauresmith, 7:9:1938.

3) OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 4, Lêer 35 : Toespraak, Kommandodag, Fauresmith, 7:9:1938.

4) OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 1, Lêer 5 : Brief J.F.J. v.R. aan Esterhuyse, 12.11.1938.

5) OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 1, Lêer 5 : Brief Esterhuyse aan Hoofkommandant (VHK), 24:9:1938.

6) OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 1, Lêer 5 : Brief Hoof=kommandant aan komdt. Heilbron Kommando, 28:9:1938.

7) H. van Rensburg : Their paths crossed mine, p.157; F.J. van Heerden : Nasionaal-Sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1933-1948, p.113.

pak.[1] Hulle het gehoop om 'n perdekommando van ongeveer 600 ruiters byeen te bring. Op 7 Oktober, met die ontvangs van die waens, het slegs ongeveer 150 man hulle aangemeld. Hierdie vertoning van gebrek aan dissipline en samewerking het dr. Van Rensburg teleurgestel. Hy het 'n vorige wenk aan kol. Laas, die organiseerder van die perdekommando, herhaal om kerngroepies op wie gereken kon word in elke kommando, te organiseer. Volgens dr. Van Rensburg was kol. Laas se reaksie soos volg: "He looked at me quizzically, winked mysteriously with the left eye and whispered, rather than said: 'That's all right, Colonel, I've got them already. I call them my Brandwagte (Pickets)'".[2]

Dr. Van Rensburg se gevoel oor kol. Laas se Brandwagte was soos volg: "Well, I had a fairly shrewd knowledge of Laas's little habits so I felt that here was more than met the eye. I wanted to know how these 'pickets' were organized and how they fitted into the D.R.A. organization of the Defence Force". Hierop het kol. Laas hom soos volg geantwoord: "This fitting in is entirely incidental ... In some cases they fit and in others they don't - because the other Johnnies are misfits anyway".

"As I go about on organizational duties, I keep my eyes and ears open, and so I recruit them. They take their orders from me. I really want them for festive and national occasions, like this one here today - where we have seen let down so badly. That won't happen again, I'll swear. In future processions, Boer celebrations and suchlike affairs I shall have cores of well-drilled and enthusiastic men in every district. I've lost interest in these lazy barbecue elements. Give me small groups of pickets, round which the others can rally, if they like - or stay off, if they don't".

"In course of time they will have their own distinctive uniform and, generally, they will revive the old military spirit of the Boer - irre= spective of what Government may be in power".[3]

---

1) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.10; C.R. Kotzé : Die Ossewa-Brandwag. Sy Ontstaan, Ontwikkeling en Botsing, p.3.

2) H. van Rensburg : Their paths crossed mine, p.157; Kol. Laas het hierdie brandwagte ten tye van die algemene verkiesing van 1938 op Theunissen gestig. Vergelyk O.J.O. Ferreira : Die Geskiedenis van die Sentrale Volksmonumentekomitee, p.114; OB-argief, Onderhoud : prof. J.H. Coetzee, Band 76, 77.

3) H. van Rensburg : Their paths crossed mine, p.158.

Dr. Van Rensburg het die gedagte van kol. Laas om sulke puik eenhede oral op die been te bring met die doel om militêre tug in die Afrikanerdom te bring en om die waens van die Ossewatrek te begelei, goed gevind. Hy het egter besef dat die Brandwag-idee van kol. Laas nie so losgeskakel en in die lug kon hang nie.[1]

Dr. Van Rensburg het kol. Laas ook gemaan om versigtig te wees, omdat die gedagte as 'n beoogde coup d'etat beskou kon word. Ten einde agterdog en teenkanting van die regering te voorkom het hy voorgestel dat kol. Laas die gedagte van hom aan die feestelikhede van die Eeufees moes verbind. Hy moes sy kerngroepies Ossewa-Brandwagte noem. Dr. Van Rensburg het sy historiese gesprek met kol. Laas, oor sy Brandwagte soos volg afgesluit: "At that moment the O.B. was, so to speak, brought to the baptismal font. Colonel J.C. Laas was the proud and indulgent father, and I was playing the godfather".[2]

Die vraag ontstaan wat kol. Laas eintlik met die Brandwagte van hom beoog het. Kol. Laas se Brandwagte wat hy tydens die 1938-verkiesing gestig het, was plaaslik georganiseer en bedoel om as gebiedsgebonde erewagte die waens van die Ossewatrek te beskerm. Die uitbreek van die oorlog het die take van die Brandwagte ook verbreed. Die partypolitiek het volgens kol. Laas die Afrikanerdom verdeel en daarom het hy teen hulle "oorlog verklaar". Sy erewagte van uitgesoekte jongmanne wat waens moes beskerm, kon as 'n "volksleër" gebruik word indien die stryd in Suid-Afrika weer tot geweld sou oorgaan. Sy sterk "militêre" persoonlikheid het die jongmanne met die gedagte van hom meegesleur.[3]

Sedert die eerste dae van die Brandwagte was daar dus alreeds 'n aktivistiese element teenwoordig. Die teenwoordigheid van Brandwagte by die waens was volgens Van Heerden[4] noodsaaklik, omdat daar gevrees is dat vyandiggesindes die waens in Bloemfontein tydens die feesvierings kon beskadig.[5]

1) Ossewa-Brandwag Jaarboek, 1949, p.7.

2) H. van Rensburg : Their paths crossed mine, p.158.

3) OB-argief, Onderhoude : Prof. J.H. Coetzee, Band 76, 77; Prof. W.J. van Rensburg, Band 99, 100.

4) F.J. van Heerden : Nasionaal-Sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1933-1948, pp.120, 121.

5) Volgens Kommandant-Generaal Van Rensburg het die Afrikaners wel brandwag gestaan by die waens. OB-argief, (KG)-stukke, Toesprake : Toespraak, Steleenbosch, 17:9:1941; vergelyk ook OB-argief, Onderhoud : Prof. W.J. van Rensburg, Band 99, 100. Hy was een van die persone wat met pikstele brandwag gestaan het.

Die vraag ontstaan of die militêr georiënteerde kol. Laas en sy "kulturele" medestigters van die OB hulle, uiteraard uiteenlopende sienswyses, tydens die stigting van die beweging gekoördineer het? Volgens Van Heerden het die te stigte OB, vanaf sy ontstaan, 'n tweeledige funksie gehad, naamlik die bogenoemde beskermingsfunksie en 'n bestendigheidfunksie ten opsigte van die gees en idealisme van die Eeufees.[1] Hierdie dualisme was onmisken= baar in die OB aanwesig. Die een "groep" was ingestel om van die OB 'n kultuurbeweging te maak, terwyl die ander "groep" meer militant en akti= visties in die verwesenliking van die ideale van die republikeinse Afrikaner opgetree het. Tot watter groep kol. Laas homself gevoel het, bly steeds deel van sy geheimsinnigheid, omdat hy tekens van beide groepe geopenbaar het. As twee uiteenlopende benaderingswyses was albei groepe vir 'n "beeld" wat die OB na buite vertoon het, verantwoordelik. Tot die einde van 1940 was die kulturele bestendigers se beeld die sterkste, waarná die "aktiviste" die oorhand gekry het en die "kultuurbeeld" van die OB getaan het.

Die militêre aktiwiteite het ook bygedra tot die algemene kulturele ont= waking in die Vrystaat. Dit kan ook as deel van die Afrikaner se nasionale beweging gesien word, want net soos met die nasionale beweging was die idee van 'n groter samebindende organisasie dus al voor die Eeufees in die Vry= staat aanwesig. Die stimulus en impuls tot optrede het egter nog ontbreek. Dīt is deur die Eeufees voorsien.

Die Ossewatrek en Eeufees het op skouspelagtige wyse getoon dat daar meer besieling in 'n poging lê wat op daadwerklike wyse die volkseie aan die volk bring. Die trefkrag van die Eeufees het juis daarin gelê dat daar nie net oor geestesgoedere gepraat is nie, maar dat die hele volk daad= werklik aan sy kultuurgoedere kon deelneem. Dit het tot 'n nuwe kultuur= patroon ontwikkel en die behoefte aan 'n organisasie wat die volksverlede op so 'n wyse aan die Afrikaner kon bring, is allerweë aangevoel.[2]

### 3.4 Die stigting van die Ossewa-Brandwag

Die behoefte aan 'n volksorganisasie en die feit dat die gees van die feesgety bestendig moes word, is ook deur dr. Van Rensburg bepleit.

---

1) F.J. van Heerden : Nasionaal-Sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1933-1948, pp.120, 121.

2) OB-argief, Groot Raad (GR)-stukke, Korrespondensie : Geskiedkundige oor= sig van die OB (opgestel deur N.G.S. van der Walt, Februarie, 1940).

Teen hierdie tyd het twee oorheersende gedagtes of nasionale versugtinge die Afrikanerdom beetgepak. Dit was volkseenheid en 'n Christelike Nasionale Republiek as tuiste vir die gekonsolideerde Afrikanerdom. Indien die versugting onbeantwoord gebly het, sou die Afrikaner vir geen wekroep en nasionale taak meer vatbaar gewees het nie.[1)]

'n Paar Bloemfonteinse kultuurmanne het hierdie versugting in Afrikaner= geledere in 'n daad omskep.[2)] Hulle het die Ossewa-Brandwag gestig. In Bloemfontein is daar by twee geleenthede, gedurende Oktober, waens van die simboliese Ossewatrek op hul noordwaartse tog verwelkom.[3)] By geleentheid van die aankoms van die eerste waens het prof. Van der Merwe Scholtz en kol. Laas 'n gesprek gehad oor die wenslikheid om alle Afrikaners in een magtige beweging saam te snoer, wat die gees van die Eeufees in diens van die Voortrekkerideale sou bestendig.[4)] By geleentheid van die aankoms van die tweede groep waens op 21 Oktober is die gesprek by die Vrouemonument voortgesit. Kol. Laas, di. C.R. Kotzé, D.G. van der Merwe en mnr. J.A. Schlebusch het die geesdrif en eenstemmigheid van die feesgangers gadege= slaan. Ds. Kotzé het die wens uitgespreek dat iets gedoen moet word om dié gees te bestendig, waarop kol. Laas die drie here van die Ossewa-Brandwagidee ingelig het. Die trefkrag van die idee het by die manne byval gevind en dit is met verskeie ander persone in Bloemfontein bespreek.[5)] As gevolg van die gesprekke, en diep onder die indruk van die volksontwaking, kom die volgende vyftien Bloemfonteiners, nog voordat die Ossewatrek sy hoogtepunt bereik het, in die eerste week van November byeen:[6)] Proff. D.F. Malherbe, H. van der Merwe Scholtz, J. de W. Keyter, J.G.A. Arndt en J.G. Dekker; drr. J.C. Pretorius en J. Stegman, di. P.J. Pienaar, D.G. van der Merwe en C.R. Kotzé; kol. J.C.C. Laas en mnre. S.J. Naude, J.A. Schlebusch, G. van Tonder en N. van Tonder. Die vergadering het besluit om 'n vereniging te

1) OB-argief, Kommandant-Generaal (KG)-stukke : Toesprake : Toespraak, Pretoria, 11:9:1941.

2) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, pp.8, 9; N.G.S. van der Walt : Die Republikeinse Strewe, pp.169 e.v.; F.J. van Heerden : Nasionaal-Sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1933-1948, pp.115 e.v.; T.D. Moodie : The rise of Afrikanerdom, p.187.

3) C.R. Kotzé : Die Ossewa-Brandwag. Sy Ontstaan, Ontwikkeling en Botsing, p.3; D.J.J. Mostert : Gedenkboek van die Ossewaens op die Pad van Suid-Afrika, pp.381, 435.

4) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.11.

5) F.J. van Heerden : Nasionaal-Sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1933-1948, p.115.

6) OB-brosjure : Die Ossewa-Brandwag : Vanwaar en Waarheen, p.9.

stig wat as die Ossewa-Brandwag bekend sou staan. Dit sou geskoei wees op die lees van die Voortrekkers se kommandostelsel.[1] Die semimilitêre grondslag[2] van die beweging het die enkulturasieproses van die kommando=stelsel as praktiese kultuurbesit verwesenlik. Die bestuur van die beweging was soos volg: Ds. C.R. Kotzé as voorsitter, prof. Scholtz as sekretaris en kol. Laas as kommandant-generaal, wat ook as aktiewe leier en organiseerder sou optree. As organiseerder van kommando-aktiwiteite in die verdedigingsmag kon hy die beweging op sy militêre reise vestig. Prof. Scholtz moes die grondbeginsels van die beweging formuleer en 'n begin is met die organisasie van die beweging gemaak. Veertien dae later was daar weer 'n vergadering waar daar 'n begin met die formulering van die konstitusie gemaak is.[3]

Die offisiële stigting van die OB het op Saterdag 4 Februarie 1939 in die konsistorie van die Tweetoringkerk in Bloemfontein plaasgevind. By die amptelike stigtingsplegtigheid was al die persone wat van die begin af met die beweging gemoeid was, teenwoordig. Daar was ook 'n dertigtal offisiere uit die Vrystaat, en twee uit Transvaal, wat deur kol. Laas aangestel is, teenwoordig. Die dertigtal mans is as die eerste offisiere van die Ossewa-Brandwag ingesweer met die plegtige eed om nie te rus al=vorens die vryheid van die Afrikanervolk herwin is nie. Dit is 'n duidelike bewys van die beweging se, toe nog ongekompliseerde, republikeinse ideaal. Die herverkose bestuur het uit ds. C.R. Kotzé as voorsitter, mnr. N.G.S. van der Walt as sekretaris en kol. Laas as leier en organiseerder bestaan.[5]

Die toetrede van N.G.S. van der Walt, die latere redakteur van die OB-koerant, was verteenwoordigend van die persoonlikhede wat die beweging sou lok. Hy het alreeds in 1935/36 alle vertroue in die partypolitiek verloor en hom sedertdien in beperkte kringe vir 'n volksbeweging beywer.

1) C.R. Kotzé : Die Ossewa-Brandwag. Sy Ontstaan, Ontwikkeling en Botsing, p.3.

2) D.F. Malan : Afrikaner-Volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen, p.187.

3) Kyk p.18.

4) C.R. Kotzé : Die Ossewa-Brandwag. Sy Ontstaan, Ontwikkeling en Botsing, p.3; A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.11.

5) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.12; C.R. Kotzé : Die Ossewa-Brandwag. Sy Ontstaan, Ontwikkeling en Botsing, pp.3, 4.

Met die stigting van die OB het hy sy ideaal binne bereik gesien. Sy beroep as persman het hom 'n sleutelposisie in die propagering van die beweging laat beklee.[1)]

Ten spyte van kol. Laas se "manewales" het N.G.S. van der Walt en 'n kollega 'n grootskaalse propagandaveldtog in alle koerante wat hulle as korrespondente verteenwoordig het, geloods. Die beweging was later op sy sterkste waar die leier die verste was. Terwyl die beweging in die Vrystaat as gevolg van die "onkeerbare bedrywighede" van die leier gekwyn het, het afdelings in Transvaal en Kaapstad soos paddastoele opgeskiet.[2)] Op sommige plekke het Afrikaners die organisasie heeltemal vooruitgeloop. Bestaande kultuurorganisasies is in takke van die OB omskep, selfs nog voordat die beweging behoorlik gepropageer is.[3)] Dit was seker die hoofrede waarom kol. Laas nie met die organisering van sy beweging kon byhou nie.

In die Suid-Afrikaanse geskiedenis is daar seker nie nog 'n beweging wat met soveel geesdrif en verwagting gestig is soos die Ossewa-Brandwag nie.[4)]

## 3.5 <u>Die grondslag, doel en strewe van die Ossewa-Brandwag</u>

Die OB het daarop aanspraak gemaak dat die volksontwaking en ideale wat deur die Eeufees bewerkstellig is, sy beslag in die beweging gekry het.[5)] Vir die OB-lede was hierdie eienskappe onmiskenbaar in hul eerste doelstel= lings aanwesig. Dit is ook in die naam van die beweging weerspieël. In die sin was die OB se wekroep 'n besielende krag vir die volk, dit was die sinnebeeld van die stem van die verlede en die belofte vir die trek na die toekoms.[6)] Die OB het daarom sedert sy stigting verklaar dat dit as volksorganisasie oor alle terreine van die volkslewe vir die volk wil brandwag staan.[7)]

---

1) OB-argief, N.G.S. van der Walt : Dagboek, 30:4:1944. Hy was op hierdie stadium by die Volksblad werksaam.

2) OB-argief, N.G.S. van der Walt : Dagboek, 30:4:1944. In die Groot Raad korrespondensie is daar verskeie briewe van OB-lede wat kol. Laas se bedrywighede veroordeel.

3) OB-argief, GR-stukke, Korrespondensie : Geskiedkundige oorsig van die OB (opgestel deur N.G.S. van der Walt, Februarie 1940).

4) H.B. Thom : D.F. Malan, p.99.

5) OB-brosjure : Die Ossewa-Brandwag : Vanwaar en Waarheen, p.10.

6) OB-argief, KG-stukke, Toesprake : Toespraak, Pretoria, 11:9:1941.

7) Ketting-vlugskrifte no. 1.

Hierteenoor was die nasionale beweging[1] wat sedert 1938 in Afrikaner= geledere op dreef gekom het, die resultaat van jarelange werk van kultuur= groepe wat alreeds op nasionale vlak gefunksioneer het. Die geesdrif en volksemosie wat die Eeufees ontketen het, was bloot 'n welverdiende toegif vir die kultuurgroepe. Die volksontwaking het egter 'n onweerstaanbare aanloklikheid tot gevolg gehad. Dit was dat meer as een groep/organisasie aan die skepping van 'n "tuiste" vir die Afrikanerdom wou meedoen.

Dit lei uiteindelik, na 1938, tot die kulturele problematiek in Afrikaner= geledere. Die Afrikaner was teen 1933 op nasionale vlak kultureel geor= ganiseer, en na 1938 geestelik versterk en reg vir groter dinge.[2] Aan die een kant was daar dus die bestaande kultuurkragte wat aan die nasionale beweging gewerk het, en aan die ander kant die "onafhanklike" bewegings soos die OB, wat nie 'n partypolitieke organisasie of aanhangsel of instru= ment van enige ander organisasie was nie en wat geen verband met enige geheime beweging gehad het nie.[3] Die "skeppers en koördineerders" van die nasionale beweging[4] sou nie na die sukses van die 1938-eeufeesvierings toelaat dat die momentum daarvan versteur word nie. Die komponente van die nasionale beweging is dienooreenkomstig in dieselfde denkpatroon gegiet. "Operateurs" van die beweging sou dieselfde patroon moes handhaaf of uitge= skakel word, soos Hertzog, of tevrede moes wees met 'n kleiner "rol" of aandeel in die uitvoering van die nasionale ideaal.[5] Dit was laasgenoemde keuse wat, na 'n openlike konfrontasie met dr. Malan en die Herenigde Nasionale Party of Volksparty (HNP of V), aan die OB gestel is en wat hy nie wou aan= vaar nie. Hoewel die OB getalsgewys in 'n magtige beweging ontwikkel het, was die inherente krag wat die nasionale beweging opgebou het vir die OB op die langeduur te sterk. Die uitslag van die konfrontasie met die HNP of V as een van die komponente van die beweging was teen hierdie agtergrond voor die hand liggend.[6]

---

1) Kyk p.15.

2) H. Giliomee : Die Ontwikkeling van Selfkonsepsies by die Afrikaner (Van der Merwe, H.W. (Samesteller) : Identiteit en Verandering, pp.40, 41); T.B. Floyd : Afrikaner-Nasionalisme, p.98.

3) OB-argief, M.A. Naude-versameling : Verklaring oor die wese, doel en strewe van die OB, versprei deur die Vrystaatse Beheerraad, 1940.

4) T.D. Moodie : The rise of Afrikanerdom, p.180.

5) Vergelyk J.H.P. Serfontein : Brotherhood of Power, p.58.

6) Die beskrywing van die politieke geskiedenis van die OB sal hierdie gekom= pliseerde kragverhouding met die party in diepte ontleed.

Sodoende kry die "onmaatskaplike gedrag"[1] van die OB in hierdie sin 'n ander betekenis. Die grondslag van hul strewe is deur kol. Laas se instruktiewe roepingsbewustheid gevestig. Hy het die noodsaaklikheid van dissipline, aktivering en samesnoering van die Afrikaner op 'n buite=parlementêre gebied ingesien en probeer verwesenlik.[2] Sy bekwaamhede het hom egter in die steek gelaat en hy moes vir ander plek maak. Dit het 'n storm-en-drangtyd in die OB-geledere veroorsaak. Hulle wou as Brandwag van die volk in pas bly met die snel ontwikkelende nasionale beweging van die Afrikaner, maar daarnaas hulleself in lyn bring met die sogenaamde Rewolusie van die twintigste eeu.[3] As gevolg van die tydsomstandighede moes die OB aanpas en kon die beweging nie, soos dr. Van Rensburg verklaar het, by kampvure en feeste bly vassteek nie. Dit het veroorsaak dat die OB se kulturele doel en strewe en daarom ook sy grondslag, beleid en konstitusie, saam met die beweging ontwikkel het.

In dié opsig kan daar vier fases in die ontwikkelende doel en strewe van die OB onderskei word. Elke fase was vanselfsprekend 'n bepalende faktor vir die kultuurbeeld van die beweging. Die aanvanklike kultuurbeeld van die OB het oor vier eienskappe of kultuurpatrone beskik, te wete 'n histo=riese, godsdienstige, kulturele en materiële kultuurpatroon. In die fase is daar nie tussen grondbeginsels en doelstellings onderskei nie, behalwe dat die kommandostelsel as die basis waarop die organisasie berus, uitge=sonder is. In die tweede ontwikkelingsfase wou die OB tred hou met die snel ontwikkelende nasionale beweging van die Afrikaner en is die verwe=senliking van die vryheidsideaal in die OB as republikeinse volksbeweging beklemtoon.[4] Die ideaal het die oorheersende doel van die beweging in die derde fase geword. Die OB het as gevolg van die stryd met die HNP of V in Oktober 1941 'n selfstandige volksbeweging met 'n groter samelewingsher=skeppingsideaal geword.[5] In die laaste fase het die OB as sterwende beweging sy historiese taak beklemtoon.[5]

---

1) Kyk p.4.

2) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.22.

3) OB-brosjure : Die Ossewa-Brandwag : Vanwaar en Waarheen, p.12; OB-argief, J.H. Coetzee-versameling : L.J. du Plessis : Die Afrikanereenheidskomitee en die geskil tussen die OB en die HNP of V, 1:10:1941.

4) Kyk p.94.

5) Kyk p.104.

6) Vergelyk ook P. de Klerk : Die ideologie van die Ossewa-Brandwag, pp.64-70; kyk ook p.108.

Twee ander aspekte sou ook die doel en strewe en so die kultuurbeeld van die OB beïnvloed. Die eerste is die vraag waarom die OB nie net "kultuur=mense" nie maar alle lae van die Afrikaner met uiteenlopende beskouings[1] gelok het. Die antwoord moet seker gesoek word in die verwarrende politieke situasie na September 1939 en die gepaardgaande oorlogsdeelname. Die OB het ook, kultureel gesproke, Afrikanerskap en eenheid in die karakter en gees van die Eeufees vergestalt. Laastens het die herleefde volksgevoel sedert 1938 vir Afrikanernasionalisme 'n nuwe horison geskep.[2] Hierdeur het die OB die opgaardam van persone met uiteenlopende motiewe, aspirasies en beskouings geword. Hierdie botsende karaktertrek sou die OB vanaf sy stigting tot met sy worstelende einde kenmerk.[3] Dit bring 'n mens by die tweede vraag, naamlik wat die hoofmotief was waarom die duisende Afrikaners by die OB aangesluit het. N.G.S. van der Walt stel dit soos volg:

> "Het die tienduisende Afrikaners by die O.B. aangesluit hoofsaaklik omdat dit 'n kulturele organisasie was wat volkspele ens. wou bevorder het? Nee, want dan sou die volkspelekursusse deur tienduisende jong Afrikaners bygewoon gewees het, of sou die geaffilieerde kultuur-organisasies van die F.A.K. (300) so 'n magtige omvang aangeneem het dat dit nooit nodig sou gewees het om 'n Ossewa-Brandwag te stig nie".
>
> "Was dit net omdat die O.B. die volk ook op stoflike gebied wil red? Nee, want dan sou die volk by sy tien=duisende na die Reddingsdaadbond gestroom het, want daardie organisasie staan uitdruklik vir volksredding op stoflike gebied ..."
>
> "Was die hoofbeweegrede die feit dat die O.B. die Afrikaner weer na sy kerk wou terugvoer? Nee, want dan kon die mense sommer regstreeks na die kerk gegaan het ..."

---

1) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.21.

2) Kyk p.15.

3) Hierdie kenmerk van die OB kom veral sterk na vore in die Dagboek van N.G.S. van der Walt. (OB-argief).

"Was dit alleen omdat die Ossewa-Brandwag alle Afrikaners wou saamsnoer tot een geheel? Nee, want dan kon hulle nie die O.B. tans verwyt dat hy sekere Afrikaners binne die Verenigde Party sou uitgenooi het om by hom te kom aansluit nie".

"Al hierdie dinge is dinge wat die O.B. wel ook beoog, maar dit is nie die hoofmotief wat die 300 000 Afrikaners bestel het om by hom aan te sluit nie. Die werklike rede waarom hulle aangesluit het, was omdat hulle in die O.B. 'n middel gesien het waarmee die vryheidsideaal van die Afrikaner verwesenlik kon word".[1)]

Hierdie republikeinse motief[2)] is ook deur dr. Van Rensburg benadruk. Hy het verklaar dat die OB wat sedert 1939 so spontaan en met geesdriftige geheimsinnigheid landswyd tevoorskyn gekom het, "die geharde en mees betroubare en beproefde draers van die republikeinse gedagte en tradisie van die Afrikaner" beliggaam het.[3)]

Die beeld wat die OB na buite vertoon het, was dus sedert sy stigting net so met teenstrydigheid oorlaai as die verborge woelinge wat later in sy eie geledere sou ontstaan.[4)]

## 4. DIE KULTURELE STRATEGIE EN AKTIWITEITE VAN DIE OSSEWA-BRANDWAG GEDURENDE DIE LAAS-TYDPERK

### 4.1 Kulturele begronding van die Ossewabrandwagideale

Teen Mei 1939 was kol. Laas, di. C.R. Kotzé en D.G. van der Merwe en mnr. N.G.S. van der Walt, die enigste oorblywende lede van die oorspronklike bestuur. Daar kon nie vasgestel word waarom die res uit die beweging bedank

1) Ketting-vlugskrifte, no. 1.

2) Vergelyk ook INEG, UOVS, J.F. van der Merwe-versameling, Lêer 3/2/1/1/1 : Toespraak te Heilbron, 23:8:1942; INEG, UOVS, J.D. Jerling-versameling, Lêer 15 : Toespraak te Brakpan, 23:8:1941.

3) Ossewa-Brandwag, Jaarboek, 1949, p.7; vergelyk ook INEG, UOVS, H.A.J. du Toit-versameling : J.F. Marais (Regter) : Ons oorlede Erepresident, die KG dr. J.F.J. van Rensburg.

4) Kyk pp.77 e.v.

het nie. Volgens prof. Van der Walt[1] was dit waarskynlik as gevolg van die ontevredenheid met kol. Laas se leiding. Die behoefte om 'n vaste grondslag aan die beweging te gee het daartoe gelei dat 'n nuwe bestuur op 27 Mei vergader het om 'n ontwerpkonstitusie op te stel. Die konstitusie is eers na Julie 1939 gepubliseer en die beweging het met hierdie hegter grondslag op dreef gekom.[2]

Soos reeds vroeër gestel,[3] word enige kulturele stelsel op twee wyses geopenbaar. Die kulturele stelsel van die OB wat na Julie 1939 op dreef gekom het, het ook twee sye gehad.[4] Soos die sigbare gedeelte van 'n ysberg was die kultuurbeeld van die OB gedurende die Laas-tydperk openbaar en vir almal sigbaar. Daarom het die OB gedurende die fase die beeld van 'n kultuurorganisasie na buite vertoon.[5]

Die kultuurbeeld wat tot ongeveer Desember 1940 oorheersend was,[6] het oor die volgende vier eienskappe beskik: Dit was 'n historiese, godsdienstige, kulturele en materiële kultuurpatroon wat duidelik uit die doelstellings, funksies en werksaamhede van die OB blyk. Die doel van die OB is omskryf as die samesnoering van alle Afrikaners wat deur nasieliefde gedryf word en die bestendiging van die ossewa- en eeufeesgees, op basis van die kommando=stelsel.[7] Hiermee is die enkulturasie van die kommandostelsel in die OB bevestig, waarna die OB die kultuur semimilitaristies beoefen het.

---

1) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.13.

2) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, pp.13, 14.

3) Kyk p.7.

4) Kyk p.44 : Vir 'n bespreking van die tweede (verborge) sy van die OB.

5) Vergelyk ook OB-argief, Onderhoude : M.W. Botha, Band 160, 161; dr. B.Z. Stegmann, Band 135-137; M.S.F. Grobler, Band 103; J.B. Roode, Band 168-171.

6) F.J. van Heerden : Nasionaal-Sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1933-1948, p.121.

7) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.14.

Die doelstellings van die OB soos deur kol. Laas aangekondig, het soos volg op die lidmaatskapvorms verskyn:

1. Die bestendiging van die ossewa- en eeufeesgees in die land.

2. Die handhawing, uitbouing en uitlewing van die taal en tradisies van die Boerenasie.

3. Die beskerming en bevordering van die godsdienstige, kulturele en materiële belange van die Afrikaner.

4. Die aanbeveling van vaderlandsliefde en nasietrots.

5. Die inskakeling en samesnoering van alle Afrikaners, sowel manne as vroue, wat hierdie doel onderskryf en gewillig is om hulle kragdadig daarvoor te beywer.[1)]

Die funksie en werksaamhede van die OB is soos volg omskryf:

> Die viering van Afrikaanse volksfeeste en verjaardae van ons helde, die daarstelling van gedenktekens, kransleggings by monumente, die nasporing en instandhouding van geskiedkundige plekke en grafte van Afrikaners wat op die Pad van Suid-Afrika gesterf het, die hou van byeenkomste soos skryfskiet, pappegaai en aasvoëlskywe, jukskeigooi, ens., die beoefening van volkspele en volksliedere, die hou van optogte, gereëlde byeenkomste van opvoedkundige en gesellige aard, opvoerings, lesings oor geskiedenis, ons letterkunde, nasionale aangeleenthede en die wêreld van die vrou, debatte, kampe vir mans en vroue, ens.[2)]

---

1) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.12; Die Volksblad, 6:2:1939; Moodie, T.D. : The rise of Afrikanerdom, p.190.

2) Die Volksblad, 6:2:1939, 15:4:1939; Die Volkstem, 13:2:1939. Vergelyk P.H. Kapp : Ons Volksfeeste (Grobbelaar, P.W. (red.) : Die Afrikaner en sy kultuur, dl. 111, pp.160, 161).

Uit die bogenoemde eienskappe is dit duidelik dat die OB nie politiek as 'n begrondingseienskap van sy kulturele stelsel gesien het nie. Hoewel politieke aspirasies vanaf die staanspoor[1] 'n brandende inherente eienskap van die verborge sy[2] van die OB se stelsel was, word dit om die volgende twee redes nie beskryf nie: Eerstens word die funksie van die OB-kultuur slegs in terme van sy eie struktuur, waardes en standaarde beskryf en beoordeel.[3] Tweedens word die politiek wat die OB bedryf het, in 'n afsonderlike studie behandel.[4]

Die openbare reaksie en teenargumente op die bogenoemde kulturele aspirasies van die OB was soos volg. Die kulturele doel en funksie van die OB is vanaf sy stigting met agterdog en teenkanting bejeën.[5] Die kultuurbeeld wat die OB deur sy voorgenome funksies geopenbaar het, is soos volg deur *Die Volkstem* veroordeel: Die blad het verklaar dat hoewel die suiwer kulturele funksies van die OB prysenswaardig is, dit by uitstek funksies was waarvoor bestaande kultuurorganisasies hulle beywer het. Die totstandkoming van die OB as kultuurorganisasie was daarom in der waarheid 'n mosie van wantroue in bestaande liggame.[6] Dr. N.J. van der Merwe het hom ook sterk teen die OB as oorbodige organisasie wat net verdeeldheid op kultuurgebied kon veroorsaak, uitgelaat.[7] *Die Burger* het ook bedenkinge teen nog meer bewegings in die Afrikanergeledere gekoester, omdat die Afri=kaner sy doelstellings deur oororganisasie verydel. Volgens die blad is dit meer raadsaam om eers die bestaande organisasies ten volle te benut en daarna, as hulle nie aan 'n sekere doel beantwoord nie, na iets nuuts te soek.[8]

Kol. Laas het die besware geopponeer deur te verklaar dat hy gedurende die "ossewafeeste" onder die indruk gekom het dat die Afrikaner nog glad

---

1) Kyk pp.30, 31.

2) Kyk p.44.

3) Kyk p.6.

4) Kyk pp.80-93 vir 'n uiteensetting vir sover die politieke aktiwiteite van die OB die tema raak.

5) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.18.

6) Die Volkstem, 13:2:1939, 21:6:1939.

7) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.21.

8) Die Burger, 9:4:1940.

nie na behore georganiseer is nie.[1] Hiernaas het die OB as omvattende organisasie (op alle terreine van die lewe) beoog om die stedeling en die plattelander nader aan mekaar te trek. Waar kultuurverenigings feitlik net tot dorpe beperk is, wou die OB die kultuur na die mense op die plase bring.[2]

Wat die OB se verhouding met ander organisasies betref, wou die OB nie bestaande bewegings opponeer nie. Daar was tydens die stigting van die beweging samesprekings met lede van die FAK, waar die OB ook hierdie stand= punt gestel het.[3] Die FAK het in der waarheid 'n afwagtende houding inge= neem, hoewel hulle in 'n mate negatief gevoel het. Kol. Laas was immers, volgens die FAK, geen bekende in kultuurkringe nie en die gevaar het bestaan dat die OB die hele FAK-organisasie kon verswak.[4] Die beswaar van die FAK is sekerlik deur die OB se verklaarde strewe versterk om 'n beweging te organiseer wat nie net enkelinge nie maar die hele volk sou aangryp.[5] Daar is selfs gemeld dat die Broederbond ook sy neutrale houding laat vaar het en goed met die OB saamgewerk het.[6] Die Uitvoerende Raad van die Broederbond het in der waarheid gedurende Junie 1939, na 'n ondersoek, bevind dat die OB geen geheimsinnige elemente of onwettighede beliggaam nie. Die organisasie het die OB as 'n Voortrekkerbeweging (met ander woorde 'n kul= tuurbeweging) vir volwassenes beskou wat as sodanig alle steun verdien.[7]

Volgens *Die Burger* wou die OB tot 'n grootse konsolidasie van Afrikaner= krag ontwikkel. Afrikaners sou vir die eerste keer volgens 'n piramide= stelsel georganiseer word wat eendragtige optrede moontlik sou maak.[8]

---

1) Die Volksblad, 15:4:1939.
2) Die Volksblad, 18:2:1939.
3) OB-argief, Uitvoerende Raad (UR)-stukke, Notules : Notule van 31:10:1939.
4) OB-argief, Onderhoude : Prof. J.H. Coetzee, Band 76, 77. Prof. Coetzee was op hierdie stadium aan die sekretariaat van die FAK verbonde; kyk p.85.
5) OB-argief, UR-stukke, Notules : Notule van 31:10:1939.
6) OB-argief, N.G.S. van der Walt-versameling, Korrespondensie : Brief J.V.W. de Vries aan N.G.S. van der Walt, 10:5:1939.
7) A.N. Pelzer : Die Afrikaner-Broederbond. Eerste 50 jaar, p.177.
8) Die Burger, 5:12:1939; Die Nasionale Pers het voor die breuk tussen die OB en die HNP of V die beweging se kulturele impak in Afrikaner= geledere positief ondersteun; vergelyk voetnoot 5, p.36.

Watter beeld kan van die OB se kulturele strategie gedurende 1939 gevorm word? Te midde van organisatoriese verwarring en 'n ontwikkelingstadium waarin die OB se ideaal grootliks georganiseer en verkondig moes word, is die OB se kultuurbeeld uit die volgende elemente saamgestel: Die OB is begrond in die historiese en tradisionele Boeregees van 1938,[1] op basis van die Voortrekkerideale en -beginsels,[2] om die tradisies van die Afrikanernasie uit te leef en te handhaaf sodat die geestelike lewe van die volk beskerm en bevorder kon word.[3] Om die beeld te kon handhaaf, moes die OB homself as die hoogste gesag in Afrikanergeledere vestig en 'n hoë premie op die vereniging van alle ware Afrikaners buite en bo die party=politiek plaas.[4] Die beeld is verder deur die gedagte versterk dat die OB die Afrikaner in wil en strewe verenig en sodoende die volk lei na die hoogtes wat vir hom bestem is.[5]

Die OB het met nadruk verklaar dat dit nie 'n politieke organisasie is nie maar 'n suiwer kulturele beweging. As sodanig staan dit nie vir 'n sitkamer=kultuur nie maar vir die kultuur van die veld waar die Boerevolk gebore is.[6] Die OB wou om die kampvuur met braaivleis, koffie en boerebeskuit die Voor=trekkergees en -geskiedenis en die "stadige bou van ons nasie"[7] bevorder. Die OB wou die kultuurmense van die platforms afbring en tussen die volks=genote, waar opvoerings en lesings oor die letterkunde en geskiedenis om die kampvuur aangebied moes word, plaas. Deur hierdie *kampvuurkultuur* wou die OB-lede weer in murg en been Afrikaners wees.[8]

Kampe vir mans en vrouens sou 'n belangrike afdeling van die OB se werk=metode vorm, waar liggaamsoefeninge, dril, gesellige verkeer en kulturele bedrywighede aan die orde sou wees.[9] Tydens kampe moes al die lede in

---

1) Ossewa-Brandwag, Jaarboek, 1949, p.87.
2) OB-argief, KG-stukke, Band 1, Lêer 1 : Brief sekre. aan J. Swart, 6:11:1939.
3) Die Volksblad, 15:4:1939.
4) Die Volksblad, 15:4:1939; N.G.S. van der Walt : Die Republikeinse Strewe, p.177.
5) Die Volksblad, 19:6:1939.
6) Die Volksblad, 19:6:1939.
7) Die Volksblad, 22:4:1939.
8) Die Volksblad, 15:4:1939.
9) Die Transvaler, 26:1:1939.

uniforme drag optree.[1] Dit was hierdie uniforme drag wat die klasse en standeverskil in OB-geledere uitgewis het. Dit het arm en ryk, ongelet=terd en geleerd in 'n hegte volksverbondenheid saamgesnoer.[2] Die drag wat die OB hier in gedagte gehad het, was die Afrikaner se nasionale drag, naamlik die Voortrekkerpak en -rok.[3] Hoewel die Groot Raad 'n uniform vir mans en vrouens ontwerp het, het dit as gevolg van die verbod van die regering op die dra van uniforms in onbruik geraak. Die Groot Raad het later aanbeveel dat die mans 'n vaal broek met wit hemp en serp van die betrokke provinsiale kleur, en die vrouens 'n wit rok en hoed moes dra.[4]

Tydens die kampe, wat verskillend van aard was, is onder andere ook jongmense opgelei. Daar is ook beoog om tydens die kampe volksang te bevorder en saam te dril om te leer om die beoogde optogte plegtig te laat verloop.[5] Ander aktiwiteite wat beoog is, het onder meer uit studie=kringe, stap- en toerafdelings[6] en sportbyeenkomste bestaan. Die doel van laasgenoemde byeenkomste was om die Afrikaner na sy nasionale speletjies terug te bring, asook om aan OB-lede die geleentheid te bied om mekaar beter te leer ken en gesellig met mekaar te verkeer. Daar is aanbeveel dat die byeenkomste Saterdagmiddae of die dag voor groot feeste vir vermaak van die feesgangers gereël word. Assistent-veldkornette het opdrag ontvang om voorsiening vir geskikte terreine in hul omgewing te maak waar die ge=sellige spele en vermaaklikhede gereeld kon plaasvind. Dit kon uit jukskei, stoktrek, vingertrek en ander gesonde opbouende sportsoorte bestaan het. Van sersante is verwag om minstens een keer per maand 'n sangaand aan die hand van die FAK-sangbundel vir hul sersantskappe te reël. Spanne van ver=skillende sersantskappe kon ook teen mekaar kompeteer. Van korporaals is verwag om minstens een keer per maand hul manskappe byeen te bring om dambord, meulspeletjies en ander soortgelyke eg-Afrikaanse speletjies te

---

1) Die Volksblad, 15:4:1939.
2) OB-argief, Onderhoude : Prof. J.H. Coetzee, Band 76, 77; J.B. Roode, Band 168-171. Dit was ook 'n gereelde onderwerp in die KG se toesprake.
3) OB-argief, GR-stukke, Notules : Notules van 27:5:1939, 17:6:1939, 27:11;1939.
4) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.18.
5) Die Volksblad, 22:4:1939.
6) OB-argief, GR-stukke, Notules : Notules van 10:8:1939, 26:9:1939.

beoefen.[1] Die vroue-afdelings wat parallel met die mansafdelings ontwikkel het, se terreine was onder meer noodhulp en die voorskoolse jeug, waar volkspele en sang onderrig moes word.[2] Die vroue-afdelings sou teen die einde van 1940 op 'n meer vaste grondslag georganiseer word.[3]

Het die OB-byeenkomste hierdie bogenoemde kultuurbeeld uitgedra? Die stigting van die OB-tak te Winburg is deur 'n gesellige funksie voorafgegaan. Boeresport, skyfskiet, stoktrek, jukskeigooi en hoefystergooi was aan die orde. Die pryse vir die wenners het bestaan uit skaapvleis, kalkoene, hoenders en ander plaasprodukte. Die aandprogram is opgeluister met Boeremusiek en Afrikaanse liedjies wat deur die gehoor gesing is.[4] Dit vertoon 'n patroon wat by OB-byeenkomste gevolg is. Op 10 Oktober 1939 was dr. H. van Rensburg as Administrateur van die Vrystaat die feesredenaar by 'n Krugerdagfees.[5] Sy indruk van die OB-optrede tydens die fees was soos volg: "Op 19 Oktober 1939 (...) het ek 'n besielende Afrikaneroptog te Pretoria gesien. Dit was 'n optog na die Krugermonument - duisende Afrikaners gedissiplineerd en in geslote marskolonne. Ek hoef nouliks te sê: Dit was die Ossewabrandwag. Dit was die eerste keer in my lewe dat ek sulke gedissiplineerde marskolonne gesien het, buite die militêr en die polisie".[6]

Die kultuurbeeld van die OB het egter nie by die organisering van volksfeeste geëindig nie,[7] want die OB wou die volk ook op 'n geestelike grondslag opvoed en byeenbring.[8] Die besondere funksie was om die volk so op te hef dat dit sterk in karakter sal wees. Die rasegtheid, die geskiedenis en volkshelde, die Afrikaner se goddelike roeping, sy taal en tradisie, sy onuitroeibare vryheidsin,[9] sy godsdienssin en die ekonomiese belange van die Afrikaner is daarom beklemtoon. Die OB wou alle Afrikaners, arm en ryk, aan die hand gryp, daarom die uniforme Voortrekkerdrag, sodat almal

---

1) OB-argief, GR-stukke, Korrespondensie : Bevel OWB 1, Okt. 1939.
2) OB-argief, GR-stukke, Korrespondensie : Brief sekr. aan A. Venter, 25:11:1939; OB-argief, KG-stukke, Korrespondensie : Brief sekr. aan A.J. Marais, 16:10:1939.
3) Kyk p.55.
4) Die Volksblad, 16:6:1939.
5) OB-argief, H.v.R.-versameling, Band 4, Lêer 37 : Toespraak, Krugerdag, 10:10:1939.
6) OB-brosjure : Die Vooraand van ons Volkseie Sosialisme, p.4.
7) OB-argief, GR-stukke, Korrespondensie : Brief sekr. aan H. Henn, 28:11:1939.
8) Die Volksblad, 8:5:1939.
9) Kyk ook Ketting-vlugskrifte, no. 1, p.1.

'n eenheid kon word.[1] Die OB wou die instelling word waarin die Afrikaner sy drang na nasionale uiting kon bevredig, vaderlandsliefde kon aankweek en versterk[2] en so nasietrots kon bevorder.[3] Die algemene gevoel was dat kleiner kultuurliggame soos die Helpmekaar- en die Handhawersbeweging by die OB ingelyf behoort te word, omdat die beweging hoofsaaklik tot die kultuurterrein beperk is.[4]

Daar was tog faktore wat die kultuurbeeld van die OB beperk en nadelig beïnvloed het. As beperkende maatreël was daar die noodregulasies van die regering wat veertien dae na die oorlogsverklaring uitgevaardig is. Dit het onder andere 'n verbod op vergaderings geplaas waardeur massa-optrede verhoed is.[5] Twee ander aspekte wat deel vorm van die verborge sy van die OB se stelsel[6] het die beweging se kultuurbeeld nadelig beïnvloed. Die twee aspekte was ook nie in die doelstellings[7] van die beweging ter sprake nie. Hierdie twee aspekte het sedert die eerste dae van die OB soveel kommentaar en kritiek uitgelok dat dit op die langeduur die kul= tuurdade van die OB verswelg het. Dit was eerstens die semimilitêre inslag en dissiplineringstaak wat die OB van die begin af nagestreef het. Tweedens was die politieke motief ook van die begin af aanwesig.[8] Hoewel die meeste lede nie bewus rekenskap hiervan gegee het nie, was daar 'n besliste begeerte om die republikeinse gedagte te bevorder.[9]

Wat die semimilitêre inslag betref, was die tradisionele kommandostelsel en die driloefeninge vir die OB slegs 'n middel tot 'n doel. Hulle wou hulle doelstellings verwesenlik deur die Afrikaners in 'n sterk tradisionele orga= nisasie met 'n streng dissipline te verenig.[10] *Die Vaderland* het die OB as 'n "Leemetford-kultuurvereniging" beskryf wat deur politieke heethoofde

---

1) Die Volksblad, 16:6:1939.
2) Die Volksblad, 15:4:1939.
3) Die Volksblad, 18:2:1939.
4) Die OB-argief, N.G.S. van der Walt-versameling, Korrespondensie : Brief N.G.S. van der Walt aan ds. E.J. du Toit, 30:3:1939.
5) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.42; OB-argief, KG-stukke, Korrespondensie : Brief sekr. aan J. Swart, 22:11:1939.
6) Kyk pp.7, 31, 44.
7) Kyk p.32.
8) Kyk pp.30-32.
9) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.13; T.D. Moodie : The rise of Afrikanerdom, pp.190,191.
10) F.J. van Heerden : Nasionaal-Sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1933-1948, p.122.

met Nazibeskouings gestig is. Vir hulle was die OB van sy eerste oomblik af 'n semimilitêre beweging, en geen gewone kultuurorganisasie nie. So 'n beweging kon, volgens die blad, maklik misbruik word deur persone met meer ambisie as verantwoordelikheidsin.[1] Hierteenoor het die OB herhaaldelik verklaar dat die doel van die beweging suiwer kultureel is en dat geen staatsgreep beoog word nie.[2] Die Engelse pers het vanaf die staanspoor die semimilitêre inslag van die OB onder verdenking probeer bring deur dit as 'n militêre of politieke organisasie te bestempel.[3] Daar het ook verwar=ring bestaan oor waar die beweging in Afrikanergeledere sou inpas. *The Friend* het te velde getrek teen die bewering dat die OB parallel met die kommando's en deur middel van die VSV's sou ontwikkel.[4] Kol. Laas het waarskynlik op sy eerste organisasietogte die indruk geskep dat die OB deur middel van die VSV's sou ontwikkel. Volgens 'n organiseerder van die eerste tak wat op Reitz gestig is, sou manne-afdelings oor die hele land gewerf word, wat dan by die VSV's moes inskakel.[5]

*Die Transvaler* se kommentaar hierop was dat hoewel die beweging die ossewa as vernaamste kultuurproduk van die Afrikaner verder wou uitbou, die sterk militêre kleur in sy organisasie die OB van gewone kultuurver=enigings onderskei.[6] Dit het 'n vreeskompleks in regeringskringe veroor=saak.[7] Tydens die stigting van die eerste tak te Reitz op 17 Februarie,[8] was daar ses speurders uit Pretoria aanwesig. Hulle het veral daarop gelet dat slegs persone van sewentien jaar en ouer, met ander woorde dienspligtige persone, tot lidmaatskap toegelaat is.[9]

Gedurende Maart het 'n Kommandantkonferensie van die verdedigingsmag te Kaapstad 'n kommissie benoem om die OB se verbintenis met die verdedigings=mag te ondersoek.[10] Hulle het bevind dat die OB 'n kultuurbeweging was,

---

1) Die Vaderland, 15:8:1939.

2) OB-argief, N.G.S. van der Walt-versameling, Korrespondensie : Brief N.G.S. van der Walt aan A. Schlebusch, 26:4:1939.

3) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.18.

4) The Friend, 4:3:1939.

5) Die Volksblad, 18:2:1939; vergelyk ook Die Vaderland, 4:5:1939.

6) Die Transvaler, 26:1:1939.

7) Die Volksblad, 8:5:1939.

8) Die Volksblad, 18:2:1939.

9) Die Volksblad, 18:2:1939; A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.20.

10) Die Volksblad, 8:5:1939.

wat nie met die kommandostelsel gebots het nie.[1] Die OB het ook met nadruk verklaar dat dit nie 'n militêre beweging was nie, dat dit geen konkurrent vir die verdedigingsmag vorm nie en nie bedoel om dit te onder= myn nie.[2] Na vele beskuldigings en dubbelsinnige verklarings het min. Pirow 'n einde aan die verwarring gemaak. Hy het verklaar dat enige beweging wat op militêre lees geskoei is, afbreuk aan die verdedigingsmag se kommando= stelsel sou doen. In hierdie omstandighede het hy die hoop uitgespreek dat alle offisiere in die verdedigingsmag hulle aan die OB sou onttrek.[3]

Wat die politieke aspek betref, het *The Friend* ook verklaar dat die OB wel as 'n kultuurorganisasie gestig is, maar dat dit in 'n politieke organisasie omskep gaan word om republikanisme te bevorder sodra hulle genoeg lede deur die land gewerf het.[4] Kol. Laas het vanaf die stigting verklaar dat die OB nie 'n politieke beweging was nie, omdat geen politikus ten tye van die stigting geraadpleeg is nie. Hy het verklaar dat die OB uit die volk gebore is en daarom die groot geesdrif wat daarvoor geopenbaar word.[5] Die agterdog teen die "verskuilde" politieke motief van die OB het om die volgende beskul= digings gewentel: *Die Volkstem* het verklaar dat die ambisie, invloed en mag van die OB oorskat word. Dit is waarskynlik waar dat die OB as kultuurorganisasie gestig is, maar die beweging ontaard volgens die blad in 'n politieke liggaam.[6]

Van der Walt[7] het die implikasie van die twee aspekte vir die OB soos volg gesien: "Ondanks agterdog en teëkanting en selfs ondanks die eksentri= siteite en organisatoriese bokkespronge van die leier het die beweging ver= rassend gegroei. Soos niks anders nie het dit die verbeelding van die volk in sy breë lae gepak ... Die militêre organisasievorm, die kampe waar

---

1) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.19.
2) Debatte van die Volksraad, dl. 37, pp.2001 e.v.; vergelyk Die Volksblad, 15:4:1939, 22:4:1939.
3) Die Volksblad, 8:5:1939, 9:5:1939.
4) The Friend, 4:3:1939.
5) Die Volksblad, 18:2:1939.
6) Die Volkstem, 21:6:1939.
7) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.21.

Afrikaners, lank van mekaar vervreemd, mekaar weer kon vind en waardeer, die driloefeninge, wat die waarde van uitwendige dissiplinetoepassing aanskoulik laat blyk het, die aktivering van die volk in die alledaagse volkslewe, dit alles was van groot betekenis; maar voor alles het die ideaal van 'n eenheidsfront, waarin alle nasionaal-bewuste volksgenote op gelyke voet met mekaar kon werk en stry vir Voortrekkerideale en bo alles vir hulle vryheidsideaal, 'n onweerstaanbare aantrekkingskrag gebied".

Die OB was dus vanaf sy stigting nie soseer 'n kultuurorganisasie in die gewone sin van die woord nie maar vorm eerder deel van die Afrikaner se republikeinse geskiedenis.[1] Hierdie beeld sou vanaf 1940 in 'n al hoe groter wordende mate die kultuurbeeld van die OB nadelig beïnvloed.

4.2 <u>Die kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag gedurende die Laas-tydperk</u>

Die kultuurbeeld van die OB het hom sedert 4 September 1939 in die maalkolk van die krisis in Afrikanergeledere bevind. Vir baie Afrikaners was die OB 'n kultuurkrag wat moes besiel, dissiplineer en die Afrikaner se geesteskrag en onderlinge verdeeldheid in die oorlogtydse omstandighede moes konsolideer.[2] Soos selde tevore het daar gedurende die oorlogsjare in Afrikanergeledere groter verwarring, verdeeldheid en politieke magteloosheid geheers.[3] Hierdie omstandighede het 'n groot stoot aan die OB gegee,[4] en dit het soos 'n kolos in Afrikanergeledere opgestaan.

Volgens G.D. Scholtz[5] sou die OB waarskynlik 'n vroeë dood gesterf het, as dit nie was vir die wyse waarop Suid-Afrika in die oorlog van Brittanje betrek is nie. Dit het gesorg dat die OB aan die lewe sou bly. Duisende Afrikaners het na die geleentheid gehunker om hul teenkanting teen die beleid van genl. Smuts te openbaar. Hiervoor sou die OB hom uitmuntend leen. In die Afrikaner se strewe om sy drang na selfbeskikking te verwesenlik het Duitsland en Brittanje 'n groot rol gespeel. Binne die driehoek, te wete Suid-Afrika, Duitsland en Brittanje, het die drang na selfbeskikking van die

---

1) Ossewa-Brandwag, Jaarboek, 1949, p.9; N.G.S. van der Walt : Die Republi= keinse Strewe, pp.199 e.v.
2) H.B. Thom : D.F. Malan, p.100.
3) F.A. van Jaarsveld : Van Van Riebeeck tot Verwoerd, p.250.
4) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.22.
5) G.D. Scholtz : Dr. Hendrik French Verwoerd, dl. 1, p.160; vergelyk T.O. Moodie : The rise of Afrikanerdom, pp.192, 193.

Afrikaner hom in die eerste helfte van dié eeu grotendeels afgespeel. "In wrywing of vyandelikhede tussen Duitsland en Engeland het baie Afrikaners telkens die geleentheid gesien om hul selfbeskikking te beskerm of te verkry. So was dit in die Tweede Vryheidsoorlog, weer met die Eerste Wêreldoorlog en óók met die Tweede Wêreldoorlog".[1) ] In die konteks van die gespanne internasionale situasie, vanaf September 1939, het die OB 'n fundamentele verandering ondergaan,[2)] wat die kultuurbeeld mettertyd tot 'n onderdeel van 'n meer omvattende ideaal sou vervaag.

Die histories geworde datum, 4 September 1939, was ook vir die OB 'n keerpunt in sy bestaan. Die OB, wat nog altyd as 'n kulturele organisasie deurgegaan het, het nou 'n verset karakter begin openbaar[3)] en homself in die geledere van die 1914-Rebellie geplaas. In dié sin was hulle nie soseer "pro-Duits" as wat hulle "anti-Brits" was nie. Die OB het net in die Duitsers 'n voorbeeld van 'n volk wat 'n middel gekry het om homself te verlos gesien, en hom met hierdie idee vereenselwig. Die OB wou nou immers vir die Afrikaner terugkry wat hy deur 'n partypolitieke bestel verloor het. Die OB was om hierdie rede sedert dié datum onbeskaamd republikeins en onvoorwaardelik non-partypolities. Die OB het aan die republikeinse ideaal 'n geweldige stimulus gegee en dit in die bewussyn van elke Afrikaner geplant. Die Afrikaner het al hoe meer sy hoop op die kragdadigheid van die OB met sy non-partypolitieke aanslag gevestig om sodoende sy ideale te bereik. Die Afrikaners het daarom met die toetrede van dr. Van Rensburg, wat 'n verhoogde status aan die OB gegee het, na die beweging gestroom, omdat hulle besef het dat die republiek nie in die destydse staatkundige bestel verwesenlik sou kon word nie. Die OB het met sy volkspolitiek 'n magsfaktor geword en die party na die kroon gesteek. Vir die kultuurmense in die OB was dit 'n beklaenswaardige ontwikkeling. Hulle het die beweging as 'n kultuurorganisasie gesien wat hoogstens as die militêre arm die politieke organisasie moes aanvul.[4)]

---

1) INEG, UOVS, H.A.J. du Toit-versameling : J.F. Marais (Regter) : Ons oorlede Erepresident, die KG dr. J.F.J. van Rensburg.

2) T.R.H. Davenport : South Africa. A Modern History, Tweede uitgawe, p.228.

3) Vergelyk ook kol. Laas se uitspraak op p.23.

4) OB-argief, Onderhoude : B.Z. Stegmann, Band 125-137; ook E. Kaiser, Band 83; M.S.F. Grobler, Band 103; K. Behrens en prof. H.M. van der Westhuizen, geen bandnommer; prof. D.W. Krüger, Band 155; T. Pienaar, Band 105, 106; J.F. Marais (Regter), Band 6, 7; prof. G. Cronjé, Band 34, 35.

Vir hulle het die OB militêr en polities geword deur die "aktivistiese leiding" wat hy ontvang het.[1]

Ten aansien van die standpunt dat 'n kulturele stelsel op twee wyses openbaar word,[2] is die OB se verborge sy na 4 September 1939 geopenbaar. Hiermee het die OB se teenstrydige beeld uit sy verborgenheid getree. Die OB het eerstens na vore getree as *beskermer* van die Afrikanerbelange met sy rol van aktiewe verset teen die Unie se oorlogsdeelname, weerstand teen Smuts se anti-Afrikanerbeleid[3] en stryd vir die behoud van die Afrikaner se selfbeeld en ideale (politieke aktivisme). Hiernaas het die OB sy bestendigingstaak (kulturele aspirasies) gehad om te vervul. As kultuurorganisasie moes dit die Afrikanerdom tot geestelike en kulturele eenheid lei en so die hande van alle Afrikanerorganisasies sterk.[4]

Die OB se modus operandi was in hierdie funksionele dualisme wat deur sy aktiwiteite geopenbaar is, vasgevang. Vanaf 1940 moet die selfopgelegde kultuurtaak van die OB gesien word as 'n middel tot 'n doel. Dit moes die Afrikaner dissiplineer en byeenbring op basis van sy tradisie en geskiedenis en moes die morele waardes van die Voortrekkers handhaaf.[5] Die kultuurtaak is na Julie 1940[6] in belang van die beskermingstaak en so die politieke ideale van die beweging aangewend. As beskermer van Afrikanerbelange moes dit die spervuur van die Smutsregering se oorlogsmaatreëls weerstaan.[7] In dié opsig het die Afrikaner se nasionale beweging, waarmee die OB in pas wou bly, tot 1941[8] hom met die beweging se aktiewe protes vereenselwig. Hierna het die Afrikaner se nasionale beweging die OB verwerp.[9] Die OB se aktiewe verset is in nuwe bane gelei, wat die beweging al hoe meer van sy kulturele bestendigingstaak sou vervreem.

---

1) OB-argief, Onderhoude : J.B. Roode, Band 158-171.

2) Kyk pp.7, 31.

3) F.A. van Jaarsveld : Van Van Riebeeck tot Verwoerd, pp.249, 252.

4) H.B. Thom : D.F. Malan, pp.100, 101.

5) J. Fisher : The Afrikaners, p.295.

6) Kyk p.15.

7) W.K. Hancock : Smuts, Vol. 2, The fields of force, pp.338 e.v.; F.A. van Jaarsveld : Van Van Riebeeck tot Verwoerd, p.250; A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.46; Die Transvaler, 12:11:1940; Die Volksblad, 12:11:1940, 14:11:1940, 21:11:1940, 5:12:1940; Die Burger, 13:11:1940, 5:12:1940.

8) Tot met die openlike botsing tussen die HNP of V en die OB, kyk pp.89-93.

9) H.B. Thom : D.F. Malan, p.136.

Die vraag of die kultuurbeeld van die OB sedert 1940 met voorbedagte rade volgens 'n Hitler-model geakkultureer[1)] is en of dit eerder die natuurlike loop van omstandighede was wat veroorsaak het dat die OB sy 1939-kultuurbeeld verander het, sou in Oktober 1941 beantwoord word.[2)] Die "duistere motiewe" van kol. Laas[3)] en die dualisme in die OB-lede se aspirasies (die kulturele voorstanders en die politieke aktiviste[4)] het die OB se kultuurbeeld in 'n waas van teenstrydighede en geheimsinnigheid gehul. Die kultuurtaak kon immers nie sonder 'n spesifieke doel bly bestendig, konsolideer, inspireer en dissiplineer nie. Dr. Van Rensburg sou die skeefgetrekte kultuurbeeld van die OB in lyn met die veranderende prioriteite van die beweging bring.[5)]

Tot tyd en wyl dr. Van Rensburg op die toneel verskyn het, het die OB op die kruin van die 1938-eeufees se emosie gegroei, en is dit deur die verwarring en ontnugtering oor die politieke stelsel versterk. Verder is die groeipotensiaal van die OB deur die oorweldigende Nazi-oorwinnings in Europa bevorder.[6)] Vir die OB was die toestand gedurende 1940 'n voorspel tot groter ideale, ideale wat beperkend op sy geformuleerde kulturele doelstellings van 1939 sou inwerk.[7)] Die faktore wat vir die beperking van die OB se kultuurbeeld gedurende 1940 verantwoordelik was, word vervolgens bespreek:

Eerstens het 1940 bewys dat hoewel duisende OB-lede om suiwer kulturele redes by die beweging betrokke was, daar ook lede was wat om suiwer politieke motiewe na die OB gestroom het.[8)] Die ontwikkeling van die beskermingsfunksie, as deel van die funksionele dualisme van die OB,[9)] het in sommige kringe nie net die agterdog teen die beweging bevestig nie maar ook sy kultuurbeeld na 'n rookskerm laat lyk.[10)] Dit het hardnekkige gerugte

---

1) Kyk pp.41, 70.
2) Kyk p.94.
3) Kyk p.24.
4) G.C. Visser : O.B. Traitors or Patriots? pp.23, 24.
5) Kyk pp.60, 79.
6) H.B. Thom : D.F. Malan, p.137; J.H.P. Serfontein : Brotherhood of Power, pp.57, 58.
7) Kyk p.32.
8) G.C. Visser : O.B. Traitors or Patriots?, pp.15, 23, 24.
9) Kyk pp.24, 44.
10) The Cape Times, 18:9:1940; Die Volksblad, 20:11:1940; G.C. Visser : O.B. Traitors or Patriots?, omslag.

laat ontstaan, wat selfs deur genl. Smuts ondersteun is, dat 'n duidelike parallel tussen die OB se ontwikkeling en die metodes wat Hitler gebruik het om in Duitsland aan bewind te kom, getrek kon word.[1] Die bewyse vir die stigting van die stormjaers en hul doelwitte en die beoogde staatsgreep en ondermynende bedrywighede, het die Smutsregering na verskeie verdedigings= middels laat gryp. Dit was onder meer die herhaaldelik verskerpte nood= maatreëls om die binnelandse veiligheid te handhaaf, die instelling van die Waarheidslegioen en die gebruikmaking van speurders en kommissies van ondersoek om die OB se ondermynende bedrywighede te bekamp. Lt. kol. G.C. Visser het in 'n sesjaarlange ondersoek die subversiewe dade en die verbin= tenis van die OB met die Nazibewind uitgewys.[2] In die pers het die aktivistiese dade van die OB buitengewone aandag geniet, terwyl die HNP of V as amptelike opposisie vir die OB op parlementêre vlak in die bresse getree het.[3] Alhoewel die maatreëls en optrede teen die meer aggressiewe lede[4] van die OB gemik was, het dit die bestendigingstaak en so die kultuurbeeld van die beweging op verskeie maniere beïnvloed.

Elke "kultuur"-byeenkoms is met agterdog bejeën.[5] Die verbod op openbare vergaderings van meer as twintig persone[6] het veroorsaak dat die OB se bedrywighede tydelik in die openbaar gestaak is.[7] Hiernaas het die verbod op driloefeninge en die dra van uniforms en kentekens dié doeltreffende dissiplineringsmiddel van die OB onmoontlik gemaak.[8] Openbare funksies van die OB wat plaasgevind het, is hoofsaaklik as braaivleisaande en sportbyeen=

1) The Cape Times, 18:9:1940; The Cape Argus, 18:9:1940; Die Suiderstem, 18:9: 1940, 27:9:1940; Die Burger, 19:9:1940, 30:11:1940; The Sunday Express, 1:11:1940, 23:11:1940; Die Volkstem, 23:11:1940; The Sunday Times, 24:11: 1940; Die Volksblad, 20:11:1940; A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.34; vergelyk T.B. Floyd : Afrikaner-Nasionalisme, p.104.

2) G.C. Visser : O.B. Traitors or Patriots?, pp.88, 138, 203, 22, 104, 54, 92, 93, 113, 131, 129, 26, 28, 114, 104; W.K. Hancock : Smuts, vol. 2, Fields of Force, pp.338 e.v.; Die Volksblad, 12:11:1940.

3) H.B. Thom : D.F. Malan, pp.101 e.v.; HNP-brosjure : Ons Party en die O.B., pp.3 e.v.; Die Volksblad, 1:11:1940.

4) The Sunday Times, 1:12:1940.

5) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.46.

6) OB-argief, GR-stukke, Korrespondensie : Verslag van offisiersvergadering, Natal, 9:3:1940; OB-argief, KG-toesprake : Toespraak op Heldedag te Koffiefontein, 10:10:1944.

7) OB-argief, J. van Rensburg-versameling : Brief onbekend aan Laas, 19:6:1940.

8) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, pp.46-47.

komste gereël.[1] Bo alles het die dade van geweldpleging[2] tot gevolg gehad dat die OB 'n pseudo-kulturele beeld ontwikkel het.[3] Hierdie dade sou nie net die kultuurbeeld van die OB benadeel nie maar ook daartoe bydra dat baie kultuurgebonde lede onaktief geraak het.[4]

Beskuldigings is vanuit verskeie oorde tot die adres van die OB gerig.[5] Advokaat Sarel du Plessis[6] het die Ossewa-Brandwag as 'n kulturele beweging wat ondermynende elemente bevat, bestempel.[7] Dit het tot gevolg gehad dat die OB, wat die polisie betref, as 'n politieke organisasie verklaar is.[8] Volgens die *Cape Times* het die OB hom as 'n kulturele beweging voorgedoen, maar het in der waarheid 'n staatsgreep met 'n diktatorskap beoog sodra die regte oomblik sou aanbreek.[9] Kol. Laas se opvatting oor die staatsgreep=spook was dat hoewel die OB uitsluitlik kulturele strewes ten doel het, die beweging nie verantwoordelikheid aanvaar vir persone wat 'n staatsgreep beoog nie.[10] Volgens die *Sunday Express* het die OB besef dat sy kulturele idees so ongewild is dat hulle soos die Duitsers mag moes gebruik om hul kultuur te bevorder.[11]

Die tweede beperkende faktor van die OB se kultuurbeeld was die Groot Raad self. Die Groot Raad het in Julie 1940 die beweging se werksaamhede ver=breed. Dit was nie die kultuurtake wat vermeerder is nie maar die vryheid=strewe en politieke doelstellings van die beweging wat vir die eerste keer

---

1) OB-argief, GR-stukke, Korrespondensie : Brief Moolman aan Laas, 2:6:1940.

2) G.C. Visser : O.B. Traitors or Patriots?, pp.18, 22, 40.

3) G.C. Visser : O.B. Traitors or Patriots?, p.16.

4) OB-argief, N.G.S. van der Walt : Dagboek, 11:7:1945, 28:7:1945, 31:10:1945, 4:11:1945; OB-argief, Onderhoud : K. Behrens en prof. H.M. van der Westhuizen, geen bandnommer.

5) Die Volksblad, 12:11:1940, 14:11:1940, 21:11:1940; Die Transvaler, 21:11:1940.

6) Adv. Sarel du Plessis was 'n staatsaanklaer wat gedurende 1940 namens die Staat teen die subversiewe dade van die OB opgetree het.

7) Die Volksblad, 26:10:1940.

8) Die Volksblad, 23:11:1940, 25:11:1940.

9) The Cape Times, 18:9:1940.

10) OB-argief, GR-stukke, Korrespondensie : Brief Laas aan J.G. van der Merwe, 26:1:1940.

11) The Sunday Express, 3:11:1940.

in die konstitusie geakkommodeer is. Hiermee het die Groot Raad die wedywerende dualisme tussen "kultuur" en "politiek" by implikasie erken deur dit as doelstellings naas mekaar te stel.

Met die leuse: *My God, my volk, my land, Suid-Afrika* het die Julie 1940 konstitusie die volgende beoog (vergelyk artikel 1 en 4 met die Julie 1939 konstitusie):[1)]

"1. Die bestendiging van die gees van Christelike nasionalisme, soos geopenbaar gedurende die Ossewa- en Eeufeesvierings in ons land, en die uitbreiding van daardie Christelik-nasionale gedagte oor alle terreine van ons volkslewe.

2. Die handhawing, uitbouing en uitlewing van taal en tradisies van die Boerevolk.

3. Die beskerming en bevordering van die godsdienstige, kulturele en stoflike belange.

4. Die aanmoediging en aankweking van 'n kragtige vader=landsliefde, nasietrots en vryheidsin by die Boerevolk.

5. Die inskakeling en sameswering van alle Afrikaners, manne sowel as vroue, wat hierdie ideale in erns wil nastreef".

Die werksaamhede is soos volg beskryf: Die OB

"1 erken en waardeer die bestaande werkende kultuur=verenigings;

2. soek gesonde samewerking met alle fungerende kultuur=liggame;

3. wil die kultuurstrewe van ons Boerevolk aanvul en versterk deur:

---

1) Kyk p.33.

(a) vergete grafte van helde op te soek en te versorg;

(b) verjaardae van ons helde te vier;

(c) kranslegging s op hul grafte te reël;

(d) verwaarloosde geskiedkundige stukke aan die vergetelheid te ontruk;

(e) herinnerings, verklaring en getuienisse in verband met oorloë en kamplewe in die verlede te versamel en te boek te stel;

(f) die kommando en wapenskouing, met kleredrag en kultuur=skatte van die verlede te laat herleef;

(g) gesonde volkspele in ere te herstel en te bevorder;

(h) volksliedere te populariseer;

(i) die kerk te dien met kerkparades, Voortrekker-nagmaal=vierings en die terugbring van afgedwaaldes na die kerkbanke;

(j) met alle gesonde en Christelike metodes en middels te ywer dat die sinkende deel van ons Boerevolk ekonomies gered word en dat ons Boerevolk so spoedig moontlik sy regmatige deel van die handel verower". [1)]

Die Kaaplandse bestuur van die OB het ter verduideliking van dié doel en strewe 'n verklaring opgestel. Hierin het hulle ook die gelykmatigheid van die politieke ideale en die kulturele aspirasies naas mekaar gestel. Dit is soos volg omskryf: "Die Ossewabrandwag erken die bestuur van God in die lotgevalle van volke en nasies en erken die konstitusionele gesag wat deur die volkswil en die roeping van God daargestel word, sowel as die

---

1) OB-argief, Die Ossewa-Brandwag-konstitusie, pp.1, 2; A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, pp.15, 16.

reg van die volk om ontwikkeling en hervormings na te strewe in ooreen=stemming met die gees van die ingebore vaderlandsliefde en ondubbelsinnige trou aan Suid-Afrika as die enigste vaderland en tuiste van die Afrikanervolk, gegrond op die nasionale sedes en tradisies van die Voortrekkers (...) Hy wil dat elke Afrikaner met sy hele siel en al sy kragte, sowel alleen as in samewerking met sy mede-Afrikaner, getrou en volhardend stry vir die handhawing en ontwikkeling van 'n eie, selfstandige en vrye volksbestaan, van die Afrikaanse taal en die godsdiens en kerk van die vadere. Hy wil dat elkeen sy mede-Afrikaner help beskerm, hom nooit in die stryd verlaat of aan die vreemdeling en vyand van Suid-Afrika en die Afrikanerdom uitlewer nie".[1)]

Alhoewel die werksaamhede van die Ossewa-Brandwag, uitsluitlik op die kulturele sfeer gefundeer is, is nie veel van die grandiose aspirasies in die praktyk verwesenlik nie. Die OB kon as gevolg van 'n tydsgebrek nie sy van die tyd weerstaan nie: As gevolg van 'n tydsgebrek kon die OB nie sy kultuur-georiënteerde aspirasies oor 'n aantal jare bestendig en ongehinderd beoefen nie. Dié tydsomstandighede en die dualisme in die OB-lede se aspirasies[2)] het veroorsaak dat die OB se "vryheidsmotief" sy hoogste prioriteit geword het. Die sentrale tema van die voordragte op die OB se braaivleisbyeenkomste was vanaf Julie 1940 onmiskenbaar republikeins.[3)] Selfs die konsepkonstitusie van die beoogde Boererepubliek wat deur lede van die Transvaalse Beheerraad gepubliseer is, het die republikeinse motief in 'n nasionaal-sosialistiese gees geopenbaar.[4)]

Teen die agtergrond van hierdie ontwikkeling het die OB dus van sy oorwegend kulturele optredes afgesien.[5)] Die kulturele bestendiging van die OB[6)] het vanaf Julie 1940 uitsluitlik om die eenheidsverwagting en die dissiplinering van die Afrikaner gewentel, totdat die beweging in Oktober 1941 tot 'n algemene selfstandige volksbeweging omvorm is.[7)]

---

1) OB-argief, Gebied A. Wes-Kaapland-stukke : Die Ossewa-Brandwag. Doel en Strewe, p.1.

2) Kyk p.44.

3) Vergelyk Die Burger, 26:10:1940, 12:11:1940, 13:11:1940, 30:11:1940, 10:12:1940.

4) T.D. Moodie : The rise of Afrikanerdom, p.215; Die Suiderstem, 28:9:1940; The Cape Times, 24:9:1940; Die Burger, 23:9:1940, 25:9:1940.

5) OB-brosjure : Iets oor die Ossewa-Brandwag, p.109.

6) Kyk p.44.

7) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.121.

Die derde beperkende faktor van die OB se kultuurbeeld was die geïntegreerde en wedywerende aktiwiteite van die Reddingsdaadbond (RDB), die OB, die HNP of V en die FAK op die ekonomiese, politieke en kulturele terreine. Volgens L.J. du Plessis het die OB die steun van die Afrikanerdom verdien, omdat dit op 'n terrein in die Afrikanergeledere werksaam was wat nie deur ander kultuur=organisasies gedek is nie. Du Plessis het die OB gesien as 'n beweging wat die volk moes dissiplineer en volksfeeste moes reël.[1] Gedurende Augustus 1940 het die Transvaalse Beheerraad verklaar dat die OB nie sy aktiwiteite op die ekonomiese en algemeen kulturele terreine sou uitbrei nie. Dit sou aan die RDB en die FAK oorgelaat word.[2] Selfs hierna sou die OB sy kulturele take geredelik aan die FAK afstaan. Die kulturele implikasies wat die voortgesette afbakenings- en eenheidspogings[3] gedurende 1941 vir die OB ingehou het, word later bespreek.[4]

Die vierde beperkende faktor van die OB se kultuurbeeld was op politieke gebied geleë. Die OB en die HNP of V was twee liggame wat hoofsaaklik uit dieselfde lede bestaan het,[5] albei het een volk met een doel gedien[6] en albei het hulself as die beliggaming van die Afrikanerdom in sy geheel gesien. Die HNP of V kon homself daarom nie van die Afrikaner se kulturele aspirasies losmaak nie, en die OB kon hom nie van die Afrikaner se politieke ideale weerhou nie.[7] 'n Politieke terreinafbakeningsooreenkoms was dus 'n lewens=belangrike noodsaaklikheid om die botsende belange te koördineer. Dit het uitgeloop op die Cradockse samewerkingsooreenkoms[8] wat soewereiniteit in eie kring gewaarborg het.[9] Dit is opvallend dat die gepubliseerde verklaring

---

1) J.H.P. Serfontein : Brotherhood of Power, p.57. (Notule van Uitvoerende Raad van die Broederbond, 2:2:1940).

2) J.H.P. Serfontein : Brotherhood of Power, p.58. (Notule van Uitvoerende Raad van die Broederbond, 16:8:1940).

3) H.B. Thom : D.F. Malan, pp.101 e.v.; A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, pp.24 e.v.; HNP-brosjure : Ons Party en die OB, pp.3 e.v.; J.H.P. Serfontein : Botherhood of Power, pp.59 e.v.

4) Kyk p.82 e.v.

5) OB-argief, J.H. Behrens-versameling : Voorstel van Rustenburg op die Trans=vaalse HNP of V-kongres, 1940.

6) Die Burger, 30:12:1940.

7) W.K. Hancock : Smuts, vol. 2, The Fields of Force, 1919-1950, p.369.

8) H.B. Thom : D.F. Malan, p.101; A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, pp.24 e.v.; HNP-brosjure : Ons Party en die OB, p.3; Die Burger, 31:10:1940; Die Volksblad, 31:10:1940, 1:11:1940.

9) Vir meer besonderhede kyk: F.J. van Heerden : Nasionaal-Sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse Politiek,1933-1948, p.191; D.F. Malan : Afrikaner Volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen, p.188; H.B. Thom : D.F. Malan p.101.

van die Groot Raad nie melding gemaak het van die spesifieke kulturele take vir die OB nie. Die nie-politieke take wat vir die OB geïdentifiseer is, het die volgende behels: die hoofdoel en strewe was die handhawing en propagering van die Voortrekkerbeginsels, insluitende die godsdienstige, morele en ekonomiese opbou van die volk, en die aan= vaarding van die Voortrekkers se vryheidsideaal. Die OB sou hom ook vir Afrikanereenheid beywer, hom van ondermynende bedrywighede weerhou en nie bevriende politieke partye (HNP of V) benadeel of ondermyn nie.[1] Die bepaling dat die OB ook die vryheidsideaal van die Voortrekkers aanvaar, te wete die stigting van die Christelik-nasionale Republiek, het vir die beweging nuwe ontwikkelingsmoontlikhede ingehou. Die Cradock-ooreenkoms het die OB as Republikeinse volksbeweging erken.[2] Dit sou die OB se kulturele aansyn mettertyd op die agtergrond skuif.

In die kortstondige gees van die Cradockse samewerkingsooreenkoms kon die OB die steun van die HNP of V en sy pers geniet.[3] Die bewierokingsproses[4] van die HNP of V het aan die groot en getalsterkte beweging 'n kunsmatige verhoogde status verleen. Die steun wat die OB van die party geniet het, het aan die beweging (afgesien van sy fenomenale getalle) 'n valse konsep van sy krag gegee en dit was indirek vir die OB se val verantwoordelik.

Teenoor die voorafgaande beperkende faktore het die kultuurbeeld van die OB gedurende 1940 uit die volgende drieledige kultuuraktiwiteite bestaan:

In die eerste plek het die kulturele voorstanders of bestendigers teen die agtergrond van die bogenoemde beperkende faktore, die suiwer kulturele aktiwiteite van die OB, in die gees van "Komt treën wij dan gemoedig voort",[5]

---

1) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.28; HNP-brosjure : Ons Party en die OB, p.3.

2) OB-argief, J.H. Coetzee-versameling : L.J. du Plessis : Die Afrikaner= eenheidskomitee en die geskil tussen die OB en die HNP of V, 1:10:1941; vergelyk OB-argief, KG-stukke, Toesprake : Toespraak, Paarl, 1:11:1941.

3) F.J. van Heerden : Nasionaal-Sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1933-1948, p.296; A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.25.

4) P.F. van der Schyff : Eric H. Louw in die Suid-Afrikaanse Politiek tot 1948, p.566.

5) Die Burger, 13:11:1940. Die term is ontleen uit die berig.

blymoedig gehandhaaf.

Die eerste en waarskynlik die enigste onthaal wat vir kol. Laas as KG van die OB in Transvaal aangebied is, het op 23 Januarie 1940 te Capital Park plaasgevind. Die kultuurprogram het naas die toesprake uit sang-, voordrag- en musiekitems bestaan.[1)]

Die OB se geskiedkundige volksfeeste gedurende 1940 kenteken die kulturele aspirasies van die beweging. Die Majubafees rondom 27 Februarie 1940 moes die eenheidsgevoel in die OB bewys. Die verwagting is daarom uitge=spreek dat die verskillende provinsies in lang motorstoete, met OB-vlaggies voorop die motors, na Majuba sou optrek om 'n grootse fees te vier.[2)] Tydens die Van Riebeeckfees op 6 April in Kaapstad het mnr. J.A. Smith 'n krans namens die OB gelê.[3)] Tydens die Heldedagfeesviering op Bloemfontein het ds. C.R. Kotzé die OB-byeenkoms toegespreek en kranse is op die grafte van pres. Steyn en genl. De Wet gelê.[4)] Die Wonderboomse Dingaansfeesviering van 15 en 16 Desember is deur koorsang, voordragte, 'n erediens, toesprake en 'n erewag van ongeveer 1 600 jong OB's gekenmerk.[5)]

Hiernaas het die vele ander OB-byeenkomste wat deur groot getalle gees=driftige OB-lede bygewoon is, ook die kulturele aspirasies van die beweging vertolk en die samehorigheidsgevoel tussen lede hegter gesmee. Jukskeispel, skyfskiet, toutrek, hoenderskop, piekniekspeletjies, skilpadtrek, beesvel-gooi, volkspele, koorsang, voordragte en natuurlik braaivleis was aan die orde tydens die gesellige byeenkomste.[6)]

Hoewel die uiterlike patroon van die OB-byeenkomste kulturele aktiwiteite beklemtoon het, het die sentrale tema van die toesprake by die byeenkomste baie duidelik die groter ideale van die beweging weerspieël. Dit het in hoofsaak gehandel oor die OB se taak as omvattende beweging

---

1) OB-argief, M.S.F. Grobler-versameling : Program van OB-byeenkoms, 23:1:1940.

2) Die Transvaler, 1:3:1940; OB-argief, GR-stukke, Korrespondensie : Brief van sekretaris aan J.F. van der Merwe, 23:1:1940, Brief van sekretaris aan M.P.A. Malan, 10:2:1940.

3) OB-argief, GR-stukke, Korrespondensie : Brief J.A. Smith aan Laas, 2:4:1940.

4) Die Volksblad, 12:10:1940; Die Suiderstem, 22:10:1940.

5) OB-argief, M.S.F. Grobler-versameling : Program, Pretoria-Wonderboom Dingaansdagfeesviering, 15 en 16 Desember 1940; OB-argief, J.F.J. van Rensburg-versameling, Band 5, Lêer 38 : Toespraak, Dingaansdag, Pretoria, 1940.

6) The Cape Argus, 25:9:1940; Die Burger, 6:11:1940, 8:11:1940, 13:11:1940, 21:11:1940, 10:12:1940.

wat die wese van die Afrikaner, en daarom ook die begrippe rakende die bestuur en heil van die volk benewens die godsdienstige ekonomiese en kulturele terreine, omsluit. Om hierdie rede moes die OB hom op die aktuele vraagstukke wat die toekoms van die Afrikaner raak, toespits. Dit was volgens die redenaars 'n stryd om die voortbestaan van die Afri= kaner wat 'n eie taal, kultuur, godsdiens en 'n vrye onafhanklike republiek moes waarborg. Hierdeur wou die OB as "grootste vaderlandsliefde vrywillige korps wat nog ooit in Suid-Afrika gestig is",[1] die Afrikaner aan elke front van die volkslewe saamsnoer en gereedmaak om vir sy voortbestaan te stry.[2] Ds. S.J. Stander het die twee gedagtes, naamlik die OB as omvat= tende organisasie en sy verhouding met ander bewegings, met 'n beeld uit Nehemia omskryf. Hierdie beeld handel oor die alarm wat êrens op die volkslinie gegee word en dat daar 'n organisasie sal wees om daardie linie saam te stel. Die taak wou die OB as omvattende koördineerder en "Brandwag" verrig. Hy wou oor die hele volkslinie optree en skakel met die kerke, wat die geestelike lewe betref, die FAK, wat die kulturele aangeleenthede betref, die RDB, wat die ekonomiese sake betref, en die HNP of V, wat die politieke kwessies betref.[3]

In die tweede plek is gepoog om die OB se kulturele aktiwiteite op ander terreine van die volkslewe te verbeter. Die OB wou deur middel van "kerk= parades" hul gedissiplineerde aard gebruik om die Afrikaner weer na sy kerk terug te bring. Dit het groot verwarring veroorsaak, wat die geestelike funksie wat die OB wou vervul nie ten goede gekom het nie.[4] Die OB het tog met groter sukses 'n Voortrekkersondag en 'n Uniale Biddag georganiseer wat deur elke lid van die beweging bygewoon moes word.[5]

Wat wel as 'n versiende daad beskou kan word, is die feit dat die OB die plaas Majuba-North waarop die berg Majuba geleë is, namens die "volk"

---

1) Die Burger, 30:11:1940.

2) Die Burger, 26:10:1940, 6:11:1940, 13:11:1940, 30:11:1940, 10:12:1940, 11:12:1940.

3) OB-argief, Onderhoud : S.J. Stander, Band 1,2.

4) Die Suiderstem, 25:9:1940; Die Burger, 25:9:1940; The Cape Argus, 25:9:1940; The Sunday Times, 24:11:1940.

5) OB-argief, GR-stukke, Notules : Notule van 3:10:1940; Die Burger, 9:11:1940.

aangekoop het. Kollektelyste is uitgestuur en funksies is gereël om die skuld af te los. Die berg is tydens 'n groot OB-fees, bygewoon deur nagenoeg 20 000 feesgangers, op 2 Januarie 1941 namens die volk in ontvangs geneem.[1] Die fees het vir die OB in die kenteken van sy eenheids=krag in Afrikanergeledere gestaan.[2] Die onmiddellike betekenis van die OB-daad was dat Amajubadab voortaan as nog 'n volksfees in die ry van Afrikaanse feesdae toegevoeg is.[3]

Die vrouens en die jeug is ook gedurende 1940 op 'n hegter grondslag in die beweging georganiseer. Gedurende Oktober 1939 het kol. Laas sy OB-kommandante opdrag gegee om oorspronklikheid en inisiatief aan die dag te lê en "Jeugklubs" in hul afdeling te stig, waar volkspele en sang beoefen moet word.[4] Die geesdrif onder die jeug het eers gedurende 1940 so toegeneem dat besluit is om OB-penkopkommando's vir kinders onder sewentien jaar in die lewe te roep. Elke kind wat wou aansluit, moes egter eers lid van die Voortrekkerbeweging geword het.[5] Dié Jeugfront moes as onderafdeling van die OB dieselfde doel en strewe as die moeder=liggaam nastreef. Deur hierdie nuwe byvoeging tot die beweging wou die OB al die kragte van die Afrikanerdom aanwend vir die handhawing van 'n eie volksbestaan, die bevordering van nasietrots en nasietrou en die ver=wesenliking van die Afrikanerideale.[6] Hierdie doel en strewe het die OB later gedryf om 'n beleid van kulturele imperialisme te volg. Die Groot Raad het opdrag gegee dat die Voortrekkerbeweging tot niet gemaak moet word en dat OB-jeugafdelings in die plek daarvan gestig moet word.[7] Die benaming Boerejeug is in Junie 1943 ingevoer.[8] Gedurende Junie 1940 het die take van die vroue-afdelings ook vollediger beslag gekry. Hulle was verantwoordelik vir die versorging van huis en haard, waarvoor

---

1) OB-argief, GR-stukke, Notules : Notule van 3:10:1940; Die Burger, 10:12:1940, 1:1:1941; Die Volksblad, 3:1:1941; Die Transvaler, 1:1:1941.

2) Die Transvaler, 2:1:1941.

3) Die Transvaler, 3:1:1941.

4) INEG, UOVS, J.F. van der Merwe-versameling, Lêer 2/2/1/1/1 : Brief A. Benade (sekere OB-kantoor) aan J.F. van der Merwe, 27:10:1939.

5) OB-argief, GR-stukke, Notules : Notule van 10-11:12:1940.

6) Die Burger, 20:12:1940.

7) OB-argief, Onderhoud : B.Z. Stegmann, Band 135-137.

8) Ossewa-Brandwag, Jaarboek. Gebied F, Noord-Transvaal, 1947, p.14.

deskundige voorligting aan hulle verskaf sou word. Tydens byeenkomste was hulle verantwoordelik vir die verversings om fondse in te samel.[1)]

Die OB se gesondheidsafdeling wat verantwoordelik was vir noodhulp, het opleiding deur middel van die ATKV en die SA Noodhulpliga ontvang. Die opgeleide OB-lede moes dan, aan die hand van die OB se handleiding oor volksgesondheid en volksvoeding, as instrukteurs in die OB optree.[2)]

Op ekonomiese vlak het die OB bygedra tot die Boerenoodhulpfonds wat onder trusteeskap van die FAK gestig is. Die OB het gedurende 1941, as gevolg van die massa arrestasies en intenering van OB-lede, sy eie nood=hulpfonds gestig.[3)] Die OB het ook die RDB gesteun en sy lede aangemoedig om by die RDB aan te sluit.[4)]

Deur hierdie kulturele aksies het die OB nie net 'n diens gelewer nie maar dit ook aan reeds bestaande organisasies en bewegings op nasionale vlak verbind. Dit het bestendigheid aan die OB se verhouding tot ander Afrikaanse organisasies gegee en was ook daarop gemik om hul erkenning en steun te verkry.[5)] Hierdie "infiltrasie" by die Voortrekkers, die Nood=hulpliga, die Boerenoodhulpfonds en die RDB is soos volg deur die OB verantwoord: Die OB het dit as sy plig beskou om elke deel van die bevolking in elke deel van die land se belange te behartig. Dit kon volgens die Transvaalse Beheerraad op die beste manier plaasvind indien daar 'n koördinasie van kragte oor die hele land bestaan.[6)] Die OB is

---

1) OB-argief, J. van Rensburg-versameling : Inligtingstuk van die Transvaalse Beheerraad, i.s. organisasiemetode van die OB, Junie 1940; OB-argief, GR-stukke, Korrespondensie : Brief J.A. Smith aan Laas, 12:1:1940; OB-argief, Onderhoude : Mev. J. Wagner, Band 153; Die Volksblad, 28:11:1940; Die Burger, 8:11:1940, 13:11:1940.

2) OB-argief, Noodhulp, Korrespondensie : Brief T. Wassenaar aan sekretaris, 12:4:1940; Brief sekretaris aan B.C. Neveling, 9:7:1940; Die Burger, 11:12:1940.

3) OB-brosjure : Iets oor die Ossewa-Brandwag, p.120; OB-argief, J. de W. Strauss-versameling : OB-bevel, 8:11:1940; Die Burger, 7:6:1940.

4) OB-argief, J. van Rensburg-versameling : Inligtingstuk van die Transvaalse Beheerraad, i.s. organisasiemetode van die OB, Junie 1940.

5) OB-argief, GR-stukke, Korrespondensie : Brief ds. S.J. Stander aan Laas, 12:4:1940.

6) OB-argief, J. van Rensburg-versameling : Inligtingstuk van die Transvaalse Beheerraad, i.s. organisasiemetode van die OB, Junie 1940; OB-argief, Gebied A, Wes-Kaapland-stukke : Die Ossewa-Brandwag : Doel en Strewe, p.2.

ook in die openbare gesprek op kulturele vlak verbind om as konsolideerder en dissiplineerder van die Afrikaner op te tree.[1]

'n Verdere onderskeibare kultuuraktiwiteit van die OB in 1940 was die inskakeling en samesnoering van alle Afrikaners in die kultuurmilieu van die beweging. Dit sou ook die OB se status in die Afrikaanse volksgemeenskap bepaal. Die OB het self by monde van sy Kaaplandse bestuur twee middele genoem waardeur die beweging se ideale verwesenlik kon word. Albei het betrekking op die konsoliderings- of eenheidsverwagting en die gedissiplineerde en georganiseerde grondslag van die beweging gehad. Die OB wou die volk tot 'n magtige georganiseerde eenheid vir gesamentlike aksie saambind en binne die groot laer van die Afrikanerdom saamtrek. Hiernaas wou die OB deur middel van sy volksfeeste en byeenkomste, waar samehorigheid en kameraadskap geheers het, onderlinge verantwoordelikheid by elke Afrikaner op elke gebied van die volkslewe aankweek. Die feesgeleenthede wat op behoorlike georganiseerde grondslag gereël is, moes die ganse volk insluit. Sodoende moes dit as magtige volksdemonstrasies die volkseenheid, volkstrots en volkswil kon bewys.[2]

Watter kultuurbeeld tree hieruit na vore? Ten aansien van die vele organisasies wat in die Afrikanergeledere werksaam was, het 'n groot omvattende massa-organisasie waarin die volk sy nasionale aspirasies beliggaam kon sien, ontbreek.[3] Hiernaas het die Afrikaner nog altyd 'n kragtige middel nodig gehad om hom saam te snoer.[4] So 'n volksorganisasie wou die OB vir Afrikanerdom wees. Die OB wou aan elke front van die volkslewe die Afrikaner op 'n hegte gedissiplineerde basis saamsnoer en bymekaar hou.[5] Dit was die Cradock-ooreenkoms wat die Afrikaner organisatories moes koördineer en wat die verhoogde status van die OB in Afrikanergeledere erken het. Na die ooreenkoms is die OB se werksaamhede op die algemeen nasionale gebied gespesifiseer. Die taak van volksamesnoering is aan die

1) G.C. Visser : O.B. Traitors or Patriots?, p.16.

2) OB-argief, Gebied A, Wes-Kaapland-stukke : Die Ossewa-Brandwag, Doel en Strewe, pp.1, 2.

3) Die Volksblad, 31:10:1940, 6:11:1940.

4) Die Burger, 11:12:1940.

5) Die Burger, 13:11:1940, 11:12:1940, 25:12:1940, 30:12:1940.

OB oorgedra. Die terrein het die hoogste belange van die Afrikanervolk geraak,[1] want die OB was hierdeur die sinnebeeld van die Afrikanervolk. Die Afrikanervolk was in die OB beliggaam.[2] Hierdeur het die HNP of V die natuurlike beskermheer van die OB geword.[3]

Dr. Malan verklaar dat hy die OB van harte steun, omdat dit sy idee van 'n groot omvattende volksorganisasie verwesenlik het.[4] Hiernaas het hy die OB as teenvoeter vir die organisasies wat die Afrikanersaak wou benadeel, gesien.[5] Met een groep binne die parlement (die HNP of V) en met 'n ander groep daarbuite (die OB), kon die Afrikaner seker een maal met gekonsoli= deerde mag optree.[6]

Teen die einde van 1940 was die OB, van statuur, die magtigste beweging wat die Afrikaner tot nog toe gehad het.[7] Die kulturele bestendigers se beeld in die beweging was nog sterk, maar dit was tog duidelik dat die OB as volksbeweging reeds 'n metamorfose ondergaan het. Op hierdie stadium was dit duidelik dat kol. Laas sy beheer oor die beweging verloor het[8] en daar is druk op hom uitgeoefen om te bedank.[9]

Die geheimsinnige stryder het verbitterd van die toneel verdwyn[10] en sy hoop vir die OB het verswind. Nege maande later het hy 'n nuwe beweging "Die Afrikaner Volk", gestig. Hy het dit as sy plig beskou om die OB onder 'n ander naam te herstel, omdat hy met dieselfde doelstellings wou voortgaan wat die OB tydens sy stigting gehad het. Die feit dat die OB so gou die harte van die Afrikaner verower het, het hom oortuig dat dit die

---

1) Die Volksblad, 1:11:1940.

2) Die Burger, 5:12:1940.

3) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.25; P. Meiring : Vyftig Jaar op die Voorblad, pp.92, 93.

4) Die Burger, 31:10:1940; Die Volksblad, 1:11:1940; The Sunday Times, 24:11:1940. Vergelyk Debatte van die Volksraad, dl. 41, pp.2653 e.v.

5) Die Volksblad, 31:10:1940.

6) Die Burger, 30:12:1940.

7) Die Volksblad, 30:11:1940.

8) INEG, UOVS, J.F. van der Merwe-versameling, Lêer 2/2/1/1/3 : Brief Alida Benade (Sekre. OB-kantoor Bloemfontein) aan Japie, 5:6:1940; H. van Rens= burg : Their paths crossed mine, p.160; G.C. Visser : O.B. Traitors or Patriots?, p.13.

9) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.23; OB-argief, GR-stukke, Notules : Notule van 3:10:1940.

10) OB-argief, L.C. de Jager-versameling : Brief R. Rudman aan Mede-Afrikaner, 12:12:1940.

regte rigting was vir die volk se behoud. Sy nuwe inisiatief het hy soos volg omskryf: "Waar die verkeerde en verderflike invloede, wat mettertyd onder die dekmantels in die OB ingesluit het, nou hulleself openbaar en toon dat die nuwe politieke neigings wat tans in die OB bestaan, hierdie regte rigting is nie, wil ons weer die OB terugneem, maar onder 'n ander naam ... En hierdie keer sal ons waak dat die professionele politici nie meer verdeeldheid, agterdog en misleiding saai nie, omdat hulle nie van die beweging 'n uitbuitingsproses sal kan maak nie. Die doel van 'Die Afrikaner Volk' is dan ook nie party-politiek nie, maar Eenheid. Alle ondermynende, verkeerde, en vreemde invloede sal ons hand en tand beveg. Alle party-politieke muntslanery sal ons dooddruk. Pogings om die Afrikaner=volk op sluwe wyse, op sentimentele klugspelery verder te mislei, sal ons vernietig. Eie voordeel sal geen speelruimte voor gelaat word nie. As die maniere waarop die Afrikanervolk op hierdie wyse uitgebuit en verkrag word, moet openbaar gemaak word, sal ons geskok wees. Ons sal nou trag om hierdie sweer wat ons Afrikanereenheid so laat kwyn, vergoed te vernietig en in die plek daarvan te stel eenheid van doel en strewe. En hierdie eenheid van doel en strewe sal wees, 'Ons sal lewe, ons sal sterwe, ons vir jou, Suid-Afrika'. En hierby voeg ons 'met my God, vir my Volk, en vir my land Suid-Afrika''.[1] Die uiteensetting kan seker beskou word as 'n kwasi-kulturele geloofsbelydenis van 'n verbitterde man. Die konstitusie van die nuwe doodgebore beweging het daarenteen, byna 'n woordelikse weergawe van die kulturele doelstellings van die eerste OB-konstitusie bevat.

Intussen was die OB met sy 250 000 lede[2] besig met sy onafhanklikheid=stormloop[3] ten behoewe van die Afrikaner. Vir die OB as republikeinse volksbeweging was die politieke implikasies van die stormloop nie sonder betekenis en gevare nie. Die beweging se nuwe kommandant-generaal, dr. J.F.J. van Rensburg, het vanaf sy eerste openbare buiging in 1941 die OB midde in die stryd betrek.

---

1) OB-argief, C.M. Immelman-versameling : Konstitusie van Die Afrikaner Volk, sj.

2) Die Volksblad, 28:11:1940.

3) Die Burger, 30:12:1940.

# 5. DIE OSSEWA-BRANDWAG WORD VAN SY KULTUURBEELD ONTKOPPEL

## 5.1 Dr. Van Rensburg as "nie-kulturele leier" se beskouing van die Ossewa-Brandwag se doel en strewe

Om watter rede het dr. Van Rensburg sy onpartydige administrateurskap laat vaar vir die leierskap van 'n militante anti-oorlogsbeweging?[1] Dr. Van Rensburg het self verklaar dat die militêr-politieke situasie die hoofrede was waarom hy tot die OB toegetree het.[2] Hy het dit soos volg gemotiveer: "Dat die Afrikanerdom in nood verkeer soos nog nooit sedert Oktober 1899 moet vir selfs 'n blinde duidelik wees. Dat gevare, buitelands sowel as binnelands ons hele bestaan bedreig, is ewe onmiskenbaar. En in die brandpunte van hierdie gevare staan die Ossewabrandwag".[3] Dr. Van Rensburg se toetrede tot die OB het inderdaad plaasgevind in 'n jaar wat as een van die moeilikste tydperke in die geskiedenis van die Afrikanervolk bekend staan. Gedurende 1941 het die verdeeldheid, verwarring en verbittering in Afrikanergeledere 'n hoogtepunt bereik.[4] Die toestand het juis die weg gebaan wat dr. Van Rensburg en die OB in die politieke vaarwater sou laat beland. Dr. Van Rensburg het homself gesien as 'n man van aksie[5] wat 'n natuurlike aangetrokkenheid tot aksiegroepe het.[6] Hy het homself nie as 'n kulturele vuurvreter gesien nie,[7] en volgens een van sy kritici was hy in die dieper kulturele sake van die Afrikaner 'n leek.[8] Hiernaas is dr. Van Rensburg beskryf as "a protege of Pirow and General Hertzog, and a firm admirer of Hitler".[9] Dr. Van Rensburg het homself as 'n rasegte Afrikaner gesien, met 'n ideologiese benadering wat as Fascisties beskou kon word.[10] Dr. Van Rensburg het teen omstreeks 1937 tot lewensbeskoulike klaarheid ten aansien van die nuwe komende wêreldorde gekom. Hy het in Maart 1937 aan sy geesgenoot Pirow bely dat hy begin koers neem en gehoop dit is in

---

1) H. van Rensburg : Their paths crossed mine, p.165.

2) H. van Rensburg : Their paths crossed mine, p.165.

3) OB-argief, J.F.J. van Rensburg-versameling, Band 5, Lêer 40 : Persoonlike verklaring, 31:12:1940; A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.38.

4) G.D. Scholtz : Dr. Hendrik Frensch Verwoerd, bd. 1, p.161.

5) T.D. Moodie : The rise of Afrikanerdom, p.212.

6) G.C. Visser : O.B. Traitors or Patriots?, p.172.

7) T.D. Moodie : The rise of Afrikanerdom, p.212.

8) H.B. Thom : D.F. Malan, p.137.

9) T.D. Moodie : The rise of Afrikanerdom, p.212; vergelyk G.C. Visser : O.B. Traitors or Patriots?, p.14.

10) H. van Rensburg : Their paths crossed mine, p.134.

die regte rigting. Hy het sy gedagtes oor nasionaal-sosialisme teenoor internasionale kommunisme voor 'n geslote groep jongmanne getoets en die effek so goed gevind dat hy oortuig was dat hy met die rigting kon voortgaan.[1] Die verandering in dr. Van Rensburg se lewenshouding het hoofsaaklik uit sy besoek aan die opkomende Nazi-Duitsland ten tye van die Olimpiese Spele van 1936 gespruit,[2] asook die kontak wat hy gemaak het met opkomende Afrikaner intellektuele elite, wat net so onder die indruk van die nuwe komende wêreldorde was.[3] Die nuwe verskynsel en gees wat so 'n indruk op hom in Duitsland gemaak het, het hy soos volg omskryf: "Die Gees ... is die van die mees besliste en doelbewuste nasionalisme wat ek nog ooit in my lewe gesien of ondervind het. 'n Nasionalisme wat voor geen wêreldse, hoe gewyd die eeue dit ook al mag gemaak het, terug=deins. Wat streef met 'n ware hart en 'n koele kop om elke volksgenoot in die Beweging te kry in die bewussyn dat hul almal een gemeenskap vorm, een gemeenskap van lief of leed en wat onafskeidbaar gebonde is aan die een en dieselfde noodlot 'Eine unzertrennliche Schicksalsgemeinschaft'. En die vorm is een wat dus minder vertroud is as die Gees, want ons Nasionalisme is dalk wel gelyksoortig in gevoel en Gees - alhoewel ons ... by die Duitsers baie ver kortskiet in die intensiteit en allesomvattende gehalte van die gevoel. Maar by ons het die Nasionalisme geen besondere vorm nie wat sorg dra dat die Nasionalisme, die Nasie, as die hoogste goed in die Volkslewe gehuldig word. In Duitsland, dit was my indruk, het die siel ook 'n liggaam gevind. 'n Liggaam gespierd en opgewasse teen die gevare wat die siel mag van buite en ook van binne bedreig. Siel en Liggaam het eens geword 'n Persoonlikheid en die heet Nasionaalsosialisme. Ieder Nasionalis is Sosialis en ieder Sosialis is Nasionalis ... Dit is perfekte versmelting".[4]

Dr. Van Rensburg het verklaar dat geen Europeër sosialisme kan stuit nie, aangesien dit die nuwe wêreldorde is. Die feit het sy lewensbeskouing

---

1) OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 1, Lêer 3 : Vertroulike brief J.F.J. v.R. aan Pirow, 12:3:1937.

2) H. van Rensburg : Their paths crossed mine, pp.14, 95, 96; G.C. Visser : O.B. Traitors or Patriots?, pp.14, 48, 155; OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 1, Lêer 1 : Brief S.F. Gie aan J.F.J. v.R., 28:7:1936, brief F. Brehmer aan J.F.J. v.R., 24:7:1936.

3) W.A. de Klerk : The Puritans in Africa, pp.215-219; W.A. de Klerk : Die Toekoms van Afrikaans en die Afrikaner : Besinning en vernuwing (Van der Merwe, H.W. (Samesteller) : Identiteit en Verandering, p.124).

4) OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 2, Lêer 33 : Toespraak voor ANS te Stellenbosch, April 1937.

met wanhoop vervul. Enersyds het hy as nasionalis, sosialisme altyd met wantroue en selfs haat bejeën. Andersyds beskou hy dit as die nood=wendigheid van die tyd wat nie deur nasionalisme gestuit kan word nie. Vir dr. Van Rensburg is nasionaal-sosialisme die offervaardige onderwerping van die individu aan die volk op politieke en ekonomiese gebied. Hy ver=klaar dit soos volg: "Nasionaal-sosialisme of Volksgemeenskaplikheid postuleer organisasie, reëling van elke aktiwiteit wat die gemeenskap kan raak. Die Volksgenoot in sy werkkring in sy vakansiekring (wonings, fabrieke, ontspanningsoorde) - met een woord alles moet versorg word omdat alles die gemeenskap raak ... Deur 'n dissipline wat feitlik militêr is in sy onderlinge verhoudings - want die enigste massadissipline is militêre dissipline - en deur in die volk 'n gees aan te kweek wat klem lê nie op Regte nie maar op Pligte het hul in Duitsland die ondergang afgeweer en kan hul vandag die toekoms met vertroue tegemoet sien in 'n tyd waar die Nasionalisme in byna alle burestate ondermyn word".[1)]

Dr. Van Rensburg se toekomsverwagting van die stelsel is soos volg: "Die Volk van die Toekoms verlang pligsbesef van ons - nie 'n besef van ons regte nie. Jou burgerregte is van geen belang nie, behalwe vir jou eie self. Dis jou burgerplig wat tel. En wat ek daar oorkant die water by 'n stamverwante Volk gesien het laat my nuwe moed, nuwe hoop skep. Dit kan gedaan word daardie opheffing van ons volk en ons moet dit doen".[2)]

Sy ideologiese verbintenis met nasionaal-sosialisme was nie 'n onvoorwaar=delike aanvaarding van die wysgerige grondslae van die Duitse stelsel nie. Dit was eerder 'n bekentenis van die nuwe staatkundige en maatskaplike rigting van die twintigste eeu. Dr. Van Rensburg het dit gesien as 'n reaksie op die liberalisties-demokratiese grondslag, wat die beste by die nasionale karakter en tradisies aanpas en so ook in Suid-Afrika die besondere stempel van die volksaard en nasionale tradisies sal vertoon. Die stelsel kom neer op "die organiese volksbegrip, die offervaardige onderwerping van die individu aan die belange van die gemeenskap op politieke en maatskaplike gebied, en aan die ander kant die plig van die gemeenskap teenoor die

1) OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 2, Lêer 33 : Toespraak voor ANS te Stellenbosch, April 1937.

2) OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 2, Lêer 33 : Toespraak voor ANS te Stellenbosch, April 1937.

enkeling as volksgenoot, die noodsaaklikheid van dissiplinering van die volk vir sy pligs- en roepingsvervulling en, eintlik, die idee van ver=antwoordelike leierskap in 'n gesagstaat, wat in staat sal wees om die volksbeleid te stuur met die oog op sy duursame instede van bloot tydelike en toevallige belange".[1)]

Dr. Van Rensburg het as selfverklaarde nasionaal-sosialis aan ds. Kotzé verklaar dat net 'n gek die stelsel aan die Boerevolk sou opdring.[2)] Hierdie lewensbeskouing van dr. Van Rensburg is deur sy Nietscheaanse filosofie gekwalifiseer. 'n Persoonlike vriend van dr. Van Rensburg, dr. Albert Hertzog, verklaar dit soos volg: "Dr. Van Rensburg se hele lewe daarna is vir 'n groot gedeelte deur Nietzche bepaal. Sy standpunte was dan ook al baie gou dat hy 'n bewonderaar van mag geword het want, het hy gesê, alles kan net deur mag verkry word. Dit was vir my amper eienaardig om hierdie saggeaarde goedgeaarde Afrikaner met innemende karakter 'n filosofie te sien aanvaar van mag en geweld wat nie eintlik veel met goeie menslike verhoudings te doen het nie. Van daardie tyd af het Hans in sy intellektuele wêreld, apart van sy eie persoonlike wêreld as mens, 'n bewonderaar van mag geword. Hy het geglo in geweld, ofskoon hy dit in sy lewe sekerlik nooit toegepas het nie".[3)]

Teen die agtergrond van hierdie omstandighede en lewensbeskouing het die Ossewa-Brandwag, onder die militêr-georiënteerde leierskap van dr. Van Rensburg, tot 'n defensiewe paramilitêre volksbeweging[4)] met sy eie storm=troepe as aksiefront ontwikkel. Dit sou spoedig met dr. Malan in 'n stryd om beheer van die Afrikaner se nasionale beweging betrokke raak.[5)] Waarom? Die antwoord lê in dr. Van Rensburg se vertolking van die doel en strewe van die beweging.

---

1) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.36, 37; vergelyk ook OB-argief, H. van Rensburg-versameling, Band 1, Lêer 33 : Toespraak voor die League of Nations Union, 4:5:1937.

2) C.R. Kotzé : Die Ossewa-Brandwag, Sy Ontstaan, Ontwikkeling en Botsing, p.12.

3) OB-argief, Onderhoud : Dr. Albert Hertzog, Band 69; vergelyk ook G.C. Visser : O.B. Traitors or Patriots?, p.156.

4) Die Burger, 25:2:1941; The Cape Argus, 4:3:1941.

5) T.R.H. Davenport : South Africa. A modern history. Tweede uitgawe, p.228.

Op 15 Januarie 1941 het dr. J.F.J. van Rensburg voor nagenoeg 5 000 mense, tydens 'n skouspelagtige fees op Kroonstad, sy eed van trou aan die OB afgelê.[1] Vir ongeveer vyf maande het dr. Van Rensburg 'n propagandatoer deur die land onderneem om aan tienduisende geesdriftige OB-lede die strewe van hul beweging te verduidelik.[2] Tydens die byeenkomste, wat met bevele en militêre presiesheid beplan is, is dr. Van Rensburg, vergesel van sy adjudant en twee lyfwagte,[3] met luide toejuiging ontvang en met 'n af= gerigte OB-saluut begroet.[4] Die vyf maande het vir die OB 'n triomfmars geword.[5] Die beweging wat tot dusver soos 'n vuur gesmeul het, het eens= klaps ontvlam. Die OB het in die hele Suid-Afrika en selfs Suidwes-Afrika vlam gevat en as 'n magtige beweging besieling in elke deel van die Afrikanerdom ingedra.[6] Afrikaners met uiteenlopende oortuigings en ideale het na die banier van die OB gestroom[7] - op baie plekke gemarsjeer - en vurig gehoop dat hul selfrespek sodanig versterk sou word om hul minderwaardigheidsgevoel op alle terreine vir altyd af te werp.[8] Die OB-lidmaatskap het hiermee sy hoogtepunt bereik, dit is op 300 000 tot 400 000 lede geskat.[9]

Tydens die bogenoemde byeenkomste het dr. Van Rensburg die doel en strewe van die OB soos volg omskryf: Hy het die OB gesien as werktuig om 'n aktivistiese gees by die Afrikaner aan te wakker en uit te bou.[10] Vir hierdie taak was die beweging uitmuntend geskik omdat hy dit gesien het "as die gemobiliseerde Afrikanerdom, gemobiliseer tot die stryd om die bestaan op die verskeie vertakkinge van ons volkslewe. Gemobiliseer ekonomies, kultureel en vir onderlinge beskerming ... Ons wil die land

1) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, pp.38 e.v.; Die Transvaler, 16:1:1941.
2) Die Burger, 11:1:1941, 27:1:1941; Die Transvaler, 11:1:1941. Reisprogram.
3) C.R. Kotzé : Die Ossewa-Brandwag. Sy Ontstaan, Ontwikkeling en Botsing, p.12.
4) OB-argief, Gebied C-stukke : OVS order 2/1941, 3:2:1941; H.B. Thom : D.F. Malan, p.102.
5) Die Transvaler, 24:1:1941. Vergelyk ook voetnoot 6.
6) OB-argief, Onderhoud : Dr. Albert Hertzog, Band 69; Die Transvaler, 11:3: 1941, 2:4:1941, 18:3:1941, 22:3:1941, 9:4:1941; Die Burger, 18:3:1941, 2:4:1941, 15:4:1941, 28:6:1941.
7) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, pp. 78, 79.
8) H.B. Thom : D.F. Malan, p.102.
9) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, p.78; Cape Argus, 11:8:1941; Die Transvaler, 17:9:1941.
10) Die Burger, 25:2:1941.

nie in rep en roer bring nie. Ons wil net sorg dat die Afrikanerdom nie doodgedruk word in sy eie en enigste vaderland nie. Daartoe is die Ossewabrandwag daar".[1] Aangesien die OB as kern en konsentrasie van die Afrikaner op alle fronte en vir alle noodtoestande gemobiliseer is, kon hy hom nie van die fundamenteelste instellings van die Afrikaner weerhou nie. Dr. Van Rensburg het erken dat in dié lig gesien, sommige funksies van die beweging met dié van die ander volksorganisasies ooreen=stem. Dit was volgens hom nie ter sake nie. Die OB wou 'n diens lewer, nie om die ander organisasies se funksies te oorvleuel nie, maar om te help.[2] Die grootste ideaal van die nasiediens van die OB was die Christelik-nasionale bestemming van die Afrikanerdom, naamlik 'n republiek.[3]

Dr. Van Rensburg het herhaaldelik verklaar dat die OB vir die verkryging van 'n vrye republiek,[4] as erfenis van die Afrikaner, staan. In die republiek kon die Afrikaner sonder voorbehoud en dubbele lojaliteit die leuse "My God, my volk, my land Suid-Afrika" uitleef.[5]

Dr. Van Rensburg het deur sy omskrywing van die doel en strewe van die OB die grondslae wat reeds vroeër implisiet aanwesig was, duidelik en onmis=kenbaar geformuleer.[6] Dit was juis hierdie sterk en idealistiese leiding van dr. Van Rensburg en die klem wat hy gelê het op die omvattende diens=baarheidskonsep van die OB as volksaksiefront van die Afrikaner wat tot die disintegrasie van die beweging sou lei.

## 5.2 Die kultuurbeeld van die Ossewa-Brandwag as republikeinse volks=politieke front[7]

Die OB as lewenskragtige non-partypolitiese organisasie het uit die Afrikaner self ontstaan. Dit is deur sy leiers as 'n kulturele organisasie bestempel, maar dié volk het veel meer in die OB gesien as 'n blote kultuurorganisasie. Hulle

1) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, pp.39-40.
2) The Friend, 16:1:1941; Die Transvaler, 16:1:1941.
3) OB-argief, J.A. de W. Strauss-versameling : OB Kaapland, omsendbrief 6/41, 15:9:1941; Die Transvaler, 7:5:1941, 17:1:1941.
4) Vergelyk ook Die Burger, 7:4:1941, 15:4:1941, 26:6:1941, 25:2:1941, 1:3:1941, 5:3:1941, 17:1:1941; The Star, 27:1:1941; Die Transvaler, 17:1:1941.
5) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.40.
6) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, pp.38-42.
7) M. Roberts en A.E.G. Trollip: The South African Opposition, 1939-1945, p.81.

het die OB as die voortsetting van die algehele eenheidskonsep wat deur die Eeufees verwesenlik is, beskou. Hulle het die OB as 'n middel gesien waardeur eendragtige samewerking buite en bo die politiek verkry kon word om die vryheidsbestemming van die Afrikaner te verwesenlik.[1] Dr. Van Rensburg het die opvatting onderskryf omdat dit die ware karakter van die OB weerspieël het. *Die OB was volgens hom nie 'n kultuurorganisasie nie.*[2]

Die oorheersende republikeinse ideaal en verbrokkelde kultuurbeeld van die beweging is deur die OB-leiding bestempel as die "vrywording van die Afrikanervolk, sy daadwerklike beskerming op alle terreine van die volks=lewe en uitlewing van die Christelik-Nasionale beginsel waarop alle Afri=kaners tot 'n magtige volksorganisasie, tot 'n onoorwinlike volksleër saamge=snoer is, die magtigste organisasie wat Suid-Afrika ooit kan hê".[3] Die volksorganisatoriese en volksdissiplineringsfunksies[4] van die beweging is in die eerste plek aangewend vir die Afrikanervolk se vrywording. Leidende OB-offisiere het die beeld doelbewus uitgebou en die kultuurbeeld moes by hierdie veranderde prioriteite inpas.

Die OB het as volksbeweging "organies"[5] uit die Afrikaner se ontwikkelende selfbeeld ontwikkel. Die beweging het bestaan om die belange van die Afrikaner te ontwikkel, te beskerm en te bevorder. Hierdie belange is volgens Hoofgeneraal Du Toit[6] deur die OB in drie fasette verdeel: die geestelike en kulturele belange, die materiële belange en die politieke belange. Dit is ook in die leuse van die OB weerspieël: "My God, my Volk, my Land Suid-Afrika". Die OB se beleid ten opsigte van dié belange kan soos volg saamgevat word:

Die kultuurbeleid van die OB is om die volk weer terug na die sedes en gewoontes van die voorouers te lei. Die eerbied aan God is beskou as die belangrikste gewoonte. Die OB het hom daarop geroem dat hy die minder=

1) OB-argief, J.H. Coetzee-versameling : L.J. du Plessis : Afrikanereenheids=komitee en die geskil tussen die OB en die HNP of V, 1:10:1941.

2) OB-argief, KG-stukke, Toesprake : Toespraak, Laertrek te Bloemfontein, 13:4:1941. (My kursivering).

3) OB-argief, Kaapland-stukke : Omsendbrief 1/41, 18:6:1941.

4) OB-argief, N.G.S. van der Walt-versameling, Korrespondensie : Brief sekr. OVS-Beheerraad aan sekr. HNP of V Bloemfontein, 20:6:1941.

5) OB-argief, KG-stukke, Toesprake : Toespraak, Laertrek te Bloemfontein, 13-14:10:1941.

6) OB-argief, Gebied A, Wes-Kaapland-stukke : Hoofgeneraal dr. F.D. du Toit van Zyl : Die grondslag van die Ossewabrandwag, Augustus 1941.

waardigheidskompleks van die Afrikaner uitgeroei het, die sedes en gewoontes van die volk[1] laat herleef het, die karaktervastheid van die volk ontwikkel het, en die volk geleer het om nie na-apers van ander nasies te wees nie. Die suksesse van die OB is gemeet aan die onuitwis= bare gees van nasietrots, volksbewussyn en vasberadenheid wat in die beweging ontwikkel het. Ten einde die gees te bestendig het die OB 'n ander volkseienskap in die Afrikaner ontwikkel. Dit was dissipline, omdat die Afrikaner nog nooit gedissiplineer was nie. Deur dissipline wou die OB van die Afrikaner 'n magtige nasie maak. Die voorwaarde hiervoor was gehoorsaamheid aan die leiers, die uitskakeling van persoonlike eer, en diens alleenlik vir die gemeenskap, die volk en die land.

Die ekonomiese beleid van die OB het ten doel gehad om mee te help dat die Afrikaner sy regmatige plek in die ekonomiese sfeer van die Afrikaner kan verower.

Die uitlewing van die kulturele en die ekonomiese opheffing van die Afrikaner kon egter nie die groot doel en strewe van die Afrikaner ver= wesenlik nie. Die doel en strewe was om die onafhanklikheid en vryheid van die Afrikaner te verkry. Die OB het homself nie as 'n politieke party gesien nie maar verklaar dat geen volksbeweging wat die belange van die volk wil bevorder die staatkundige gebied kan negeer nie. Die OB het voorspel dat dit as 'n noodsaaklike en belangrike volksbeweging sou bly voortbestaan. In die toekomstige republiek sou hy die ystervuis van die regering en die geheime krag van die staat in die gemeenskap vorm.[2]

In eie geledere is die grondslag van die OB ook deels op historiese en tradisionele kultuurpatrone gefundeer.[3] Die OB het homself as die tweede trekbeweging gesien. Die eerste trek, die Groot Trek, as groot en koers= aanduidende beweging, het die Boerevolk saamgebind en na 'n republikeinse onafhanklikheid gevoer. Die tweede trek, die OB het 'n groter Afrikanerdom saamgesnoer wat op weg was na 'n groter republiek. Met die Eeufees en die

---

1) Vergelyk OB-argief, P.J. Nienaber-versameling : Transvaalse Beheerraad bevel no. 3/41 : Die sedelike grondslag van die OB-familie.

2) OB-argief, KG-stukke, KG-voorligting : Wat is die OB. 'n Lesing deur assistent-KG O.L. Nel tydens 'n Natalse Offisierskamp, 5-7:8:1941.

3) OB-argief, Gebied A, Wes-Kaapland-stukke : Hoofgeneraal dr. F.D. du Toit van Zyl : Die grondslag van die Ossewabrandwag, Augustus 1941.

Ossewatrek het die Afrikaner hom intiem met sy verlede verenig. Hier= deur het hy weer in aanraking gekom met die ideale wat sy voorouers gekoester het, die lewensbeskouing wat hulle gehuldig het en die krag wat hulle laat seëvier het. Die eeufeesvierings het tot 'n volksontwaking wat sy beslag in die OB gekry het, gelei. Wat bedoel was om slegs 'n heerlike volksdemonstrasie te wees, het in 'n magtige volksbeweging gekulmineer. Die volksbeweging het 'n wye omvang en dek alle terreine van die volkslewe. Die aktiwiteite van 'n volksbeweging is net so omvang= ryk as die aktiwiteite van die volk self. 'n Volksbeweging staan ten behoewe van elke aktiwiteit wat die verbetering van die volk ten doel het. 'n Volksbeweging is so intiem met die volk verbonde dat die volkslewe daarin tot uitdrukking kom en die volkswil daardeur die beste geopenbaar word. Die hele volk word tot 'n onbreekbare eenheid, sonder klasseverskil, in 'n volks= beweging saamgesnoer. 'n Volksbeweging beliggaam die verste verlede van 'n volk en die grootste moontlikhede vir sy toekoms. Die onsigbare band tussen die verlede en die toekoms is 'n volk se lewensbeskouing. 'n Volk word gelei en geïnspireer deur sy lewensbeskouing. Die OB het homself gesien as die volk se intieme en toegewyde aanraking met die volksverlede. Hierdeur het die OB die draer van die volk se lewensbeskouing en die uitdrukking van die volk se toekomsverwagting geword.

Hoe getrouer 'n volksbeweging die lewensbeskouing van die volk vertolk, hoe hegter word die volk in hom saamgebind. 'n Volksbeweging verwek entoesiasme, durf en kragdadigheid indien hy die moontlikhede besit om die volk te oortuig dat hy die krag tot oorwinning is. Die toets vir 'n volksbeweging is daarom die volkseenheid wat hy kan monster, die inspirasie wat die volk daarin kan vind en die offervaardigheid wat dit kan opwek. In die opsig is daar geen sprake van 'n kompromie nie. Sodra 'n volksbeweging nie meer die getroue vertolker van die lewensbeskouing van die volk is nie en nie meer die volkseenheid beliggaam nie, dan is dit nie meer 'n volksbeweging in die ware sin van die woord nie.[1)]

Dit is belangrik om daarop te let dat dié konsep van 'n volksbeweging in Augustus 1941, die maand waarin die stryd met die HNP of V 'n keerpunt bereik het, met meer klem deur die OB gepropageer is. Hierdie beeld is eers

---

1) OB-argief, Gebied A, Wes-Kaapland-stukke : Hoofgeneraal dr. F.D. du Toit van Zyl : Die grondslag van die Ossewabrandwag, Augustus 1941.

gedurende Oktober tydens die eerste laertrek van offisiere amptelik as die OB se aard en wese aanvaar.[1)]

Dié kultuurbeeld van die OB het ook uit die volgende algemene kulturele aktiwiteite bestaan: Hoewel die OB nog baie klem gelê het op opelug=byeenkomste waar gesellige samesyn bevorder kon word, het dit 'n hulpmiddel geword in die vryheidstryd en om 'n gees van dissipline in die Afrikaner=geledere vaardig te maak.[2)] Daarom het die uiterlike vorm van byeenkomste baie verskil van die informele braaivleisgeselllighede wat in 1940 gereël is. Tydens kampe en byeenkomste was OB-lede in hul kenmerkende drag gekleed, hulle het rosette gedra, hul motors met die OB-vlag (gebaseer op die ou Transvaalse vlag) versier, en hulle het in hulle onderskeie kommando's versamel om die ordereëlings deur middel van bevele van 'n kampkommandant of 'n voorsitter te ontvang.[3)] Daar is ook baie klem op die propaganda=waarde van vlae gelê. 'n Verhoog is gewoonlik met vlae opgetooi. Daar was ook gewoonlik 'n erewag wat die kommandant-generaal of hoogste offisier met die OB-saluut begroet het. Tydens die byeenkomste of vergaderings het 'n streng dissipline gegeld, wat deur bevele uiteengesit en opgeskerp is.[4)] Driloefeninge, optogte en opwindende toesprake[5)] deurdrenk met republikeinse gedagtes, was verder aan die orde. Die OB was inderdaad die Afrikaner se eerste kolonne op mars na sy staatkundige eindbestemming. Hier volg 'n voorbeeld van die gedissiplineerde paramilitêre karakter van die OB. Op 25 Januarie 1941 het Bloemfontein die kommandant-generaal tydens sy tien=daagse reis deur die Vrystaat ontvang. 'n Lyfwag, 'n erewag en vier vroue=kommando's is op die stasieplein deur dr. Van Rensburg geïnspekteer, waarna hulle na die Selborneplein vir die vergadering gemarsjeer het. "Die lyf- en erewag het bestaan uit 'n tweehonderd flinke Afrikaners, geheel en al in wit gekleed en hul vertoning was skitterend. Die marsjering was so in die haak dat dit selfs die agting van vyandiggesinde persone langs die strate

---

1) OB-argief, P.J. Nienaber-versameling : Notule van Laertrek, Bloemfontein, 13-14:10:1941.

2) The Friend, 16:1:1941.

3) The Cape Argus, 8:3:1941.

4) OB-argief, Kaapland-stukke : Kaapland-order 47/41, 9:12:1941; OB-argief, Gebied C-stukke : OVS-order 2/1941, 3:2:1941 vir uiteensetting van die OB-saluut en kode van dissipline.

5) D.F. Malan : Afrikaner - Volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen, p.189.

afgedwing het. Die erewag is gevolg deur die Spoorweg-erekommando van tweehonderd, wat in wit hemde en vaal broeke gekleed was, waarna die vroue in hul sierlike Voortrekkergewaad in rye van drie gevolg het. Op hul hakke het 'n baie lang optog van mans van die verskillende kommando's in gelid gevolg. Heel voor aan die prosessie, omring deur die lyfwag, het die kommandant-generaal, assistent-kommandant-generaal en ander hoë offisiere in twee oop motors gery, voorafgegaan deur die ou Republikeinse vierkleure en die vierkleur van die Ossewa-Brandwag".[1)] Hoewel die OB in gees na die Boeretradisie teruggegryp het is dié optogte as "childish display", "showing off" en "heil a la Hitler" veroordeel.[2)]

Van die kommando's het gevind dat die OB nie sy beeld as semimilitêre organisasie kon uitdra en die Afrikaner kon dissiplineer nie, tensy die militêre aspek daarvan op 'n gesonde grondslag beoefen word. Gevolglik is geniekorpse gestig en drilparades onder bevel van opgeleide instrukteurs gereël.[3)]

Hiernaas blyk dit uit die verslae van die kommando's dat verskeie ander byeenkomste en aktiwiteite op georganiseerde grondslag gereël is. Dit was onder meer Boerepieknieks; jukskeibyeenkomste; vriendekringaande; tiekieaande; volkspele, volksmusiek, volksang en geselligheidsaande wat veral na die toetrede van die dames op groter skaal georganiseer is en wat baie gewild was; boere-orkeste; liggaamsoefeninge, sportbyeenkomste en ander gesonde ontspanning.[4)]

Die OB het ook gepoog om vir die Afrikaner op 'n breër vlak 'n kulturele tuiste te skep. Daar is werkklubs vir die versorging van armes gestig,[5)]

---

1) Die Volksblad, 27:1:1941; Die Burger, 27:1:1941.

2) The Friend, 3:2:1941.

3) OB-argief, M.S.F. Grobler-versameling : Verslag, 15:2:1941; OB-argief, C.L. de Jager-versameling : Brief J.F.J. v.R. aan Smuts, 17:4:1941; OB-argief, OVS-stukke : OVS-bevel 8/41; vergelyk ook Die Transvaler, 16:1:1941, 3:2:1941; Die Burger, 3:2:1941, 5:3:1941, 20:8:1941; OB-argief, Onderhoud : M.S.F. Grobler, Band 103.

4) OB-argief, M.S.F. Grobler-versameling : Verslae, 1941; Die Burger, 12:8:1941.

5) OB-argief, M.S.F. Grobler-versameling : Verslae, 1941.

beserkming is aan persone verleen wat geweier het om die "Rooi-eed" af te lê,[1] rehabilitasie is verskaf deur werkklasse en 'n arbeidsdiens is georganiseer.[2]

Die OB het ook reëlings getref om die oud-OB-lede en Afrikaners wat nie deel van die OB-kommando's wou wees nie te akkommodeer. Die OB het 'n Boerejukskeilaer georganiseer om die lede wat as gevolg van die noodregulasies uit die OB moes tree, op 'n wettige wyse bymekaar te hou.[3] Daar is ook 'n volksdiensorganisasie in die OB gestig vir die persone wat wel by die OB wou aansluit maar nie kans gesien het om by die OB-kommando's in te skakel nie. Die persone moes 200 uur per jaar vrywillige diens aan die Afrikanervolk lewer. Die aard van die volksdiens is bepaal deur die aanleg, bevoegdhede en opleiding van elke betrokke lid. Die werksaamhede is soos volg in volksdiensafdelings georganiseer: godsdiens en sedes; staatkunde; reg; opvoeding en onderwys; pers, radio en propaganda; taal en kuns; landbou en veeteelt; handel en nywerheid; kredietwese; mynbou; arbeid; spoorweg en ontspanning; volksgesondheid; maatskaplike welstand; nie-Blanke sake; Blanke rasseverhoudings in Suid-Afrika.[6] Daar kon nie vasgestel word hoe suksesvol die pogings was nie.

Ten aansien van die reeds genoemde oogmerke van die OB se ekonomiese beleid is dit aangevul deur versterkte steun aan die RDB, die bystand aan Boere,[5] die organisering van steunmekaarkringe vir die versorging van geïnterneerdes se families,[6] en die byeenbring van verskeie fondse[7] om die beleid ten uitvoer te bring. In die opsig was die OB-byeenkomste 'n goeie bron van inkomste, want dit het tot £600 per byeenkoms[8] ingebring.

---

1) Die Burger, 21:1:1941; Die Transvaler, 21:1:1941.

2) Die Transvaler, 7:6:1941; Die Burger, 2:6:1941; OB-argief, P.J. Nienaber-versameling : Grondbeginsels van Rehabilitasie, 15:5:1941.

3) OB-argief, F.J. Labuschagne-versameling : Ontslagfunksie OB-lede ; Staatsbeamptes, 12:3:1941.

4) OB-argief, P.J. Nienaber-versameling : Transvaalse Beheerraad bevel 2/41, Volksdiensorganisasie van die OB.

5) Die Burger, 7:4:1941; Die Transvaler, 29:1:1941, 17:3:1941.

6) OB-argief, M.S.F. Grobler-versameling : Verslae, 1941.

7) OB-argief, Gebied A-stukke : Wes-Kaapland-bevel 5/20, 3:4:1941, Bevel 5/21, 15:4:1941; OB-argief, P.J. Nienaber-versameling : Notule van die Transvaalse Beheerraad, 8:1:1941; OB-argief, OVS-stukke : OVS-omsendbriewe 1/41, 10:2:1941; 13/41, 18:11:1941; OB-argief, Transvaal-stukke : Bevel TBR 16/41, 4:11:1941; Die Transvaler, 6:1:1941.

8) Die Burger, 5:9:1941; Die Transvaler, 4:2:1941, 28:2:1941, 6:3:1941, 21:3:1941.

Die swaar finansiële druk op die "kultureel geïnspireerde" byeenkomste het op die lange duur die OB-lede se entoesiasme laat verflou.[1]

Die OB wou ook deur verskillende aksies die godsdienstige lewe van die Afrikaner positief beïnvloed. Bevele is uitgereik vir kerkparades[2] en opdrag is gegee dat geen OB-funksies gedurende die Pinkstertydperk gehou mag word nie.[3] Die OB het ook die Volksverootmoedigingsdag van die Afrikaanse kerke, wat vir 31 Mei 1941 bepaal is, in groot getalle onder= steun.[4] 'n Uniale bevel vir die OB se bydrae is deur dr. Van Rensburg uitgereik.[5] Hiernaas het sommige kommando's ook bidure gehou.[6]

Ten opsigte van die bewaring van die Afrikaner se historiese erfenis het die OB die verskeie bydraes gemaak: Die OB het die verskuiwing van die Krugerstandbeeld ondersteun en vir hierdie doel is 6d van elke OB-lid inge= samel.[7] 'n Herbegrafnis van gesneuwelde burgers van die Tweede Vryheids= oorlog het op 30 Augustus te Frankfort plaasgevind.[8] Die landswye Helde= dagfeesvierings van die OB gedurende 1941 is met drie motiewe gereël. Eerstens moes daar op grootse wyse hulde aan die volkshelde betoon word. Tweedens moes die OB-lede in hul tienduisende byeenkom om daartoe by te dra dat 10 Oktober tot 'n volksdag verklaar kon word. Derdens moes OB-offisiere vasstel of daar in hulle omgewing grafte van gesneuweldes uit die vryheidstryd is. Indien die grafte verwaarloos is, moes dit herstel word en ondersoek moes ingestel word na die geskiedenis van die slag waarin sodanige persone gesneuwel het.[9] Op 13 Oktober 1941 het mev. Du Toit 'n kranslegging namens die OB by die Vrouemonument in Bloemfontein waargeneem.[10]

---

1) Die Vaderland, 25:8:1941.
2) Die OB-argief, M.S.F. Grobler-versameling : Verslae; OB-argief, OVS-stukke : OVS-bevel 9/41, 20:5:1941.
3) OB-argief, OVS-stukke : OVS-bevel 9/41, 20:5:1941.
4) INEG, UOVS, J.F. van der Merwe-versameling, Lêer 2/2/1/1/4 : Brief J. van der Merwe aan ds. C.W. Retief, 5:6:1941.
5) OB-argief, Kaapland-stukke : Kaapland-bevel 5/27, 28:5:1941; Die Burger, 15:5:1941, 26:5:1941, 31:5:1941, 3:6:1941, 5:6:1941, 6:6:1941; Die Trans= valer, 16:5:1941, 26:5:1941; The Star, 17:5:1941.
6) Die Burger, 13:8:1941.
7) Die Transvaler, 2:7:1941.
8) C.R. Kotzé : Die Ossewa-Brandwag, Sy ontstaan, ontwikkeling en botsing, p.36.
9) OB-argief, J.A. de W. Strauss-versameling : Kaapland-omsendbrief 5/41, 30:7: 1941; vergelyk ook Die Burger, 29:8:1941, 10:10:1941; Die Transvaler, 10:19:1941.
10) OB-argief, P.J. Nienaber-versameling : Notule van die eerste Laer van die OB-offisiere, Bloemfontein, 13 en 14 Oktober 1941.

Die OB het daartoe bygedra om die geesdrif vir die Afrikaanse sang aan te wakker. Dit is gedoen deur middel van sangaande, wat geesdriftig bygewoon is, en die OB se liederebundel wat in 1941 verskyn het.[1] Oor die plek en rol van mondelinge tradisie as historiese bron bestaan daar 'n omvattende literatuur.[2] Wat egter vir die doel belangrik is, is dat die OB-liedere die kulturele persepsie van die beweging weerspieël. Dit simboliseer die wyse waarop hulle hul geskiedenis ervaar het. Die aard van die liedere wat hier volg kan soos volg omskryf word: "The folk singer materializes a historical incident, perceived in culturally determined style by giving it form bequeathed him by his culture, during the process of his performance and despite of the fact that the meaning which the finished product of this action conveys may not stand the requirements of a so-called scientific history, it shows how that society conceives its history".[3]

In dié sin vorm die lied 'n kommunikasiemiddel tussen OB-lede, en weerspieël dit hul gemoedservarings, soos duidelik blyk uit etlike liedere van die beweging.[4]

"Die Ossewa-Brandwag-lied" was die volkslied van die beweging, wat by plegtige geleenthede gesing is. Die historiese verbondenheid en die vurige vryheidsgees spreek duidelik uit die lied.

---

1) OB-argief : OB-liederebundel, 1941; vergelyk Die Transvaler, 16:5:1941.

2) G. Gizelis : Historical Event into Song : The Use of Cultural Perceptual Style (Folklore, vol. 83, 1972, pp.302-320).

3) G. Gizelis : Historical Event into Song : The Use of Cultural Perceptual Style (Folklore, vol. 83, 1972, p.306).

4) OB-argief : OB-liederebundel, 1941. Daar is 22 OB-liedjies in die bundel opgeneem.

Ossewa-Brandwag
Ons mag en ons hoop vir ons land
In 'n tyd van stryd en offer
Smee ons saam 'n heil'ge band;
En die gees van die verlede
Is herbore in ons doel,
Helder Brand die vuur en geesdrif
Van ons trots en eergevoel.
    So staan ons vasberade
    En gee mekaar die hand
    In die Ossewa-Brandwag
    Vir die vryheid van ons land.

Ossewa-Brandwag,
Magtig staan in ons land hierdie rots
Wat net leiding en verlossing
Het hernu ons Boeretrots;
Helder breek die son deur wolke
Donker nagtyd is verby,
En ons volg die stem van helde
Wat Suid-Afrika bevry.
    So staan ons vasberade
    En gee mekaar die hand
    In die Ossewa-Brandwag
    Vir die vryheid van ons land.

Die volgende mars- en strydliedere het die gedissiplineerde kragdadigheid en die onuitroeibare vryheidsin van die OB weerspieël:

"Die Dag sal Kom!" Dit is 'n marslied wat aan diegene wat weifel gerig is.

"Opsaal, Boere!" Dit is 'n strydlied met drie gedagtes. Die oproep deur die vryheidsdrang, die stem van die verlede en die stem van vandag.

"Gee Pad!" Dit is 'n strydlied vir die OB-magte van die Rand.

"Burger, Jou Eer!" Dit is 'n stadige strydlied met 'n dreigende toon.

"O.B.-Penkoppe". Dit is 'n marslied vir die penkoppe en toon hul getrouheid aan die beweging.

"Hoor, Hulle Kom!" Dit is 'n marslied wat die aankoms van 'n afdeling OB-manne begroet.

"Tot Weersiens!" Dit is 'n marslied wat uitdrukking gee aan die Afrikaner se vryheidsdrang.

"Vry Suid-Afrika!" Dit was 'n besielende marslied vir marsjerendes, wat soos volg lui:

Ons is seuns van Boerehelde,
Ons is trots op ons geslag,
In ons hart bly ons getrou
Aan die Boere-Vierkleurvlag.

So marsjeer ons bymekaar,
Sy aan sy en doelbewus
Met vertroue in die Heer
Is ons in ons hart gerus,
En so roep ons Kamerade:
Hulde aan Suid-Afrika.

Ons staan rotsvas by die Brandwag
Soos ons ouers het gestaan,
En dieselfde moed besiel ons
Wat hul vyand het verslaan.

Refrein.

En so bou ons nou die toekoms
Van ons volk en land en taal
Vir 'n vrye Boerenasie
Deur Oom Paul al reeds bepaal.

Refrein.

Die verbintenis met die volksverlede en heldeverering is ook in 'n groot mate gebruik om die vryheidsin van die beweging aan te wakker. Hiervoor was veral "Die Majubalied" bestem. Hierdie lied besing die Afrikaner se roemryke volksverlede. Dit is bedoel vir geleenthede waar die volksverlede herdenk is. Die lied begin met 'n trompetsein, waarna 'n koor die drie versies sing. Daarna word die trompetsein herhaal. Die trompetgeskal sluit aan by die motief van die lied. Die eerste trompet=sein is die berg se wekroep as simbool van die Afrikaner se roemryke verlede. In die eerste vers praat die volk met die berg. In die tweede vers antwoord die berg en gee vir die volk advies en in die laaste vers hernu die volk sy getrouheid aan die berg as simbool van die volk se verlede. Die laaste trompetsein simboliseer die eggo wat van die berg af weergalm. Die lied[1] lui so:

Majuba!
Die berg van ons helde,
Majuba!
Die vyand is verslaan,
En die Vierkleur sal hier staan
Op die kruin van ons ou berg
Majuba!

Majuba!
Die stem van verlede!
Majuba!
Hou eendrag en eer
En vertrou steeds op die Heer,
En ek bly julle ou berg
Majuba!

Majuba!
Die gees van ons Boere!
Majuba!
Hier het ons gewen
En nou sal ons weer beken
Hierdie eed van getrouheid!
Majuba!

1) OB-argief : OB-liederebundel, 1941.

In hierdié liedere word die estetiese gevoel en selfbeeld van die OB weerspieël.

Faktore wat die OB van sy kultuurbeeld ontkoppel het

Verskeie faktore was gedurende 1941 verantwoordelik vir die ontkoppeling van die OB aan sy kultuurbeeld. Hoewel elkeen van die beperkende faktore ten opsigte van die kultuur 'n verhaal op sy eie vorm, word dit slegs in breë trekke omlyn.

Soos reeds genoem,[1] was die noodregulasies van die regering net op 'n sekere deel van die OB se bedrywighede gemik. Dit het tog bygedra om die psigologiese druk op die OB te verhoog en die openbare mening teen die beweging negatief te beïnvloed. Die OB was veral die skyf van minister H. Lawrence wat die portefeulje van Binnelandse Sake beklee het. Sy uit=sprake het hardnekkige gerugte laat ontstaan dat die regering die OB wou uitroei.[2] Hoewel die OB later deur die regering as 'n ondermynende orga=nisasie verklaar is, het die regering nooit so ver gegaan om die beweging te verban nie. Daar is verskeie redes hiervoor aangevoer. Die belangrikste was seker dat genl. Smuts besef het dat dr. Van Rensburg die OB se aktivisme in bedwang hou[3] en dat die politieke stryd in Afrikanergeledere die beweging sou skaakmat sit.[4] Die regering het egter deur middel van die noodregula=sies die OB se aktiwiteite in 'n groot mate aan bande gelê.

Hierdie maatreëls van die regering het die OB soos volg geraak: In 'n toevoeging tot die noodregulasies is gedurende Februarie 1941 'n verbod op die inluistering na die gewilde Afrikaanse radio-uitsending, Zeesen, geplaas wat pro-Duitse propaganda uit Duitsland uitgesaai het.[6] 'n Gevoeliger slag was Noodregulasie nommer 4, wat op 1 Maart 1941 op die OB van toepassing gemaak is. Dit het bepaal dat dit ongewend is vir enige persoon in diens van die staat om aan die aktiwiteite

1) Kyk p.46.

2) Die Burger, 10:1:1941; vergelyk Die Transvaler, 24:1:1941, 25:1:1941 en A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.46.

3) G.C. Visser : O.B. Traitors or Patriots?, pp.45, 161.

4) W.K. Hancock : Smuts, vol. 2. The Fields of Force, 1919-1950, p.354.

5) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, p.119; Die OB, 26:11:1941.

6) Die Burger, 5:2:1941; Die Transvaler, 5:2:1941. Zeesen was die Duitse dorpie vanwaar die Afrikaanse uitsendings deur 'n kragtige radiostasie uitgesaai is. Kyk G.C. Visser : O.B. Traitors or Patriots?, p.86.

van die OB deel te neem en die doeleindes en beleid van die beweging te bevorder of voor te staan.[1] Dr. Van Rensburg het gevolglik in 'n uniale bevel elke OB-lid in diens van die staat eervol uit die beweging ontslaan.[2] Hoewel dr. Van Rensburg verklaar het dat daar geen aftog uit die volksbeweging gaan plaasvind nie en dat die OB voortgaan[3] en nie uitgewis kon word nie,[4] het die beweging baie duisende waardevolle lede verloor.[5] Die beweging moes reorganiseer word sonder 'n groot gros van sy leierselement. In Pretoria het die OB 75% van sy lede verloor en moes funksies en kultuuraktiwiteite gestaak word.[6] Die maatreël is ook in die Boerekomitees,[7] die Landbank,[8] die Padvervoerraad,[9] skool- en hospitaalrade[10] toegepas in 'n suiweringsveldtog van openbare inrigtings.[11]

Die tweede faktor wat die OB se beeld nadelig beïnvloed het, was die geweldpleging, aktivisme en ondermynende bedrywighede teen die staat en die gepaardgaande interneringsbeleid. Hierdie dade het soos 'n donker wolk oor die OB bly hang[12] en die voortbestaan van die OB in gevaar gestel.[13] Daar was op 1 April 1941 193 Unieburgers in interneringskampe.[14] Veral die Kommandant-generaal se persoonlike verbintenis met die stormjaers het sy loopbaan onder uiterste druk geplaas.[15]

---

1) OB-argief, F.J. Labuschagne-versameling : Ontslagfunksie OB-lede - Staats= beamptes, 12:3:1941; The Star, 1:3:1941; Die Burger, 3:3:1941; The Friend, 4:3:1941. Vergelyk ook Debatte van die Volksraad, dl. 42, pp.4904, 2962 e.v.

2) OB-argief, Gebied A-stukke : Uniale-bevel 5/41, 4:3:1941; Die Burger, 4:3:1941; Die Transvaler, 4:3:1941.

3) OB-argief, Gebied A-stukke : Uniale-bevel 5/41, 4:3:1941.

4) Die Transvaler, 18:3:1941.

5) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.47.

6) OB-argief, M.S.F. Grobler-versameling : Verslag aan die GR, Julie 1941; Die Transvaler, 14:3:1941.

7) Die Burger, 8:4:1941.

8) Die Transvaler, 26:6:1941, 8:7:1941.

9) Die Transvaler, 6:12:1941.

10) Die Transvaler, 25:10:1941.

11) Die Burger, 10:6:1941; Die Transvaler, 11:6:1941.

12) G.C. Visser : O.B. Traitors or Patriots?, pp.88, 99, 104; Die Burger, 3:4:1941, 9:4:1941, 23:4:1941, 14:5:1941, 11:7:1941, 12:9:1941.

13) OB-argief, J. van Rensburg-versameling : Die OB en die Saak, 1941.

14) W.K. Hancock : Smuts, vol. 2, The Fields of Force, 1919-1930, p.340; Vergelyk Die Transvaler, 2:4:1941, 14:10:1941, 4:11:1941, 11:11:1941; Die Burger, 19:5:1941, 28:5:1941, 2:7:1941.

15) OB-argief, Onderhoud : K. Behrens en prof. H.M. van der Westhuizen, geen bandnommer.

In die derde plek het die ideologie van die Rewolusie van die twintigste eeu wat deur die volksbeweginggedagte gedra is, in Suid-Afrika weerklank gevind en aan die OB verbonde geraak. Om verskeie redes het die ideologie, wat in sy nasionaal-sosialistiese vorm in Suid-Afrika gestalte gekry het, op die rots van volksvreemdheid gestrand. Die onassimileerbaarheid van die volksbeweginggedagte is hoofsaaklik deur die toedoen van die HNP of V alreeds in Augustus 1941 in Suid-Afrika verwerp. Daarenteen het die OB-Laertrek in Oktober 1941 die nuwe rigting aanvaar wat die beweging se beeld in die oë van sy teenstanders verder afgetakel het.[1]

Vierdens het die Kommandant-generaal se kontroversiële uitsprake oor die OB se wese[2] die kultuurtaak van die OB op die agtergrond geskuif. Dr. Van Rensburg het, soos voorheen aangetoon,[3] herhaaldelik verklaar dat die OB in murg en been 'n republiek voorstaan.[4] Die republiek moes die bankrotboedel van die demokrasie en kapitalisme[5] as sinnebeeld van die nuwe orde vervang.[6] Hoewel hy verklaar het dat die OB die nuwe orde in 'n Suid-Afrikaanse idioom gegiet het,[7] het hy die OB as fanatieke rewolusionêre republikeinse beweging[8] met ander militante onafhanklikheidsbewegings in die

---

1) OB-argief, J.H. Coetzee-versameling : L.J. du Plessis : Die Afrikanereen=heidskomitee en die geskil tussen die OB en die HNP of V, 1:10:1941; Vergelyk D.F. Malan : Afrikaner-Volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen, p.189; O. du Plessis : Die Nuwe Suid-Afrika. Die Rewolusie van die Twintigste Eeu, p.7 e.v.; P. de Klerk : Die Ideologie van die Ossewa-Brandwag, pp.67-69, 103 e.v.; Die Burger, 11:8:1941; The Star, 17:9:1941; Die Transvaler, 9:8:1941, 13:8:1941.

2) The Friend, 24:1:1941.

3) Kyk p.64.

4) OB-argief, KG-stukke, Toesprake : Toespraak tydens Laertrek, 13-14:10:1941; Die Burger, 20:9:1941, 25:9:1941; Die Transvaler, 17:9:1941; The Cape Argus, 4:3:1941.

5) OB-argief, KG-stukke, Toesprake : Toespraak tydens Laertrek, 13-14:10:1941; G.C. Visser : O.B. Traitors or Patriots?, p.17.

6) OB-argief, KG-stukke, Toesprake : Toespraak tydens Laertrek, 13-14:10:1941; G.C. Visser : O.B. Traitors or Patriots?, pp.167, 178, 180, 199; The Sun=day Express, 5:1:1941, 12:1:1941; Die Burger, 13:9:1941; The Star, 17:9:1941.

7) OB-argief, KG-stukke, Toesprake : Toespraak tydens Laertrek, 13-14:10:1941; OB-argief, P.J. Nienaber-versameling : Notule van eerste Laertrek, Bloem=fontein, 13-14:10:1941.

8) OB-argief, KG-stukke, Toesprake : Toespraak tydens Laertrek, 13-14:10:1941; G.C. Visser : O.B. Traitors or Patriots?, p.156; The Star, 17:1:1941; The Cape Argus, 13:8:1941, 16:8:1941.

wêreld vergelyk.[1] Sy intieme verbondenheid met die stormjaers[2] en sy ideologiese verbondenheid met adv. Pirow het net soveel kritiek uitgelok.[3] Adv. Pirow, die uitgesproke aanhanger van Salazar se nasionaal-sosialisme[4] en voorstander van minder kultuur en meer doelbewuste aksie,[5] het die OB as die stormtroepe van die nuwe orde bestempel.[6] Die optrede van die Kommandant-generaal as mondstuk van die beweging[7] en die feit dat hy die OB aan hom as leier wou onderwerp,[8] het tot gevolg gehad dat die nie-militantes hom in 'n doelbewuste interne suiweringsveldtog wou vervang.[9]

Vyfdens het een enkele faktor die OB uit die nasionale beweging van die Afrikanerdom gedwing. Dit was die leierskapstryd tussen die OB en die HNP of V op politieke vlak. Hoewel die aspek by die politieke aktiwiteite van die OB tuishoort, word slegs die aspekte van die stryd wat bepalend vir die ontwikkeling van die beweging se nie-kulturele beeld is, bespreek.

Tot omstreeks Julie 1941 het die sake vir die OB op politieke vlak gunstig verloop. Dr. Van Rensburg het die welwillendheid en gulhartigheid van sy magtige beweging[10] geniet en uit 'n posisie van krag sy hand aan die volks= politiek,[11] en so die hoogste ideaal van die Afrikanerdom,[12] gewaag. Sy

---

1) G.C. Visser : O.B. Traitors or Patriots?, pp.16, 17, 28, 156, 157; G.D. Scholtz : Dr. Hendrik Frensch Verwoerd, 1901-1966, vol. 1, p.161.

2) T.D. Moodie : The rise of Afrikanerdom, pp.212, 222.

3) OB-argief, KG-stukke, Toesprake : Toespraak te Paarl, 1:11:1941; M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, pp.87, 96; The Friend, 24:1:1941; The Sunday Express, 19:1:1941; The Cape Argus, 16:1:1941, 11:8:1941, 13:8:1941; The Star, 17:9:1941; Die Transvaler, 9:8:1941.

4) O. Pirow : James Barry Munnik Hertzog, p.259.

5) The Cape Argus, 16:1:1941; The Natal Witness, 17:1:1941.

6) The Friend, 4:3:1941.

7) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, pp.59, 88.

8) C.R. Kotzé : Die Ossewa-Brandwag, Sy Ontstaan, Ontwikkeling en Botsing, pp.30, 47, 49.

9) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, pp.107, 108; Die Burger, 15:9:1941, 16:9:1941, 20:9:1941, 26:9:1941, 27:9:1941, 2:10:1941, 9:10:1941; Die Transvaler, 22:9:1941, 13:10:1941; The Star, 19:9:1941, 20:9:1941, 25:9:1941, 2:10:1941, 3:10:1941.

10) Die Burger, 18:3:1941.

11) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, p.81.

12) Die Transvaler, 11:8:1941.

politieke weermag[1] was ondanks die spotnaam "Amalaitas"[2] in die "Vier-mag"[3] (dit is FAK, RDB, OB, HNP of V) van die Afrikanerdom ingesluit. Daarenteen het dr. Malan en dr. Van Rensburg die volk herhaaldelik van die onbreekbare eenheid in Afrikanergeledere verseker.[4] Dit was juis die eienaardige verhouding tussen dié twee organisasies wat tot 'n hoogspanningstyd in Afrikanergeledere sou lei.

Hoe het die OB die twee organisasies gesien? Die HNP of V was vir OB-lede konstitusioneel van aard, veel ouer en meer demokraties, maar ook minder geïnspireerd, minder georganiseerd en verlam deur party-politieke verdeeldheid en die flaters van die verlede. Hierteenoor was die OB jonger, meer aktivisties en outoritêr, geesdriftiger, goed georganiseerd en gesterk deur die onverdeelde Afrikanersteun. Die OB het na die Afrikanerdom gekom om "iets te doen" en 'n verwagting geskep dat daar in sy geledere "iets gaan gebeur". Na die oorlogsverklaring was dit hoofsaaklik die OB wat alle verontregte Afrikaners in sy geledere gemobiliseer het. Deur die voorhou van politieke kwessies het hy ook dié Afrikaners se politieke aspirasies bevredig.[5] Die OB het as samebindende redmiddel van die volk[6] die waarborg vir eendragtige samewerking sonder party-politieke verdeeldheid geword. Hierdeur het die OB in 'n groot mate die versekeraar van die Afrikaner se vryheidsverwagting geword. Die gevolg was dat die HNP of V algaande sy vat op die volksmassa ingeboet het.[7]

Leiers van die vernaamste Afrikaanse organisasies het besef dat die Afrikanerdom nie die heelhartige steun van die OB ten koste van die HNP of V kon bekostig nie.[8] Dit het op die Verklaring namens die Volksorganisasies (dit is FAK, RDB, OB) uitgeloop wat 'n verenigde Afrikanerfront en eenheidsleiding in

---

1) The Star, 17:1:1941.
2) Die Transvaler, 21:1:1941.
3) Vergelyk ook Die Transvaler, 25:2:1941.
4) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, pp.49, 50; Die Transvaler, 5:3:1941, 22:5:1941; Die Burger, 6:3:1941, 21:5:1941.
5) OB-argief, Gebied A-stukke : OB Kaapland-voorligtingstuk 5/41, 27:9:1941.
6) Die Transvaler, 3:3:1941.
7) OB-argief, J.H. Coetzee-versameling : L.J. du Plessis : Die Afrikanereenheidskomitee en die geskil tussen die OB en die HNP of V, 1:10:1941.
8) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, p.80; A.N. Pelzer : Die Afrikaner-Broederbond : Eerste 50 Jaar, pp.173 e.v..

die volkslewe ten doel gehad het.[1]

Hierdie gedagte het die OB implisiet bevoordeel. 'n Doelbewuste poging om eenheid in Afrikanergeledere te bevorder het die OB ook versterk, omdat die beweging juis die sinnebeeld van die Afrikaner se eenheidsver= wagting was. Sy status as volksbeweging het juis hiervan afgehang.

Op 2 Junie het die Kommissie vir Algemene Beleid[2] in Bloemfontein vergader, waarin die FAK, RDB, OB en HNP of V verteenwoordig was. Die verhoudings= problematiek tussen die OB en die HNP of V was van die staanspoor af 'n saak wat dringende aandag geniet het. In 'n konsep-beleidstuk is onder meer vermeld dat die Party rekening met die verskillende strominge binne die Afrikaanse partywese moes hou en dat die OB voorlopig met die plig van volksdissiplinering en in die toekoms met veral 'n militêre taak belas sou wees.[3] Op die vergadering van 9 Junie het dr. Hans van Rensburg onder meer voorgestel dat besondere take aan elk van die deelnemende organisasies toegeken word, naamlik aan die HNP of V die partypolitiek; aan die OB die taak om 'n aktivistiese volksorganisasie op te bou en in stand te hou ter verkryging van 'n selfstandige republikeinse staat; aan die FAK die kulturele gebied en aan die RDB die ekonomiese sake.[4] Dié koördineringsplan is nie sonder teenstand deurgevoer nie.[5] Hoewel die eenheids- en koördinerings= onderneming ook vir die HNP of V voordeel ingehou het, was die partyleiers bekommerd oor die OB se optrede. Die feit dat die OB in 'n tweede politieke party kon ontaard,[6] het ernstige besware van adv. Strydom uitgelok. Hy het veral in verset gekom teen sekere uitlatings van dr. Van Rensburg, byvoorbeeld dat slegs die OB redding vir die volk kan bring en dat slegs die OB 'n republiek tot stand kan bring.[7]

---

1) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, pp.82 e.v.; A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, pp.54 e.v.; O.B.-argief, J.H. Coetzee-versameling : L.J. du Plessis : Die Afrikanereenheidskomitee en die gestig : Verklaring oor wat bereik is, p.2.

2) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.57.

3) H.B. Thom : D.F. Malan, p.105.

4) INEG, UOVS, I.M. Lombard-versameling, Lêer 1/8/2/1/1 : Notule van Kommissie insake algemene beleid, 9:6:1941, p.2.

5) H.B. Thom : D.F. Malan, p.105.

6) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.59.

7) H.B. Thom : D.F. Malan, pp.105, 106.

Die "Grondwet" en die Verklaring namens die Volksorganisasies[1] is op die vergadering goedgekeur met die veronderstelling dat die Uniale Kongres van die HNP of V dit moes aanvaar.[2]

Hierdeur is die dreigende botsing tussen die OB en die HNP of V wat reeds so gevorder het dat dr. Van Rensburg nie op die Uniale Kongres van die Party kon verskyn nie, voorlopig die hoof gebied.[3] Die Uniale Kongres van die HNP of V op 3 Junie het die stigting van die voorgestelde koördinerende komitee waarheen die onopgeloste geskille tussen die HNP of V en die OB ook verwys is, gemagtig.[4] Wat wel belangrik is, is dat die HNP of V aanvaar het dat die ander volksorganisasies met behoud van hul eie selfstandigheid hul samewerking aan die Party kon bied. In dié sin kon die hoof van elke organisasie, op grondslag van die Verklaring namens die Volksorganisasies, op sy gebied namens die hele volk praat.[5]

Hernuwe spanning tussen die twee groepe was volgens Moodie,[6] die doelbewuste pogings van die Party om die "civil religion thunder" van die OB die hoof te bied. Dit is die feit dat dr. Malan die titel van "Volksleier"[7] tydens die kongres ontvang het en dat die HNP of V tot 'n "volksbeweging" aan die party-politieke front verbreed is.[8] Die reorganisasie van die Party, op basis van die georganiseerde krag van die OB, was ook 'n poging om die kontra-aantrek=likheid van die OB te neutraliseer.[9] Hoewel die Party die beskuldigings ont=ken het,[10] was die HNP of V hierna as politieke strydmag georganiseer.[11]

Op 9 Junie is die Afrikaner-Eenheidsfront gestig, met die doel om 'n "ver=enigde volksfront in die stryd vir die volksbestaan te verkry en vir die

---

1) T.D. Moodie : The rise of Afrikanerdom, p.218. Vergelyk voetnoot 2.
2) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.58; M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, p.83.
3) OB-argief, J.H. Coetzee-versameling : L.J. du Plessis : Die Afrikanereen=heidskomitee en die geskil tussen die OB en die HNP of V, 1:10:1941.
4) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.63.
5) OB-argief, J.H. Coetzee-versameling : L.J. du Plessis : Die Afrikanereen=heidskomitee en die geskil tussen die OB en die HNP of V, 1:10:1941.
6) T.D. Moodie : The rise of Afrikanerdom, p.217.
7) Die Burger, 4:6:1941; Die Transvaler, 4:6:1941; The Star, 4:6:1941.
8) N.G.S. van der Walt : Die Republikeinse Strewe, pp.186-187.
9) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, p.81; Die Burger, 6:6:1941; The Star, 17:5:1941.
10) H.B. Thom : D.F. Malan, p.108.
11) Die Burger, 13:6:1941.

konsolidering van die Afrikanerkragte ter verwesenliking van die vry=heidsideaal van die Afrikaner, naamlik 'n Republiek".[1] Die Eenheidskomitee het begin om onder andere die terreine van die verskillende organisasies af te baken, sodat onderlinge botsings vermy kon word.[2] Terselfdertyd is vordering gemaak met die verhoudingsvraagstuk, dubbele lidmaatskap en amps=bekleding tussen die OB en die HNP of V, in die lig van die Party se reor=ganisasieskema.[3] In die opbouing van 'n gemeenskaplike volksbeleid is besluit dat die verskillende organisasies, gedagtig aan elkeen se besondere taak, ook gesamentlik op die verwesenliking van die Afrikanerdom se Christelik-nasionale bestemming gerig sal wees. Die saak is soos volg omskryf: "Elkeen van hierdie liggame lewer 'n onontbeerlike bydrae tot die vestiging van 'n selfstandige Afrikaanse magsorganisasie, naamlik die Republiek, wat op sy beurt die uitoefening van die besondere taak van elke liggaam op duidelike Christelike regsgronde sal beskerm en bevorder. Aangesien verder die Herenigde Nasionale Party en die Ossewabrandwag in 'n noue onderlinge verband moet optree ter verkryging van die verlangde staatsmag, moet die versterking van hierdie organisasies deur hul leiding onderneem word op 'n wyse wat alle onderlinge wrywing in die praktyk sal uitskakel".[4]

Dr. Van Rensburg het teen die agtergrond van hierdie besluite die veelbe=sproke Uniale omsendbrief nommer 1/41 op 3 Julie 1941 uitgereik. Hy verklaar dat die OB as volksbeweging homself nie op die party-politieke terrein begeef nie, maar laat die behartiging van die Afrikanerbelange op die vlak aan die politieke partye oor. Hy het die standpunt gekwalifiseer deur 'n uitspraak wat die Partyleiers laat regop sit het: "Dit spreek vanself, egter, dat dit (OB) nader verwant voel aan partye wat Republikeins georiënteerd is omdat dit (OB) self in murg en been republikeins is. Want die Republiek is nie 'n party-politieke saak nie, dit is, na sy Godsdiens, die hoogste volksideaal van die Afrikanerdom. Derhalwe gaan die Ossewabrandwag homself sonder vrees of blaam inwerp aan die republikeinse strydfront".[5] Hiernaas het die omsendbrief as

---

1) OB-argief, Gebied A-stukke : OB Kaapland-omsendbrief 1/41, 18:6:1941.

2) OB-argief, J.H. Coetzee, versameling : L.J. du Plessis : Die Afrikanereen=heidskomitee en die geskil tussen die OB en die HNP of V, 1:10:1941; M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1935, p.85.

3) OB-argief, Gebied A-stukke : OB Kaapland-order 28/41, 14:6:1941; Die Burger, 14:6:1941; H.B. Thom : D.F. Malan, p.105.

4) OB-argief, J.A. de W. Strauss-versameling : OB Kaapland-omsendbrief 1/41, 18:6:1941.

5 OB-argief, J.A. de W. Strauss-versameling : OB Uniale omsendbrief 1/41, 3:7:1941.

gevolg van 'n "misverstand",[1] besonderhede bevat uit die Republikeinse Grondwet wat aan die Partyleiers oorhandig is. Die grondslag van die republiek wat die OB hier gepropageer het was, volgens hulle, vry van volksvreemde ideologieë en in noue aansluiting met die volksgeskiedenis. Dit dui op 'n moontlike bevriesing van die nasionaal-sosialistiese tendens wat hulle bestel gekenmerk het.[2]

Volgens dr. Malan was die omsendbrief die teken (van OB-kant), waarvoor hy gewag het om effektief op die beweging se politieke maneuvers toe te slaan. Die omsendbrief het volgens dr. Malan onteenseglik die grenslyn tussen die OB en die HNP of V oorskry.[2] Dr. Malan se hoofdoel was om die Afrikanerdom, op sy voorwaardes, onder die banier van die HNP of V te verenig. Om hierdie rede moes hy nasionaal-sosialisme en die OB uit die Afrikanerdom verban.[3] Volgens Roberts en Trollip[4] was omsendbrief nommer 1/41 'n duidelike inval in die politieke sfeer en dat dr. Van Rensburg se verklaring op Vlakfontein (12 Julie) die HNP of V 'n stok gegee het om die OB na willekeur by te dam.[5]

Die Eenheidskomitee het op 2 Augustus in die teken van dreigende politieke oorlogswolke vergader. Die RDB en die FAK het as nie-politieke organisa= sies alreeds tekens van ongemaklikheid vertoon in dié komitee wat hulle moontlik in suiwer politieke sake kon insleep.[6] Dr. T.E. Dönges (lid van die Uitvoerende Komitee van die FAK) was oortuig dat die FAK hom net formeel in die Eenheidskomitee met die OB moes bemoei en dat skakeling op ander wyses nie gewens is nie.[7] Die leiers van die volksorganisasies het by die geleentheid hul selfstandigheid teenoor die party op hul eie gebied beklemtoon, deur voor te stel dat die voorsitter van die Eenheidskomitee 'n onpartydige persoon moet wees. Die erkenning dat al die deelnemende organisasies die reg het om die republiek as volksgemeenskaplike saak te

---

1) H.B. Thom : D.F. Malan, p.107.
2) Vergelyk, H.B. Thom : D.F. Malan, pp.112-113.
3) D.F. Malan : Afrikaner-Volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen, pp.189, 190; H.B. Thom : D.F. Malan, pp.114, 115.
4) D.W. Krüger : The Making of a Nation, p.287.
5) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, p.190.
6) Vergelyk ook H.B. Thom : D.F. Malan, p.115.
7) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, p.91.
8) INEG, UOVS, FAK-versameling, Lêer 2/1/1/2 : Brief T.E. Dönges aan P. Meyer, 4:9:1941.

propageer en die vae terreinafbakening tussen die OB en die HNP of V, sou eventueel die OB se volksbewegingskap in die praktyk vernietig. Daar is tydens die vergadering ooreengekom dat dit die taak van die HNP of V is om die republiek staatkundig te bepaal en te verwesenlik. Hierteenoor moes die OB die volk dissiplineer ten einde die republiek deur algemene volksaksie te verwesenlik.[1] Waar moes die lyn getrek word tussen party=politiek en volkspolitiek (OB) en tussen volksdissipline en partydissipline?[2] Die veronderstelling dat die OB en die HNP of V voortdurend in die nouste samewerking sou optree, was 'n vae hoop. Volgens prof. Du Plessis het dr. Malan teen die einde van die vergadering, terloops, teen omsendbrief nommer 1/41 beswaar gemaak. Dr. Van Rensburg het onderneem om in 'n openbare toe=spraak die saak reg te stel.[3]

Roberts en Trollip[4] verklaar die situasie soos volg: "The leaders 'under=stood one another' at least to this extent, that they realised that no attack could be made without retaliation, no infringement without instant resent=ment, no false step without sure retribution. But this armed truce must continue. Neither dare risk accepting responsibility for precipitating a breach, so soon after the creation of the Volksfront. And so for the present, Van Rensburg mildly withdrew, and Malan refrained from pressing his advantage".

In plaas van 'n tegemoetkomende optrede het dr. Van Rensburg in die loop van die volgende paar weke die selfstandigheid en politieke funksie van die OB teenoor die politieke partywese op 'n taamlik ontaktvolle wyse beklemtoon.[5] Wat was die motief vir dr. Van Rensburg se optrede? Dit was duidelik dat die OB sy eie gang wou gaan met sy volkspolitiek en hoegenaamd nie geïnteresseerd was om hom aan die partydissipline te onderwerp nie.[6] Volgens dr. A. Hertzog

1) OB-argief, J.H. Coetzee-versameling : L.J. du Plessis : Die Afrikanereen=heidskomitee en die geskil tussen die OB en die HNP of V, 1:10:1941.

2) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, p.92.

3) OB-argief, J.H. Coetzee-versameling : L.J. du Plessis : Die Afrikanereen=heidskomitee en die geskil tussen die OB en die HNP of V, 1:10:1941.

4) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition : 1939-1935, p.93.

5) OB-argief, J.H. Coetzee-versameling : L.J. du Plessis : Die Afrikanereen=heidskomitee en die geskil tussen die OB en die HNP of V, 1:10:1941.

6) OB-argief, Onderhoud : Prof. D.W. Krüger, Band 155.

moet die antwoord in die Nietscheaanse uitkyk en gesagsidee van dr. Van Rensburg gesoek word. Dit het veroorsaak dat hy die "finesse" van die politiek geminag het,[1] en dit is net waarvoor dr. Malan gewag het.

Die Kommandant-generaal het op 9 Augustus op Elsburg[2] twee dinge met sy toespraak beoog. Eerstens dat die OB die reg het om 'n republiek te pro=pageer, en tweedens het die OB as volksbeweging die plig om alle republi=keinsgesinde Afrikaners organisatories verenig te hou. Hy het dit gemoti=veer deur te verwys na die moontlike ketterjag op politieke terrein. Dit is allerweë beskou as 'n ongevraagde inmenging in die interne sake van die HNP of V, wat juis op dié stadium met alle mag teen Pirow se nasionaal-sosialisme opgetree het.[3] Die *Cape Argus* was van mening dat dr. Van Rensburg die Pirow-Malanstryd wou uitbuit om die OB te populariseer[4] en verklaar die beweging se verborge motiewe in die partystryd soos volg: "The most enlightening and perhaps the most sinister aspect of this squabble (Pirow-Malan) is the part played in it by the Ossewa-Brandwag. Time and again every leader of that organisation has protested that its purpose is not political. The protests have always rung hollow, because it is common knowledge that the machinery of the Ossewa-Brandwag is daily applied to political uses. And *now Mr. Pirow*, speaking at the party congress (die 12de), in his own defiance, *has given the whole story away*. He has de=clared that his Nazi tub-thumpings throughout the country have been under=taken at the request of the party 'and of the Ossewa-Brandwag'. No doubt many of the innocent who have been attracted to the Ossewa-Brandwag by its colourful procedure will be shocked to learn that their organisation has incited and encouraged the man who is now defying Dr. Malan and splitting once again another section of the Afrikaner people".[5] Roberts en Trollip[6]

---

1) OB-argief, Onderhoud : Dr. Albert Hertzog, Band 69.

2) Die Burger, 11:8:1941.

3) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1935, pp.93, 94; H.B. Thom : D.F. Malan, p.117.

4) The Cape Argus, 11:8:1941.

5) The Cape Argus, 13:8:1941; my kursivering, vergelyk ook The Cape Argus, 10:8:1941.

6) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, p.96.

verklaar dat dr. Van Rensburg se berekening een fatale tekortkoming gehad het: "He was envisaging the cleaving asunder of the H.N.P., with either the victory, or the ejection of Pirow. What he never envisaged was the disintegration of the Ossewa-Brandwag".

Die gewapende vrede tussen die OB en die HNP of V was hiermee verbreek.[1] Die verwagte politieke skeuring was vir die OB nie sonder ernstige gevare nie. In die OB-geledere was daar mense wat aan geen party behoort het nie, maar die meerderheid OB-lede was ook HNP of V-lede. ŉ Partypolitieke skeuring het dus vir die OB ernstige gevolge ingehou.[2]

Van hierdie oomblik af het dr. Malan die Eenheidskomitee nie meer ingeroep nie en eiehandig die stryd teen dr. Van Rensburg opgeneem.[3] Op 12 Augustus het dr. Malan die Kommandant-generaal by wyse van agt vrae tot orde geroep en so ŉ waterskeiding in die stryd geëis.[4]

Op 13 Augustus het die openbare oog weer na dr. Van Rensburg gedraai. Hy het op Reitz met nadruk die selfstandigheid van die OB, én sy Elsburgtoe=spraak, herbevestig. Hy het ook in ŉ bedekte hou na dr. Malan, verwys na die Eenheidkomitee as die plek waar politieke geskille besleg moet word. Dr. van Rensburg het onderneem om dr. Malan se agt vrae op die 23ste te beantwoord.[5]

Die Voorsitter van die Groot Raad, ds. C.R. Kotzé, het deur ŉ goed bedoelde verklaring ŉ interne stryd in die OB-geledere ontketen. Hy wou die lug suiwer en vir die volk wys dat daar geen "Nasionaal-Sosialistiese spook" in die OB bestaan nie.[6] Dr. van Rensburg het dit egter as ŉ "bom" onder sy

1) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, p.95; OB-argief, Onderhoud : K. Behrens en prof. H.M. van der Westhuizen, geen bandnommer.

2) A.J.H. van der Walt : ŉ Volk op Trek, p.69.

3) OB-argief, J.H. Coetzee-versameling : L.J. du Plessis : Die Afrikanereen=heidskomitee en die geskil tussen die OB en die HNP of V, 1:10:1941.

4) H.B. Thom : D.F. Malan, p.118; A.J.H. van der Walt : ŉ Volk op Trek, pp.70 e.v.; Die Burger, 13:8:1941.

5) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, p.98; H.B. Thom : D.F. Malan, p.118; C.R. Kotzé : Die Ossewa-Brandwag. Sy Ontstaan, Ontwikkeling en Botsing, p.24.

6) Die Burger, 16:8:1941.

bed beskou en ds. Kotzé se wantroue bevestig.[1] In die lig van die ernstige toestand op politieke vlak het die Groot Raad op 20 Augustus vergader en 'n verklaring opgestel wat sy "onwrikbare trou in sy hoogste offisier betuig" het.[2] Versterk deur hierdie herversekeringsverdrag van sy Raad, het dr. Van Rensburg gereedgemaak om dr. Malan op Brakpan te antwoord. Terwyl ds. Kotzé se hoop in die Groot Raad deur die verklaring "verpletter" is,[3] het genl. Sauer en 138 offisiere 'n protes teen die Kommandant-generaal se beleid gepubliseer. Volgens hulle het die OB, wat as 'n Afrikaanse aksiefront ge= stig is, in 'n blote kreatuur van die Kommandant-generaal ontaard.[4] Die "Jingo-pers" het met venyn aan die "ketterjag" in Afrikanergeledere meege= doen. Die *Cape Argus* se redakteur het ten aansien van die openlike konfron= tasie tussen die OB en die HNP of V verklaar dat "it looks as if the political world is about to witness a grim contest for the political leadership of the so-called United Afrikanerfront between Dr. Malan and Mr. Pirow and his backer, Commandant-General Van Rensburg of the Ossewa-Brandwag. The last name has cynically repudiated the agreement by which only a few months ago Dr. Malan was acclaimed as political leader and emergency Fuhrer. Dr. Van Rensburg's disavowal came upon Dr. Malan, in his own words, like a blot from the blue, and certainly it is hard to believe there would have been such a terrific braying of trumpets had it been realised that the Front was merely a show facade, which would be blown to atoms by the first gust of wind. Dr. Van Rensburg is plainly an enigma. That his ideology is of the Nazi order, like Mr. Pirow's there is no doubt whatever. But how he came to be selected for his present post, what is the policy he stands for, and how far he is capable of satisfying the die of his organisation are the points that it is difficult to determine from the information available. The speech which he is making to-day will presumably throw some light on his repudiation of Dr. Malan's political leadership".[5]

Op 23 Augustus het dr. Van Rensburg te Brakpan die "geloofsbelydenis" van die OB as brug vir volkseenheid uiteengesit en dit soos volg afgesluit:

1) C.R. Kotzé : Die Ossewa-Brandwag. Sy Ontstaan, Ontwikkeling en Botsing, p.25; M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, pp.98, 99.

2) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.74; H.B. Thom : D.F. Malan, p.119; Die Vaderland, 22:8:1941.

3) C.R. Kotzé : Die Ossewa-Brandwag. Sy Ontstaan, Ontwikkeling en Botsing, p.30.

4) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, p.100.

5) The Cape Argus, 23:9:1941; vergelyk ook The Star, 21:8:1941.

"Ons in die OB ken net Afrikaners en Republikeine en ons weier om 'n toets te stel wat deur enige politieke party voorgeskryf was. Ons arms staan wyd oop vir elke Afrikaner solank as hy 'n goeie Afrikaner en 'n 100% republikein is".[1] Die beantwoording van dr. Malan se agt vrae, is deur die volgende opmerking ingelui: "Maar nou kom ek op 'n uiters belangrike punt. Ek twyfel nie dat dit die eintlike fondament is van die hele geskil. Dit kan nie gaan oor nasionaal sosialistiese Afrikaners nie want die party self het hul tot dusver nog nie verbied om lede te wees nie. Hoekom moet ons, wat veel wyer is, dit dan doen? Nee. Die hele geskil stam hieruit, dat sommige partyleiers voel dat niemand die republiek durf noem nie tensy hy eers lid word van die party ... Hul sê dat dan begeef jy jou op die party=politieke terrein. Laat my vir eens en vir altyd die standpunt van die Ossewa-Brandwag te kenne gee. Ons eis geen kopiereg op die Afrikaner se republiek nie. Ons erken geen kopiereg van organisasies - party of te nie - wat alleen mag besluit oor die toekoms van ons land of ons taal of ons Volk nie. Die grootste Volksideaal is ook die ideaal in die hart van elke Afri=kaner en hy sal sy ideaal voorstaan met of sonder toestemming van die politieke partye. Dit is nie net die Ossewa-Brandwag wat hierdie standpunt inneem nie. Ek verwys na 'n dokument (Eenheidsmanifes) wat deur wye kringe van die Afri=kanerdom met dankbaarheid begroet is ... Daarom sê ek nogeens dat ons hoegenaamd nie op die partypolitieke terrein wil tree nie. Dit laat ons aan die party politici oor. Maar die Republiek is 'n Volksaak soos g'n ander nie en geen partypolitieke kwessie nie. En daarom gaan elke Volksgenoot medeseggenskap hê en seer sekerlik ook die grootste en magtigste Volksorga=nisasie van die Afrikanerdom - die Ossewa-Brandwag".[2]

Die toespraak het vir ds. Kotzé bewys dat dit onmoontlik was om te verwag dat dr. Van Rensburg saam met dr. Malan die Afrikanerdom moes lei.[3] Vir die HNP of V was dit duidelik dat die OB, ten spyte van die Cradockse en Bloemfonteinse ooreenkomste, hom op die politieke terrein wou begeef met allerlei politieke oogmerke.[4] Dr. Malan het besluit om 'n waagstuk te onderneem[5] om die OB te breek.[6] Vier dae na die Brakpantoespraak het

1) OB-argief, KG-stukke, Toesprake : Toespraak te Brakpan, 23:8:1941.
2) OB-argief, KG-stukke, Toesprake : Toespraak te Brakpan, 23:8:1941.
3) C.R. Kotzé : Die Ossewa-Brandwag. Sy Ontstaan, Ontwikkeling en Botsing, p.33.
4) G.D. Scholtz : Dr. Hendrik Frensch Verwoerd, vol. 1, p.167.
5) Vergelyk ook Debatte van die Volksraad, dl. 43, pp.1668 e.v.
6) H.B. Thom : D.F. Malan, p.125.

hy 'n vierledige ultimatum aan die OB gerig.[1] Dit het daarop neergekom dat die OB-leiding sy vyandige houding teenoor die HNP of V moes verander en die bestaande ooreenkomste moes eerbiedig. Indien nie, sou hy 'n beroep op die Nasionaliste doen om uit die OB te bedank.[1] Ds. Kotzé het gevrees dat die OB-lede nie die gevare van hul leidende offisiere sou raaksien nie en dat slegs sowat dertig persent uit die OB sou tree ingeval die ultimatum in werking tree. Dit kon veroorsaak dat dr. Van Rensburg met ongeveer sewentig persent van die OB-lede in so 'n volksverdelende krisis ingaan. Dit was om dié rede dat hy dr. Malan oorreed het om die ultimatum tot 4 September te verleng. Dit sou volgens hom genoeg tyd laat om die Groot Raad byeen te roep[2] en bes moontlik tot ander insigte te bring. Dit het sy maandlange pogings ingelui om die OB op grondslag van sy 1940-beeld ingrypend te suiwer.[3] Dit was in der waarheid 'n laaste poging uit die skool van die "kulturele bestendigers"[4] om die OB van sy politieke aspirasies weg te lei.

Die OB-leiding het hulle as gevolg van die ultimatum op die Eenheidskomitee beroep. Vanaf 1 tot 4 September was 'n kritieke week vir die OB,[5] daar is drukke samesprekings in die Eenheidskomitee, in die Groot Raad en met dr. Malan gevoer.[6] Die Groot Raad het uiteindelik voor dr. Malan geswig[7] en volgens dr. Malan was dit die begin van die OB se agteruitgang.[8]

Terselfdertyd is daar 'n vlugskrif, die *Kronkelgang van die Party*, wat teen dr. Malan gemik was in die OB-geledere versprei.[9] Ds. Kotzé, wat graag die OB so nou moontlik aan die Party verbonde wou sien,[10] het gevrees dat die vlugskrif kon veroorsaak dat dr. Malan verder op sy ultimatum reageer.

---

1) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, pp.80 e.v.; M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, p.101; H.B. Thom : D.F. Malan, pp.122 e.v.; Die Burger, 28:8:1941; Die Transvaler, 28:8:1941; The Star, 28:8:1941.

2) C.R. Kotzé : Die Ossewa-Brandwag. Sy Ontstaan, Ontwikkeling en Botsing, p.35; Die Burger, 30:8:1941.

3) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, p.102.

4) Kyk pp.24, 44.

5) The Star, 1:9:1941.

6) H.B. Thom : D.F. Malan, pp.124 e.v.; M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, pp.102 e.v.; A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, pp.82 e.v.; OB-argief, J.H. Coetzee-versameling : L.J. du Plessis : Die Afrikanereenheidskomitee en die geskil tussen die OB en die HNP of V, 1:10:1941.

7) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, p.104.

8) D.F. Malan : Afrikaner-Volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen, p.190.

9) H.B. Thom : D.F. Malan, p.128; M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South Afrikcan Opposition, 1939-1945, p.105.

10) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, p.98.

Vir hom was Volkseenheid belangriker as die OB-leiding wat hy nie meer kon vertrou nie.[1] Op 4 September, die dag waarop die Groot Raad oor die eise van dr. Malan moes besluit, het hy ook sy vier hervormingsvoorstelle[2] ter tafel gelê. Hoewel hy geweet het dat die Groot Raad sy voorstelle nie sou aanvaar nie, was daar 'n skrale moontlikheid dat hulle tog tot sy "veiliger weg bekeer" kon raak. Die voorstelle is verwerp en ds. Kotzé het bedank, terwyl dr. Van Rensburg verklaar het dat die OB in bloed sou ondergaan. Ds. Kotzé was oortuig dat net die selfstandige volksmanne en kerkmanne wat die OB gestig het, die beweging weer in die regte koers kon stuur.[3] Baie duisende OB-lede het gaandeweg ds. Kotzé se voorbeeld gevolg en so dr. Malan se posisie versterk.[4] Dr. Malan het gehoop dat ds. Kotzé in die OB steun vir sy hervormingsaksie sou verkry en toe dit nie verwesenlik is nie, het hy tot die aanval oorgegaan.

Op 7 September het hy sy eerste openbare toespraak sedert die Bloemfonteinse krisisweek gelewer.[5] Sy verklaring, 'n uitvoerige stuk van veertien blad=sye,[6] het oor die Groot Raad se antwoorde en teeneise op sy ultimatum gehandel. Volgens hom het die Groot Raad nie die vierde en belangrikste deel van sy ultimatum beantwoord nie. Dit is die "betuiging van sy goeie wil deur die (Cradock)-ooreenkoms in letter en gees uit te lewe gepaar met die versekering dat die OB hom voortaan op generlei wyse ... met die inwendige sake ... van die Party sal inmeng nie".[7] Dr. Malan verklaar dat daar "van so 'n betuiging van goeie wil en van die gee van die gevraagde versekerings geen sweem is nie".[8] Hy was van mening dat die staatkundige front en aksie=front nie in twee afsonderlike en onafhanklike kampe van mekaar geskei kon wees nie. Albei groepe moet onder dieselfde leierskap staan. Gevolglik moet die OB die aksiefront van die HNP of V word en volgens dr. Malan was die HNP of V-lede in die Party vry om die beweging te bedank.[9]

---

1) C.R. Kotzé : Die Ossewa-Brandwag. Sy Ontstaan, Ontwikkeling en Botsing, p.44.

2) C.R. Kotzé : Die Ossewa-Brandwag. Sy Ontstaan, Ontwikkeling en Botsing, p.47.

3) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, p.107; C.R. Kotzé : Die Ossewa-Brandwag. Sy Ontstaan, Ontwikkeling en Botsing, pp. 49, 50; Die Burger, 6:9:1941; Die Transvaler, 6:9:1941.

4) H.B. Thom : D.F. Malan, p.129.

5) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, p.108.

6) H.B. Thom : D.F. Malan, p.129.

7) H.B. Thom : D.F. Malan, pp. 130, 131.

8) H.B. Thom : D.F. Malan, p.131.

9) H.B. Thom : D.F. Malan, p.131; Die Burger, 8:9:1941.

Dr. Van Rensburg het op die 11de sy kant van die geskil met die Party uiteengesit. Sy standpunt was dat aangesien die OB te sterk geword het, dit in 'n Afrikanermag ontwikkel het wat vir die HNP of V 'n bedreiging geword het. Die Partyleiers moes daarom die OB probeer breek. Om hierdie rede, verklaar dr. Van Rensburg, het dr. Malan sy aksiefrontvoor=stel gemaak, *"wat die OB sou beperk tot 'n Kultuurvereniging terwyl die Afrikanerdom verder sy hele heil aan die party politici sou moet uitlewer".* [1]

Die politieke stryd het voortgegaan, dit is net die kultuurbeeld se doodsklok wat hier deur dr. Van Rensburg gelui is. Volgens prof. Thom,[2] wat die stryd uit 'n party-oogpunt beskryf het, sou die OB 'n blote kul=tuurbeweging geword het indien hy hom van die politieke terrein weerhou het. Hy skryf dat dit vir die Kommandant-generaal en die ander ambisieuse manne in die Groot Raad totaal onaanneemlik was.

In die sesde plek het twee van die susterskerke, te wete die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitse Hervormde Kerk, ook indirek aan die knyptangbeweging teen die OB meegewerk. Predikante van die kerke het as gevolg van die broedertwis op sommige plekke die OB veroordeel.[3]

In die sewende plek het die kulturele bestendigers, onder leiding van die "hervormer", dr. Kotzé, 'n laaste desperate poging aangewend om as "OB-old boys"[4] die beweging na sy eertydse meer kultureel georiënteerde doel=stellings terug te dwing. Selfs dr. Malan het sy hoop op dié manne geplaas om die meerderheid in die beweging tot ander insigte oor te haal.[5] Ten aansien van 'n geweldige vertrouenskok wat die OB beleef het, het talle groepe OB-offisiere monstervergaderings gehou en dr. Van Rensburg se kop

---

1) OB-argief, KG-stukke, Toesprake : Toespraak, Pretoria, 11:9:1941 en Toespraak, Laertrek te Bloemfontein, 13-14:10:1941; Die Burger, 12:9:1941; Die Transvaler, 12:9:1941. My kursivering.

2) H.B. Thom : D.F. Malan, p.137.

3) OB-argief, Onderhoud : K. Behrens en prof. H.M. van der Westhuizen, geen bandnommer.

4) The Star, 2:10:1941.

5) M. Roberts en A.E.G. Trollip : The South African Opposition, 1939-1945, pp.109, 110; H.B. Thom : D.F. Malan, pp.134, 135; Die Burger, 2:10:1941; Die Transvaler, 2:10:1941; The Star, 2:10:1941.

geëis.[1] In die konteks van die voorafgaande uiteensetting is dit egter duidelik waarom die hervormingspogings en daarmee saam die pogings om dr. Van Rensburg te onttroon misluk het. Volgens prof. Thom het dr. Malan op hierdie stadium daartoe oorgegaan om met die OB af te reken. 'n "Ontrekkingsbevel" is aan Partylede uitgereik om die OB te verlaat en die beweging se dae as volksbeweging was hierdeur getel.[2]

*Die OB se kulturele bevrugtigingstyd van die Afrikaner se nasionale beweging het hiermee tot 'n einde gekom.* Nasionaliste het die beweging, ten aansien van die gevare wat aan hom kleef, as 'n oorbodige en nuttelose organisasie gesien.[3]

Die krasse veroordeling ten spyt, was die ongeveer nege maande van Cradock na Elsburg,[4] in der waarheid die OB se Duinkerken. Die OB se kulturele rol in die Afrikaner se nasionale beweging was uitgedien. Die afdraaipad wat die OB gevolg het, sou hom in 1947 weer, as gehawende beweging, by die Afrikaner se nasionale beweging uitbring. Die omstandighede was net anders.[5] Gedurende die Huldejaar (1949) was die hernude besieling, waarna die OB gesmag het,[6] net vir die nasionale beweging beskore. Dit het immers intussen (die verkiesing van 26 Mei 1948) sonder die OB 'n stap nader aan sy eindbestemming gekom.[7]

## 6. AFSLUITING VAN DIE OSSEWA-BRANDWAG SE KULTUURBEELD

### 6.1 Die kultuuraktiwiteite van die OB se Republikeinse Volksbeweging

Die stryd met die HNP of V het in Oktober 1941 tot die selfstandigwording van die OB, in hul eie oë, as volkspolitieke strydbeweging gelei.[8]

---

1) Vanaf 8 September tot 3 Oktober met dr. Malan se versoek het hierdie debat sy klimaks bereik en die dagblaaie het daagliks hieraan meegedoen. Hier volg 'n paar van die baie voorbeelde: The Star, 11:9:1941, 13:9:1941, 16:9:1941, 26:9:1941, 3:10:1941; Die Burger, 11:9:1941, 13:9:1941, 18-20:9:1941, 22:9:1941, 24-27:9:1941, 30:9:1941, 4:10:1941; Die Transvaler, 17:9:1941, 22-24:9:1941, 27:9:1941, 3:10:1941.

2) H.B. Thom : D.F. Malan, p.136; Die Burger, 3:10:1941, 4:10:1941; Die Transvaler, 3:9:1941.

3) H.B. Thom : D.F. Malan, p.137; vergelyk ook INEG, UOVS, J.F. van der Merwe-versameling, Lêer 2/2/1/1/5; P.J. Grobbelaar (ORG Stafhoof Gebied C) : Antwoord aan die Nasionale Pers, 16:10:1945.

4) H.B. Thom : D.F. Malan, p.122.

5) Op hierdie stadium was die HNP slaggereed en op die vooraand van 'n verkiesingsoorwinning.

6) OB-argief, N.G.S. van der Walt : Dagboek, 29:4:1949.

7) Kyk pp.103, 108.

8) OB-brosjure : Iets oor die Ossewa-Brandwag, p.125.

Hoewel die Eenheidskomitee na die ontttrekking van die FAK en die RDB misluk het,[1] is die sogenaamde Totius-voorstel op 10 Oktober 1941 met dr. Van Rensburg bespreek. Dit het onder meer bepaal dat die verskillende organisasies in 'n eenheidsfront verenig moes word. Hierin sou die HNP of V die politieke front, die OB die aksiefront, die RDB die ekonomiese front, en die FAK die kulturele front vorm. Dr. Van Rensburg het die voorstel aanvaar en dit op 1 November op die Paarl bekendgemaak.[2] Na dr. Van Rensburg se Pretoria-toespraak op 11 September[3] was dit 'n bevestiging dat die FAK die kulturele bedrywighede van die Afrikaner sou behartig. Dié ontwikkeling is deur die eerste Laertrek van OB-offisiere wat op 13 en 14 Oktober in Bloemfontein gehou is, verskans.

Op die eerste dag van die Laertrek het dr. Van Rensburg verklaar dat die OB ten aansien van sy status as volksbeweging nie die party se agterryer kan wees nie. Die OB sou selfstandig voortbestaan.[4] Die Laertrek het die OB tot 'n Republikeinse Volksbeweging omvorm.[5] Dit is soos volg in die notule van die Laertrek omskryf:

> "(a) Die nuwe wêreldbeweging wat op 'n algehele omwenteling in alle lande uitloop, het ook in Suid-Afrika ontstaan en die behoefte aan, ja, noodsaaklikheid van 'n omvattende volksorganisasie, wat meer as 'n party sou wees, is geopenbaar in die aanvaarding van die Ossewa-Brandwag deur die volk as dié organisasie wat die leiding in die omwenteling in ons volksgees moet gee en moet uitloop op die nuwe organiese solidarisme. Hierdie ontwikkeling het die Ossewa-Brandwag tot 'n algemene volksbeweging gemaak, en in teenstelling met party-politieke bedrywighede, op die gebied van volkspolitiek gebring, soos reeds erken is vanweë die Party in die Cradockse ooreenkoms en weer later deur die Eenheidskomitee besluite".

---

1) Die Burger, 29:9:1941; Die Transvaler, 29:9:1941; vergelyk ook p.85.

2) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.106; OB-argief, KG-stukke, Toesprake : Toespraak, Paarl, 1:11:1941.

3) OB-argief, KG-stukke, Toesprake : Toespraak, Pretoria, 11:9:1941. Sien p.88.

4) OB-argief, Toesprake : Toespraak, Laertrek te Bloemfontein, 13-14:10:1941.

5) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.120.

"(b) As 'n volksbeweging wat also en uit die aard van die saak die breëre terreine van die volkslewe en strewe dek, moet die Ossewa-Brandwag dus 'n beleidsprogram hê soos meer spesifiek omskrywe is in die Eenheidskomitee se verklaring en besluite, die beginsels waarvan gesamentlik aanvaar is deur al die volksorganisasies in die Eenheidsverklaring deur die volksorganisasies uitgereik".

"(c) Op grond hiervan dus vind nou die eerste Laertrekking van die beweging plaas en sal dit in normale tye in die toekoms 'n jaarlikse instelling wees om sodoende die volksbeweging te versterk en die Ossewa-Brandwag-leiding te bekragtig".[1]

*Hiermee is die doel en strewe van die OB verander. Die klem is van die kulturele na die staatkundige aspek verplaas.*[2]

Tydens die Laertrek het dr. Van Rensburg verklaar dat die OB as 'n kultuurorganisasie gestig is. Die beweging het as die voortsetting van die Eeufees se eenheidsgees, uit die volk self ontstaan. Die OB was teen 1941 nie meer 'n kultuurorganisasie nie, omdat die volk in die beweging meer as 'n kultuurorganisasie gesien het. Die OB het so tot 'n kragtige volks=organisasie ontwikkel wat die vryheidsbestemming van die Afrikanerdom beliggaam. Dr. Van Rensburg het dit soos volg gemotiveer: "Vandag is die OB die republikeinse stukrag van die Afrikanerdom - dit is nie in die konstitusie nie en is nie deur die Groot Raad besluit nie - dit het vanself gekom en het gegroei uit die volk ... elkeen van u is vandag of u dit destyds gedink het of nie, 'n offisier in die republikeinse leër van die Afrikanerdom met al die pligte en voorregte wat daarmee gepaard gaan".[3] Die veranderde doel van die beweging is soos volg deur die Laertrek aanvaar:

"Hierdie konferensie van OB-offisiere beklemtoon dat die vernaamste doelstrewe van die OB is om met alle middele tot sy beskikking elke poging te steun tot verwesenliking van 'n vrye Republiek onafhanklik van alle buitelandse magte en gegrond op die Christelik-Nasionale lewensbeskouing van die Afrikanervolk.

1) OB-argief, P.J. Nienaber-versameling : Notule van eerste Laertrek, Bloem=fontein, 13-14:10:1941.

2) F.J. van Heerden : Nasionaal-Sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1933-1948, p.123.

3) OB-argief, KG-stukke, Toesprake : Toespraak, Laertrek te Bloemfontein, 13-14:10:1941.

"Die konferensie dra dit aan die Groot Raad op om so 'n Republiek met alle magte te propageer en andersins voor te berei".

"Die konferensie verlang dat die beginsels waarop die republiek gebou moet word en soos reeds deur die volksorganisasies in 'n konsep-grondwet saamgevat, so gou moontlik gevoeg sal word by die konstitusie van die Ossewa-Brandwag".

"Die konferensie wil beklemtoon dat ter bereiking van sy hoogste strewe die volgende vereistes nodig is:

(a) Dissiplinering van die volk.

(b) Die inwendige konsolidasie van die volk (dit is die geestelike opbou van die volk).

(c) Die samesnoering van alle Afrikaners tot 'n eenheid op grondslag van hul gemeenskaplike oorsprong, taal en tradisies".[1)]

Ten einde die OB as Republikeinse Volksbeweging doelmatiger gestalte te gee is na die Laertrek besluit om 'n beleidsprogram, op grond van die beginsels deur die Eenheidskomitee onderskryf, verder uit te werk.[2)] Die omskepping van die OB het ook tot gevolg gehad dat sy organisasie meer volksverteenwoordigend gemaak moes word. Die gemeenskapsfaset van die Groot Trek (die Laer) is daarom in die organisasiepatroon gevoeg.[3)] Vir dié doel moes die Groot Raad uitgebou word. Behalwe die organisatoriese en aksie-afdeling moes dit ook verteenwoordigers van ander terreine van die volkslewe insluit.[4)] Dit is in 1941, tentatief, soos volg omskryf:

---

1) OB-argief, P.J. Nienaber-versameling : Notule van eerste Laertrek, Bloem= fontein, 13-14:10:1941.

2) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, pp.121 e.v.

3) F.J. van Heerden : Nasionaal-Sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1933-1948, p.118.

4) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.122.

"(a) volkspolitieke of kulturele afdeling;

(b) ekonomiese en finansiële afdeling;

(c) voorligting;

(d) jeugfront;

(e) arbeidsafdeling;

(f) volkswelsynafdeling".

Daar sou meer as 'n jaar verloop voordat dié beleidsprogram voltooi is.[1] Die ses terreine waarop die volksdiensorganisasie van die OB berus het, is in 1942 soos volg saamgestel: Dit was die godsdienstige, staatkundige, maatskaplike, ekonomiese, kulturele en gesondheidsterreine. Die werksaamhede op die ses terreine het in die eerste plek ten doel gehad om die Afrikaner= volk kerngesond en karaktervas te maak, sodat die volk toegerus sal wees vir die dag as hy sy onafhanklikheid verkry. Hierdie meesterplan om die volk geestelik op te hef, het om die onafhanklikheidsideaal van die beweging gesentreer. Dit moes verseker dat die volk opgewasse sou wees om na sy onafhanklikheidswording, sy vryheid te kon handhaaf.[2]

Watter beeld kan uit hierdie ontwikkeling gevorm word?

In die eerste plek het dit die Afrikaner voor 'n keuse tussen twee botsende lewensbeskouings te staan gebring. Aan die een kant was daar die tra= disionele lewensbeskouing van die Afrikaner, wat van geslag tot geslag oor= gelewer is en wat deur die nasionale beweging beliggaam is. Aan die ander kant was daar die sogenaamde nuwe "onnasionale" lewensbeskouing wat die hele sedelik-godsdienstige en politieke lewe van die volk geraak het.[3] Dit was die OB wat die "Zeitwende" in 'n nuwe lewenstyl[4] vir 'n nuwe bedeling[5] wou oorbrug. Die OB het geglo dat hy met sy stelsel in die gees van ~~die~~ tyd handel. Die beweging was bereid om sy offers te bring ter verwesenliking van die nuwe staat waarvan hy die draer was.[6] Volgens

1) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.122.

2) OB-argief, D.J.M. Cronjé-versameling : OB-almanak, 1942.

3) Die Transvaler, 26:7:1944.

4) OB-argief, KG-stukke, Toesprake : Toespraak, 7:8:1943.

5) Die Vaderland, 23:4:1942.

6) Die Vaderland, 19:10:1942.

dr. Van Rensburg het die OB deur sy stryd met die HNP of V sy vryheid verwerf. Volgens hom kon die OB "nooit vryelik ontplooi het solank ons nog aan die voorskoot van die een of ander goeie angsvallige demokratiese ou party vasgeklou het nie".[1] In April 1942 is 'n manifes deur die Groot Raad uitgereik wat die OB se doelwitte duideliker omlyn het.[2] Volgens dr. Van Rensburg was dit 'n historiese dokument wat die Afrikanerdom meer krag en helderheid vir sy stryd, vir die Christelik-nasionale Gesagstaat gegee het.[3]

Die status van die ontwikkeling in die OB is deur die toetrede van intel= lektuele tot die beweging verhoog. Hulle het ook die bestaande orde in die gees van die Rewolusie van die twintigste eeu bevraagteken. Dié akademici was onder meer proff. L.J. du Plessis en H.G. Stoker wat die OB op Calvi= nistiese grondslae gesond moes hou,[4] asook verskeie leidende Neo-Fichteane soos prof. G. Cronjé en dr. P. Meyer wat tot die OB toegetree het.[5] Hulle het as vakmanne deur middel van die studielaers 'n bepaalde lewensbeskouing oor beleidkwessies in die OB tuisgebring,[6] wat die belangrikste terreine in die staat en volkslewe ingesluit het. Daar was veral twee motiewe waarom die studielaers ingestel is. In die eerste plek moes die uitgewerkte beleidsbeginsels bewys dat die OB nie net 'n versetbeweging en 'n blote navolging van nasionaal-sosialisme is nie, maar dat die OB 'n Suid-Afrikaanse karakter het. Tweedens moes dit 'n basis lê vir 'n toekomstige staatsbeleid, indien 'n republiek moontlik verkry kon word.[7] Hiernaas is daar ook Dienslaers in die lewe geroep,[8] wat studiestukke oor die bogenoemde beleidsbepalings ontvang het, om dit te bestudeer en dit in die OB-geledere moes indra.[9] In Junie 1943 is 'n oorsig oor die vernaamste beleidsbeginsels, as voorlopige leidraad en grondslag vir verdere studie oor beleidsbepalings in die OB versprei. Dit het uit die volgende agt afdelings bestaan: die wese van die volksbeweging; die

---

1) Die Vaderland, 19:10:1942.

2) OB-brosjure : Die Ossewa-Brandwag : Vanwaar en Waarheen, pp.2-6.

3) Die Vaderland, 23:4:1942.

4) Vergelyk Die O.B., 21:10:1942.

5) OB-argief, Onderhoude : Prof. B.C. Schutte, Band 127; prof. G. Cronjé, Band 34, 35; T.D. Moodie : The rise of Afrikanerdom, pp.225 e.v.; P. de Klerk : Die Ideologie van die Ossewa-Brandwag, pp.12-17, 38, 105 e.v.

6) OB-argief, Onderhoud : Prof. G. Cronjé, Band 34, 35; Die Vaderland, 19:10:1942.

7) OB-argief, Onderhoud : Prof. J.H. Coetzee, Band 76, 77.

8) Die O.B., 27:5:1942.

9) Vergelyk Die O.B., 2:9:1942, 7:10:1942, 21:10:1942, 25:11:1942, 6:1:1943, 27:1:1943, 24:2:1943, 28:4:1943, 2:6:1943.

volkstaat; die kerk en die bedryfsverbande; die rasgroepe; die buiteland; die volkskultuur; die volkswelsyn en die volkswelvaart. Ten opsigte van die volkskultuur is bepaal dat die grondslag daarvan die Christelik-nasionale tradisie van die volkslewe is. Hieronder is die volgende tien sake uiteengesit: Afrikaans as amptelike taal met gelyke regte vir bevolkingsdele met ander hooftale; staatsteun aan nasionale ontwikkeling vir kuns en wetenskap; Christelik-nasionale en sosiale volksonderwys en opvoeding; kulturele differensiasie van die volkskool= stelsel volgens advies van verteenwoordigende onderwysrade; afwykende skole alleen vir die betrokke afwykende gesinsgroepe; behoorlike genasio= naliseerde beroepsopleiding; algemene lands- en gesinsdiens ter afsluiting van die skoolonderwys; universitêre hervorming, en afsonderlike ontwikkeling van die onderwys vir gekleurde rassegroepe onder staatsbeheer.[1] Die indruk word gewek dat die beleidsbeginsels en die studielaers se werk 'n dooie stuk teorie gebly het.[2] N.G.S. van der Walt het in 'n negatiewe gees gevoel dat die OB sy kop al genoeg met hierdie soort kulturele avonture gestamp het.[3]

Gesien teen die agtergrond van die teorie met betrekking tot openbare en verborge aksies[4] het die OB se verborge motiewe in hierdie fase sy openbare aksies geword. Die OB het so sy rewolusionêre fase[5] betree met sy aktiewe verset as oorlogsorganisasie[6] as sy belangrikste aktiwiteit. Hoewel die OB nie nasionaal-sosialisme amptelik aanvaar het nie[7] en Christelik-nasionale beginsels gepropageer het,[8] is hul beoogde staatsopset onmisken= baar deur nasionaal-sosialisme beïnvloed.[9] Die HNP of V en die nasionale pers se stryd teen die OB is ook in 'n groot mate op dié ideologiese grondslag gevoer.[10]

1) OB-argief, W.R. Laubscher-versameling : Oorsig van die vernaamste beleids= beginsels van die Ossewa-Brandwag, 19:6:1943.

2) OB-argief, Onderhoud : Prof. G. Cronjé, Band 34, 35; Prof. J.H. Coetzee, Band 76, 77; T.D. Moodie : The rise of Afrikanerdom, p.231.

3) OB-argief, N.G.S. van der Walt : Dagboek, 9:9:1944.

4) Kyk p.7.

5) OB-brosjure : Some facts about the Ossewa-Brandwag, p.4.

6) OB-argief, GR-stukke, Algemeen : Verslag van die KG aan die Groot Raad, November 1945.

7) Vergelyk ook Die Burger, 10:12:1948, 11:12:1948, 21:12:1948.

8) Die Vaderland, 23:4:1942, 17:9:1942.

9) F.J. van Heerden :Nasionaal-Sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1933-1948, p.123.

10) A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, p.102; Die Vaderland, 17:9:1942; vergelyk ook Die Burger, 17:10:1941, 20:19:1941, 30:10:1941, 15:11:1941, 2:12:1941, 17:9:1941; Die Transvaler, 9:8:1941.

In die tweede plek het die geestelike omwenteling in die OB tot gevolg gehad dat die beweging van sy bewese mobilisering van die Afrikanerdom ontroof is. Hierdeur het die OB in die kulturele toets wat uit eie geledere aan hom as volksbeweging gestel is,[1] gefaal.

In die derde plek het die konstitusie van die OB in Oktober 1941 nog steeds kulturele aspirasies geopenbaar. Dit is die handhawing, uitbouing en uitlewing van die taal en tradisies en die beskerming en bevordering van die godsdienstige, kulturele en stoflike belange van die Boerevolk.[2] As strydbeweging[3] met steeds tienduisende aanhangers[4] het die OB egter op subtiele wyse beoog om die gesag oor te neem en die nuwe bedeling in Suid-Afrika in te lui.[5] Hierdie optrede het tot gevolg gehad dat die beweging se kulturele aantrekkingskrag en invloed in die sand gevloei het. Die FAK sou hierna alle kulturele aspirasies en belange van die Afrikanerdom belig=gaam,[6] want die OB was organisatories nie meer 'n kultuurbeweging nie. Sy "kultuurbeeld" is aangepas om sy politiek te pas. Die kulturele aktiwiteite was nie meer 'n doel op sigself nie maar het 'n historiese noodwendigheid geword. Dit moes die getrouheid aan die volksaard bewys, terwyl die bewe=ging andersyds aan die strominge van die tyd wou beantwoord.[7]

Hiernaas het die OB die geskiedenis van die Afrikaner, in eie idioom hervertolk. Die hervertolking was 'n emosionele beroep op die rustelose Afrikaner om sy geskiedenis, as opeenvolgende heroïese dade van opstand teen die Britse oorheersing, te sien. Slagtersnek en die Groot Trek is as dade van rebellie beskou. Hierin is die OB as direkte opvolger van genl. De Wet se rebelliemag ten tye van die Eerste Wêreldoorlog gesien. Die grootste held uit die rebellie-geskiedenis was Jopie Fourie, omdat sy heroïese gedrag die wetteloosheid van sy dade geregverdig het. Volgens prof. Cronjé het die geskiedbeskouing beteken dat alles wat die volksaak

---

1) Kyk pp.67, 68.

2) OB-argief, Gebied Natal-stukke : Omsendskrywe 3, 24:10:1941.

3) Die Vaderland, 17:9:1942.

4) Teen April 1943 was die OB in Transvaal nog ongeveer 130 000 lede sterk. (OB-argief, GR-stukke, Algemeen : Omsendbrief, 30:4:1943).

5) OB-brosjure : Some facts about the Ossewa-Brandwag, pp.9, 27; G.C. Visser : O.B. Traitors or Patriots?, pp.156, 170, 171.

6) Vergelyk ook Die Volksblad, 30:9:1944.

7) OB-argief, N.G.S. van der Walt-versameling, Korrespondensie : Brief N.G.S. van der Walt aan KG, Oktober 1942.

kan bevorder, goed en edel is.[1] *Die Transvaler* het teen dié beskouing beswaar gemaak. Dit was vir die blad 'n bewys dat die OB openlike rewolusie en geweld begin verheerlik het. Die bogenoemde standpunt het beteken dat enige misdaad wat sogenaamd in die naam van die volk gepleeg word, verheerlik kon word. Volgens die blad het dit die godsdienstige lewensbeskouing van die Afrikanervolk aangetas.[2]

Selfs die historiese feesdae is volgens die norme van dié geskiedbeskouing beoordeel. In plaas van Blauwkrantz en Bloedrivier is Paardekraal en Majuba as dié historiese feesdae in die OB gevier. Veral Majuba was vir die OB die sentrale epogmakende gebeurtenis.[3] Majubadag, 27 Februarie, is tot Vryheidsdag omskep as bewys van die enkulturasie van die bogenoemde beskouing in die OB se kultuurbeoefening. Dr. Van Rensburg het 'n beroep op alle republikeinsgesinde en vryheidsbewuste Afrikaners gedoen om, "dwarsdeur ons vaderland op daardie dag aan te tree, man, vrou en kind, met die bewussyn dat die dag van vrywording vinnig nader".[4] Die viering van Vryheiddag moes dus ook as onderskraging van die beweging se brandende vryheidsidealisme dien.[5] Die idee is doelbewus gepropageer in 'n vryheidsverklaring en gelofte wat op dié dag tydens alle samtrekke voorgelees moes word.[6] Daar is ook 'n Majubakantate geskryf wat tydens die feesdag voorgedra kon word.[7] Die laer van die Groot Trek is ook in die vorm van 'n simboliese wawiel op Majuba se feesterrein en tydens byeenkomste ingevoer. Kampareas en byeenkomste moes in die vorm van 'n denkbeeldige wawiel opgestel word. Die speke van die denkbeeldige wiel het die grense van die verskillende Generaalskappe gevorm, wat die ingeslote lotsgebondenheid van die OB-laer moes weerspieël.[8]

---

1) Die Vaderland, 23:12:1942; vergelyk ook T.D. Moodie : The rise of Afrikaner= dom : pp.223, 224.

2) Die Transvaler, 21:12:1942, 26:7:1944.

3) T.D. Moodie : The rise of Afrikanerdom, p.224.

4) Die O.B., 30:12:1941; A.J.H. van der Walt : 'n Volk op Trek, pp.123, 124.

5) Die O.B., 4:3:1942.

6) Die O.B., 27:1:1943.

7) Die O.B., 20:1:1943.

8) OB-argief, P.J. Nienaber-versameling : Notule, Beheerraad, Transvaal, 8:11:1941; OB-argief, GR-stukke, Korrespondensie/Funksies : Omsendbrief insake Vryheidsdagviering, 9:9:1948.

Die viering van Vryheidsdag is sedert 1941 met groter luister en in ʼn dieper besef van sy simboliese republikeinse betekenis gevier.[1] Die OB het tot 1952, elke jaar, op ʼn sigbare wyse aan vriend en vyand getoon dat hulle nie die republikeinse strewe verloën nie. Die kommandant van elke OB-kommando moes om nege-uur die aand van 27 Februarie sorg dat daar op ʼn hoogliggende plek in sy gebied ʼn houtstapel in vlamme opgaan. Op hierdie wyse het daar jaarliks ʼn republikeinse vuurketting dwarsdeur die land ontstaan.[2]

Naas die viering van Vryheidsdag is die tweede amptelike feesdag van die OB op 8 Augustus gevier. Dit is organisasiedag of fondsdag genoem. Tydens die feeste is die Kommandant-generaal se verjaardag ook gevier. Op 8 Augusts 1938 het die waens van die simboliese Ossewatrek uit Kaapstad op hul noordwaartse tog vertrek. Dit is as die geboortedag van die OB beskou, omdat die volk op dié dag in beweging gekom het.[3]

Die OB se beleid ten opsigte van die ander feesdae was soos volg: Die OB het 31 Mei nie as ʼn feesdag gevier nie maar as ʼn dag van rou. OB-lede het opdrag ontvang om nie op dié dag aan feesgeleenthede deel te neem nie.[4] Dié dag is op ʼn besondere wyse met kransleggings en die opsoek en herstel van verwaarloosde grafte herdenk. Op hierdie dag moes die OB-lede tydens huisgodsdiens Klaagliedere 5 as Skrifgedeelte neem. Die OB het wel op 10 Oktober as heldedag in oorleg met plaaslike reëlingskomitees op georganiseerde wyse bygewoon en gevier. Op 16 Desember het die OB Geloftedag gevier. In samewerking met plaaslike reëlingskomitees moes alle kommando's op georganiseerde wyse die fees bywoon. Die feesdag is net deur die OB op plekke gereël waar daar geen ander reëlings getref is nie. OB-kommando's

---

1) A.J.H. van der Walt : ʼn Volk op Trek, p.124.

2) OB-argief, GR-stukke, Bevele : KG-bevel insake 27 Februarie 1947, 7:2:1947; OB-argief, GR-stukke, Funksies : Omsendbrief insake Vryheidsdag, 9:9:1948; OB-argief, GR-stukke, Bevele : OB-bevel 1/50 en program, Januarie 1950; OB-argief, Gebied A-stukke, Korrespondensie en Voorligting : KP-bevel 1/1952; vergelyk ook Die O.B., 30:1:1952, 6:2:1952, 13:2:1952, 20:2:1952; P.H. Kapp : Ons Volkfeeste (Grobbelaar, P.W. (red.) : Die Afrikaner en sy kultuur, dl. 111, pp.160, 161, 129 e.v.).

3) Die O.B., 8:4:1942; OB-argief, Vrouebeweging : Notule, Vroue-adjunkraad, Bloemfontein, 9:5:1942; OB-argief, Vrouebeweging : Omsendbrief van generaal Rautenbach aan Transvaalse vroue, 4:6:1943; OB-argief, GR-stukke, Funksies : Inligtingstuk insake 8 Augustus 1950.

4) Die OB-argief, Vrouebeweging : Notule Vroue-adjunkraad, Bloemfontein, 9:5:1942.

kon die fees met koorsang, orkesuitvoerings, erewagte en optogte, opluister.[1]

Hoewel die Jeugfront, Noodhulpafdeling, Vrouebeweging en Sosiale Volk=sorg na 1941 opgeknap is,[2] het die afdelings wat kultureel georiënteerd was verwaarloos,[3] omdat dit teen 1943 duidelik was dat die OB se bloeityd verby was.[4] Naas die feesdae het net twee van die bogenoemde aktiwiteite die oorlog aktief oorleef. Teen November 1946 was daar nog ongeveer 360 offisiere met die nagenoeg 3 400 Boerejeuglede met jeugwerk besig, wat hoofsaaklik om laertrekke gesentreer het.[5] Dié belowende afdeling van die OB het soos die beweging self teen 1949 besef dat hy die stryd teen die nasionale beweging van die Afrikaner verloor het. Prof. Van Rooy het in 1949 verklaar dat die meeste OB-lede wat jeugwerk ondersteun, eerder in die Voortrekkerbeweging belanggestel het.[6] Naas die Boerejeugaktiwiteite het die noodhulpversorging van die geïnterneerdes se afhanklikes die beweging se enigste "aksie" geword. Dié ondersteuningspoging was die stimulus wat die andersins onaktiewe beweging in stand gehou het.[7] Sonder ondersteuning sou die aksies tot mislukking gedoem wees.

## 6.2 Die kulturologiese betekenis van die Ossewa-Brandwag se "Historiese Taak"

Die OB was by uitstek 'n oorlogsorganisasie, omdat sy hele bestaan grootliks in die oorlogsjare geval het. Dr. Van Rensburg het in die najaar van 1945 hoopvol verklaar dat indien die OB homself suksesvol na die vredestydse

1) OB-argief, Gebied F-stukke; Omsendbriewe en Bevele : Omsendbrief TBR 4/42, 9:12:1941; OB-argief, D.J.M. Cronjé-versameling : OB-almanak, 1942.

2) OB-argief, P.J. Nienaber-versameling : Notule van Beheerraad, Transvaal, 8:11:1941; OB-argief, Vrouebeweging : Notule, Vroue-adjunkraad, Bloem=fontein, 9:5:1942. Kyk pp. 54, 55.

3) OB-argief, Vrouebeweging : Notules, Vroue-adjunkraad, Bloemfontein, 17:10:1943, 12:3:1943; OB-argief, Sosiale Volksorg : Verslag van Volk=sorghoof aan GR, November 1945. Kyk pp.66 e.v.

4) OB-argief, Onderhoud : Prof. D.W. Krüger, Band 155.

5) OB-argief, GR-stukke, Algemeen : Verslag van Jeugleier aan die GR, 13:11:1946.

6) OB-argief, GR-stukke, Korrespondensie : Brief D.J. van Rooy aan W.R. Laubscher, 7:11:1949.

7) OB-argief, Onderhoude : Prof. P.J. Coetze, Band 138, 139; K. Behrens en prof. H.M. van der Westhuizen, geen bandnommer; ds. S.J. Stander, Band 1, 2.

omstandighede kon oorskakel, die beweging na sy eindbestemming op pad is.[1] Die tweede Laertrek in Februarie 1946 het juis die OB se oorlogs=fase en so sy ondergrondse bedrywighede afgesluit en die beweging tot die praktiese politiek gewend.[2] Dit was juis die beweging se mislukte politieke bedrywighede wat 'n grootskaalse ledeverlies tot gevolg gehad het.[3] Hiernaas het die uitslag van die algemene verkiesing op 26 Mei 1948 die reeds bestaande gees van verslaenheid[4] in die OB vergroot en die besef gebring dat die beweging tot niks sal lei nie. Die gevoel van magteloosheid het die OB-lede onaktief gemaak.[5]

Die OB het sy verdwaasde lede verseker dat die beweging die draer van die Afrikanerdom se republikeinse en sosiale gewete geword het.[6] In Augustus 1948 het die Groot Raad die toekomsverwagting van die OB uiteen=gesit. Dit het die volgende beginsels ingesluit:

1. Die OB behou sy identiteit as selfstandige volksbeweging.

2. Die OB pas hom by die huidige landsomstandighede aan, sover sy beleidsbeginsels dit toelaat.

3. Die OB skakel in by die politieke, ekonomiese, kulturele en algemene volkstryd van die nasionale Afrikanerdom, sover sy lede se OB-skap ongeskonde bly.

4. Die OB onderneem om sy republikeinse ideaal van 'n selfstandige Christelike Blanke volkstaat, te handhaaf.

5. Die OB handhaaf sy beleidsbeginsels ten einde groter nasionale eenheid en vryheid vir die land te verkry.

---

1) OB-argief, GR-stukke, Algemeen : Verslag van die KG aan die GR, November 1945.

2) OB-argief, N.G.S. van der Walt : Dagboek, 21:2:1946.

3) OB-argief, Gebied A-stukke, Korrespondensie : Brief D.J. van Rooy aan W.R. Laubscher, 16:3:1952.

4) OB-argief, Gebied A-stukke, Korrespondensie : Brief Jeughoofkommandant aan J.L. van der Westhuizen, 19:3:1948.

5) OB-argief, Onderhoud : Prof. D.W. Krüger, Band 155; OB-argief, Gebied A-stukke, Korrespondensie : Brief J.F.J. v.R. aan W.R. Laubscher, 21:10:1948.

6) OB-argief, GR-stukke, Bevele en Omsendbriewe : Omsendbrief 2/48, 29:6:1948.

Tesame met die klein-kommandostelsel wat in 1948 ingestel is, het die Kommandant-generaal verskeie werksaamhede aan die beweging voorgehou. Dit het onder meer die volgende behels:

1. Dat die Boerejeug voortgaan met sy neergelegde program.

2. Dat lede onder meer studiekringe moet vorm waar onderwerpe van belang vir die OB bestudeer kan word.

3. Dat lede kenmekaarfunksies van sosiale aard moet reël, byvoorbeeld jukskeitoernooie, debatte, plaaslike kampvuur=konserte en vleisbraaiaande. Dit moes aangename ontspanning bied en kameraadskap kweek.

4. Dat lede aan OB-funksies, volksfeeste en spesiale byeenkomste moes deelneem.[1)]

Dit is opvallend dat die beweging se leierskorps in hierdie fase hulle herhaaldelik op die OB se kulturele aantrekkingskrag van die verlede beroep het om die lede te inspireer.

Ten aansien van berigte van doodsheid in die beweging[2)] het veral die Kaapse leierskorps die OB as 'n moderne beweging gepropageer. Die OB se taak is as hervormend en omskeppend beskryf. Dit is ook as 'n aksie=beweging voorgestel wat vir sy eie selfbehoud en ter wille van sy historiese taak die stryd gevoer het.[3)] Ten spyte hiervan het die eens magtige aksie=beweging 'n beweging op skrif geword. Mnr. N.C. Havenga, teen wie die OB wou oprank om hulle politieke ideale te verwesenlik,[4)] het verklaar dat die OB-doelstellings bly verkondig het wat van geen praktiese staatkundige belang was nie.[5)] *Die Burger* het die OB-leiding versoek om sy leer van 'n partylose staat te laat vaar en die beweging moes ontbind. Volgens die blad was daar in die volkslewe vir die OB-lede dringende werk om te verrig.[6)]

1) OB-argief, GR-stukke, Bevele en Omsendbriewe : Omsendbrief 2/48, 29:6:1948.

2) OB-argief, Gebied A-stukke, Korrespondensie : Brief Hoofgeneraal aan W.R. Laubscher, 17:5:1949.

3) OB-argief, Gebied A-stukke, Korrespondensie : Brief W.R. Laubscher aan B.D. Leech, 13:8:1948.

4) OB-argief, N.G.S. van der Walt : Dagboek, 21:3:1950.

5) Die Burger, 8:12:1948.

6) Die Burger, 8:12:1948.

Selfs in die OB se eie geledere is die beweging se optrede as ʼn eierdans bestempel.[1] Hoewel die Kommandant-generaal ook die OB se stryd as verlore bestempel het,[2] het hy die steun aan die beweging (soos baie ander dinge wat die moeite werd is) as ʼn persoonlike saak van elke individu gesien. Die OB se oorlewing het volgens hom op die individuele trou en ywer van sy goedgesinde lede berus.[3] In die OB se leiersgeledere het die gevoel ontstaan dat die meerderheid OB-lede dr. Malan se weg gekies het. Die Party het die beweging se onafhanklikheid en sy voortbestaan getroef. Mnr. J.A. Smith, die onderleier van die OB, het as joernalis dié gevoel in die beweging soos volg beskryf: "Ek voel soos ʼn verwurgde en kan nie slaap nie. Die saak voel ek so vreeslik onstellend dat ek nie kan rus nie ... Mag uitkoms of lig êrens opdaag".[4] Die hoop was tevergeefs, want die OB het onafwendbaar ʼn laagtepunt in sy bestaan genader. Knellende finansiële probleme het ook die laaste hoopvolle aksies van die OB geknie=halter.[5] Die OB-kommando's het al kleiner en minder geword en in Februarie 1949 is die familie-organisasie ingestel. ʼn Gesinsopname is gemaak om fondse te verkry en die bloedsomloop van die beweging aan die gang te hou.[6] Ten spyte van die organisatoriese maatreël het die belangeloosheid van die OB-lede die beweging op sy knieë gedwing.[7] Die OB het die hoop gekoester dat die inwyding van die Voortrekkermonument en die gepaardgaande kulturele besieling ook vir die beweging hernude besieling sou meebring.[8] Vir die OB was die uitslag van die Huldejaar (1949) teleurstellend, wat hom net verder agteruit laat boer het.[9] Die bittereinders in die OB het erken dat

---

1) OB-argief, GR-stukke, Korrespondensie : Brief J.A. Smith aan W.R. Laubscher, 30:5:1949.

2) OB-argief, N.G.S. van der Walt : Dagboek, 29:4:1949.

3) OB-argief, Gebied A-stukke, Korrespondensie : Brief KG aan W.R. Laubscher, 12:10:1948; vergelyk ook INEG, UOVS : J.F. van der Merwe-versameling, Lêer 2/2/1/1/6 : Brief Hans van Rensburg aan Jopie, 23:10:1951.

4) OB-argief, Gebied A-stukke, Korrespondensie : Brief J.A. Smith aan W.R. Laubscher, 5:12:1948; vergelyk ook Die Burger, 11:12:1948.

5) OB-argief, Gebied A-stukke, Korrespondensie : Brief W.R. Laubscher aan J.A. Smith, 30:5:1949.

6) OB-argief, GR-stukke, Bevele en Omsendbriewe : Omsendbrief 7/49, 30:8:1949; OB-argief, Onderhoud : K. Behrens en prof. H.M. van der Westhuizen, geen bandnommer.

7) OB-argief, GR-stukke, Bevele en Omsendbriewe : Sentrale HK, Pretoria, Skakel=brief, 1/51.

8) OB-argief, N.G.S. van der Walt : Dagboek, 29:4:1949.

9) OB-argief, N.G.S. van der Walt : Dagboek, 21:3:1950.

die beweging 'n murasie geword het en na sy einde waggel.[1]

Teen die agtergrond van die omstandighede is die OB noodgedwonge na sy historiese taak gevoer. Die taak was om alle volksgenote van die repu= blikeinse strewe te oortuig. Die Kommandant-generaal het in 1950 verklaar dat die beweging die afgelope jare baie geleer het.[2] Een les was dat dit nie nodig is om met 'n diskriminerende etiket[3] om die nek te handel nie. Die getroue OB-lede moes die republikeinse gedagte as individue in die volk laat suurdeeg, sonder dat dit noodwendig as 'n OB-gedagte beskryf kon word. Dr. Van Rensburg het die gedagte soos volg gemotiveer: "Daar is so baie, so oneindig baie, wat gemeenskaplik is aan alle Afrikanerstrewe dat 'n lid van die Ossewabrandwag in die meeste Afrikanerorganisasies ook sy eie OB-ideologie kan uitleef. En solank as daardie man (of vrou) ons verseker dat hulle die OB nie verloën het nie, en hulle doen hul woord deur die daad gestand waar sulks nodig mag blyk ... Solank dit die geval is, voel ons dat hulle ook die OB se strewe in die ander geledere geen skade aandoen nie".[4] Die Uitvoerende Raad van die OB het die historiese taak volledig in 'n manifes uiteengesit. Hierin is die idealisme, die geesdrif, die eenheidstrewe en die nuwe verwagting wat met die Eeufees geskep is, uit die OB se staatkundige oogpunt verklaar.[5] Tydens die derde Uniale Laertrek van November 1950 is daar met verbasing kennis geneem van 'n blywende idealisme in die OB, wat soos 'n onuitblusbare fakkel bly voort= flikker het. Hierdie kern in die OB het die gewaarwording bevestig dat daar 'n onvernietigbare idealisme in die beweging bestaan het. Dit was die Afri= kaner se vryheidsidealisme en drang na selfbeskikking. Ten aansien van hierdie nuwe besieling is die historiese taak van die OB herbevestig.[6]

---

1) OB-argief, N.G.S. van der Walt-versameling, Korrespondensie : Brief N.G.S. vd.W. aan D.J. van Rooy, 30:3:1950; OB-argief, Gebied A-stukke, Korrespon= densie : Brief P.W. Buys aan Vriend, 25:1:1951; OB-argief, N.G.S. van der Walt-versameling, Korrespondensie : Brief O.C. Nel aan N.G.S. vd.W., 5:10:1951.

2) OB-argief, GR-stukke, Bevele en Omsendbriewe : Nuusbrief 3/50.

3) N.G.S. van der Walt gebruik hierdie term in sy dagboek. Vergelyk ook OB-argief, N.G.S. van der Walt : Dagboek, 29:4:1949.

4) OB-argief, GR-stukke, Bevele en Omsendbriewe : Nuusbrief 3/50.

5) OB-argief, GR-stukke, Bevele en Omsendbriewe : Nuusbrief 5/50; Die OB, 28:6:1950; N.G.S. van der Walt : Die Republikeinse Strewe, p.202.

6) OB-argief, GR-stukke, Bevele en Omsendbriewe : Nuusbrief 8/50; OB-argief, Gebied A-stukke, Korrespondensie : Brief D.J. van Rooy aan W.R. Laubscher, 19:11:1950; Die OB, 15:11:1950.

Hoewel die OB-lidmaatskap en ideale vroeër heldhaftig en in kenmerkende drag met trompetgeskal uitgebasuin is, was die hernude besieling in 1950 nie so skouspelagtig nie. Die dieperliggende betekenis en kulturologiese waarde van die fase, het egter juis in hierdie oënskynlik onindrukwekkende gedagte gelê. Dit was die verborge krag van die gelouterde idealisme wat die beweging se grootste en mees blywende bate sou word. Hoewel verguis deur die nasionale beweging, was dit nie meer nodig om die OB-lede van hulle diskriminerende "OB-etiket" te verlos nie. Die "saak van eer" het ontwikkel in 'n persoonlike onetiketteerbare getrouheid, om die republikeinse ideaal van die OB voort te dra. Uiterlik het die getroue bittereinders die beskermde ring van die vervalle OB-laer verlaat.[1] In plaas daarvan om in die nasionale beweging verlore te raak het hulle in duisende persoonlike laers, as republikeinse neerslag in die volkslewe, gesuurdeeg.

Die sentrale hoofkwartier in Pretoria het die suurdeeggedagte ook as modus operandi vir 1951 aanbeveel. Die getroue lede moes toesien dat die OB se geledere gesluit word en hulle moes minder in die openbaar konsentreer. Hulle moes egter met vuur en ywer in hulle harte die republikeinse stryd voortsit, want deur hierdie getrouheid kon dié lede hulle eer en selfrespek behou.[2] Die Uitvoerende Raad het as inspirasie en aanmoediging weer eens na die vroeëre aanloklike kulturele samesyn verwys. Die OB-lede is aangesê om onderlinge kontak deur die volgende aksies op te bou en te bewaar: Deur saamtrekke, reünies in Februarie (Majubafees) of Augustus (die ou Fondsdag en OB-verjaardag), jukskei of ander sportdae, en enige ander middel om die ou kameraadskap te versterk.[3]

Die oproepe was tevergeefs, want die oorgrote meerderheid van die beweging het in die politieke amalgamasie van dr. Malan en mnr. Havenga verdwyn.[4] Ten aansien van ernstige meningsverskille in die OB se leierskorps oor die

---

1) Vergelyk ook p.102, voetnoot 5.

2) Vergelyk ook INEG, UOVS, J.F. van der Merwe-versameling, Lêer 2/2/1/1/6 : Brief N.G.S. van der Walt aan J.F. van der Merwe, 8:9:1951.

3) OB-argief, GR-stukke, Bevele en Omsendbriewe : Omsendbrief 1/51, 13:2:1951.

4) OB-argief, Gebied A-stukke, Korrespondensie : Brief G. Tomlinson aan die Redaksie (Die O.B.), Februarie 1952.

toekomstige optrede van die beweging,[1] het die Groot Raad in Oktober 1951 besluit dat die OB 'n selfstandige buiteparlementêre volksbeweging bly wat vir die verkryging van 'n partylose republiek moes stry.[2] Dr. Van Rensburg wat die OB en so die aktivistiese republikeinse stryd van die Afrikaner deur die storm en drangtyd van die oorlogsjare gelei het, het op 9 Februarie 1952 as kommandant-generaal bedank. Die hoofrede vir die stap was die verskille wat oor die samewerking met die nuutgestigde Nasionale Party bestaan het.[3] Die voorsitter van die Groot Raad, prof. D.J. van Rooy, het die bedanking op 13 Februarie aanvaar en mnr. J.A. Smith versoek om as leier waar te neem tot tyd en wyl 'n Laertrek oor die saak moes beslis.[4]

Gedurende April 1952 het dr. Van Rensburg in 'n spesiale omsendbrief die OB-lede gemaan om nie te vergeet wat die beweging se oorsprong en uit=gangspunt is nie: Die OB is uit die nasionale Afrikanerdom gebore en het sy hoogtepunt op die nasionale golf bereik. Gedurende die oorlog het die beweging die speerpunt van die republikeinse Afrikanerdom gevorm. Die OB moes in die nuwe fase wat hy na die oorlog betree het, waak dat hy nie sy speerpunt teen die nasionale Afrikanerdom draai nie. Die kulturolo=giese benadering het ook gevra dat die waardevolste element in die OB, sy onsigbare band van kameraadskap wat die land deurstrengel, nie vernietig moet word nie.[5]

Die vierde en laaste Laertrek van OB-offisiere het in Augustus 1952 in Bloemfontein, die bakermat van die beweging, plaasgevind. Die Laertrek was vir die OB 'n historiese gebeurtenis, want dit het die beweging

---

1) OB-argief, Gebied A-stukke, Korrespondensie : Brief W.R. Laubscher aan L. Joubert, 7:9:1951; vergelyk ook Die Dagbreek en Sondagnuus, 9:9:1951.

2) Die O.B., 3:10:1951, 17:10:1951; OB-argief, Gebied A-stukke, Korrespondensie : Brief W.R. Laubscher aan dr. F. Joubert, 31:10:1951; OB-argief, Gebied A-stukke, Korrespondensie : Brief W.R. Laubscher aan J.A. Smith, 28:11:1951.

3) Die O.B., 20:2:1952; OB-argief, GR-stukke, Bevele en Omsendbriewe : KG-omsendbrief 1/1952.

4) Die O.B., 20:2:1952; vergelyk ook OB-argief, Gebied A-stukke, Korrespondensie : Brief J.A. Smith aan D.J. van Rooy, 2:1:1952; OB-argief, Gebied A-stukke, Korrespondensie : Brief W.R. Laubscher aan D.J. van Rooy, 28:1:1952.

5) OB-argief, GR-stukke, Bevele en Omsendbriewe : Spesiale Omsendbrief, Transvaal, April 1952.

organisatories ontbind.[1] Dit was ook die afsluiting van die leierskapstryd in OB-gelederé en 'n herbevestiging van die beweging se republikeinse strewe. Laasgenoemde het onder meer die propagering van 'n republikeinse blad en die skepping van 'n omvattende republikeinse beweging behels.[2] *Die O.B.* het op 3 September optimisties berig dat die nuwe begin[3] die pad weer vir die republikeine in die Nasionale Party oopgemaak het om hulle gewig by die OB in te werp.[4] *Die O.B.* as mondstuk van die beweging het op 17 Desember 1952 vir die laaste keer verskyn. Dit het verdwyn om vir *Die Republikein* plek te maak.[5]

Die laaste reddingspoging van die OB sou saam met *Die Republikein* in Januarie 1954 doodloop,[6] maar 23 Augustus 1952 was in der waarheid die sterfdag van 'n eens trotse en magtige volksbeweging.[7]

## 7. 'N WAARDERING VAN DIE OSSEWA-BRANDWAG SE KULTUURBEELD

As uitgangspunt vir die waardering word die uitgangspunt hier gebruik dat kultuur deur sy draers sy bestaansreg ontvang en dit impliseer dat 'n kultuurstelsel soos dié van die OB se voortbestaan van sy draers afhanklik is.[8] Gedagtig aan die opvatting is die kultuurbeeld van die OB in terme van sy eie struktuur en waardes beskryf.[9] Die kultuurbeeld van die OB is daarom nie met die kultuur van die Afrikaner se nasionale beweging vergelyk nie.[10]

Die OB se kultuurbeeld was breedweg aan drie fases in die beweging se ontwikkeling gekoppel.[11] In die eerste fase was die OB se kultuurbeeld tot 1940 in die 1938-eeufees geanker. In die fase was die OB se kultuurbeeld bestendigend van aard en het die beweging as omvattende massa-organisasie

---

1) OB-argief, Onderhoude : K. Behrens en prof. H.M. van der Westhuizen, geen bandnommer, T. Pienaar, Band 105, 106; Die O.B., 27:8:1952.

2) Die O.B., 27:8:1952.

3) Vergelyk ook Die O.B., 1:10:1952.

4) Die O.B., 3:9:1952.

5) Die O.B., 17:12:1952.

6) OB-argief, N.G.S. van der Walt : Dagboek, 24:3:1954.

7) Die O.B., 27:8:1952.

8) Vergelyk ook L.A. White : The Concept of Cultural Systems, p.6.

9) Vergelyk ook M.J. Herskovitz : Cultural Relativism (ed. F. Herskovitz), p.39.

10) Vergelyk ook G.C. de Haas : Cultuur en Cultuurbeleid, p.51.

11) Vergelyk ook p. 29.

die Afrikaner se kulturele aspirasies beliggaam. Die OB het op 'n kragtige wyse aan die Afrikaner getoon op watter grondslag die volk verenig kon word. Die OB het doelbewus gepoog om die Afrikaner se tradisionele kultuuruitinge, op 'n grootskaalse georganiseerde en aanlok=like wyse, aan die volk in al sy lae te bied. Deur die sing van Die Stem en die viering van historiese feesdae het die beweging die bewuste aankweking en bevordering van die Afrikaner se nasionale simbole bevorder. Die intieme verbondenheid van die volk aan sy verlede het die bewuste belewing van nasietrots en volkstrots aangewakker. Deur die beoefening van die reg om die geestelike waardes van die Afrikaner uit te leef het die OB die minder=waardigheidsgevoel van die volk help afskud. Hierdeur het die OB aan die volk getoon wat die krag van gekonsolideerde optrede kan inhou. In dié sin was die Afrikanervolk in die OB beliggaam, waardeur die OB die hande van die Afrikanerorganisasies versterk het.

In die tweede fase het die komplekse wisselwerking van verskillende faktore[1] na 1940 veroorsaak dat die OB se kulturele aspirasies in sy versetbewustheid verswind het. Hiervoor was veral twee redes verantwoordelik. Eerstens is dit uit die voorafgaande duidelik dat die OB deur sy optrede die impak van sy volksbewegingskap verongeluk het. Dit het die OB as "redder" van die Afrikanervolk onttroon.[2] Tweedens kon die OB nie op sekere uni=versele vereistes[3] antwoorde vind nie, waardeur die beweging sy trefkrag verloor het. Die OB kon nie die lojaliteit van sy lede en die kohesie in die beweging behou nie. Die enkulturasie van sy idealisme kon om hierdie rede nie in die volk plaasvind nie. Die OB het ook nie met die patriotisme van die Afrikanervolk voldoende rekening gehou nie, want hierdeur het die Afrikaner hom van die interne konflik in sy eie geledere gevrywaar.

---

1) Vergelyk ook R.L. Beals (etc.) : An Introduction to Anthropology, p.47.

2) Vergelyk ook P. de Klerk : Die Ideologie van die Ossewa-Brandwag, pp.110-113.

3) Vergelyk ook R.L. Beals (etc.) : An Introduction to Anthropology, p.45; M.J. Herskovitz : Cultural Relativism (ed. F. Herskovitz), p.98; L.A. White : The Concept of Cultural Systems, p.177; J.H. Steward : Theory of Culture Change, pp.73, 75.

Die OB se ideaal om 'n geestelike omwenteling in die Afrikaner se volksproses te bewerkstellig en sodoende die staatshuishouding te omvorm, het net een eindresultaat tot gevolg gehad. Dit was om die kiemgedagte van die republikeinse strewe 'n praktiese lewenswyse te maak deur dit in die bewussyn van die Afrikaner te vestig. Dit is hierdie historiese taak wat die OB in sy derde fase gekenmerk het.[1)] Die kultu=rologiese beskouings wat die beweging in sy laaste bestaansjare gehuldig het, het hulle onmaatskaplike gedrag[2)] ook in 'n ander lig gestel. Deur nie teen die nasionale beweging van die Afrikaner te draai nie maar die republikeinse strewe 'n lewenswyse te maak, is die geesteskrag van die Afrikaner gemobiliseer en dit het op die lang duur die republikeinse beweging 'n geweldige stimulus gegee.[3)]

---

1) Kyk pp.108, 109.

2) Kyk p.4.

3) Vergelyk ook OB-argief, Onderhoude : Prof. D.W. Krüger, Band 155, J.F. Marais, Band 6, 7.

# B R O N N E

## 1. LITERATUUR

### 1.1 Ongepubliseerde skripsies, tesisse en studies


DE KLERK, P. : *Die ideologie van die Ossewa-Brandwag.* (Ongepubliseerde manuskrip, Potchefstroom, 1981).

FERREIRA, O.J.O. : *Die Geskiedenis van die Sentrale Volks=monumentekomitee.* (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P., 1970).

VAN DER SCHYFF, P.F. : *Eric H. Louw in die Suid-Afrikaanse Politiek tot 1948.* (D.Litt.-proefskrif, PU vir CHO, 1974).

VAN DER WALT, N.G.S. : *Dagboek.* (Ongepubliseerd, O.B.-argief, Potchefstroom).

VAN HEERDEN, F.J. : *Nasionaal-Sosialisme as faktor in die Suid-Afrikaanse Politiek, 1933-1948.* (D.Phil.-tesis, U.O.V.S., 1972).


### 1.2 Besondere en algemene werke


Afrikanereenheidskomitee gestig : Verklaring oor wat bereik is. Johannesburg, 1941.

BEALS, R.L. (etc.) : *An Introduction to Anthropology, fifth edition.* New York, 1977.

COETZEE, J.A. : *Nasieskap en Politieke Groepering.* Pretoria, 1969.

DAVENPORT, T.R.H. : *South Africa. A Modern History.* Tweede uitgawe, Hong Kong, 1978.

DE HAAS, G.C. : *Cultuur en Cultuurbeleid.* Amsterdam, 1969.

DE KLERK, W.A. : *The Puritans in Africa.* London, 1975.

DU PLESSIS, O. (red.) : *Die Nuwe Suid-Afrika. Die Rewolusie van die Twintigste Eeu.* Port Elizabeth, s.j.

FERREIRA, O.J.O. : *Die Volk se Hulde.* Johannesburg, 1975.

FISHER, J. : *The Afrikaners.* London, 1969.

FLOYD, T.B. : *Afrikaner-Nasionalisme.* Pretoria, 1975.

GEERTZ, C. : *The Interpretation of Cultures.* London, 1975.

GROBBELAAR, P.W. (red.) : *Die Afrikaner en sy Kultuur, Deel I - Mens en Land.* Elsiesrivier, (K.P.), 1974.

GROBBELAAR, P.W. (red.) : *Die Afrikaner en sy Kultuur, Deel III - Ons Volksfeeste.* Elsiesrivier, (K.P.), 1975.

HAMMOND, P.B. : *An Introduction to Cultural and Social Anthropology.* New York, 1972.

HANCOCK, W.K. : *Smuts, Vol. 2. The Fields of Force, 1919-1950.* London, 1968.

HERSKOVITZ, M.J. : *Cultural Relativism (ed. F. Herskovitz).* New York, 1972.

HONINGMANN, J.J. : *Understanding Culture.* New York, 1963.

KOTZÉ, C.R. : *Die Ossewa-Brandwag. Sy Ontstaan, Ontwikkeling en Botsing.* Bloemfontein, s.j.

KRÜGER, D.W. : *The Making of a Nation.* Johannesburg, 1969.

MALAN, D.F. : *Afrikaner-Volkseenheid en sy Ervarings op die pad daarheen.* Kaapstad, 1959.

MEIRING, P. : *Vyftig Jaar op die Voorblad.* Johannesburg, 1979.

MEYER, P.J. : *Die Afrikaner.* Bloemfontein, 1940.

MOODIE, T.D. : *The Rise of Afrikanerdom. Power, Apartheid and the Afrikaner Civil Religion.* California, 1975.

MOSTERT, D.J.J. : *Kultuur en Lewe.* Oudtshoorn, 1937.

MOSTERT, D.J.J. : *Gedenkboek van die Ossewaens op die Pad van Suid-Afrika.* Kaapstad, 1940.

OSSEWA-BRANDWAG-BROSJURE : *Die Ossewa-Brandwag : Vanwaar en Waarheen.* Johannesburg, 1942.

OSSEWA-BRANDWAG-BROSJURE : *Die vooraand van ons Volkseie Sosialisme.* Johannesburg, 1943.

OSSEWA-BRANDWAG-BROSJURE : *Some Facts about the Ossewa-Brandwag.* Stellenbosch, 1944.

OSSEWA-BRANDWAG-BROSJURE : *Iets oor die Ossewa-Brandwag.* Stellenbosch, 1946.

PELZER, A.N. : *Die Afrikaner-Broederbond : Eerste 50 Jaar.* Kaapstad, 1979.

PETERSON, R.A. (ed.) : *The Production of Culture.* (SAGE Contemporary Social Science Issues 33). London, 1976.

PIENAAR, S.W. & SCHOLTZ, J.J.J. : *Glo in u Volk. Dr. D.F. Malan as Redenaar, 1908-1954.* Kaapstad, 1964.

PIROW, O. : *James Barry Munnik Hertzog.* Parow, s.j.

ROBERTS, M. & TROLLIP, A.E.G. : *The South African Opposition, 1939-1945.* Kaapstad, 1947.

SCHOLTZ, G.D. : *Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, Dl. I.* Johannesburg, 1967.

SCHOLTZ, G.D. : *Dr. Hendrik Frensch Verwoerd, Dl. I.* Johannesburg, 1974.

SERFONTEIN, J.H.P. : *Brotherhood of Power.* London, 1979.

STANDARD ENCYCLOPAEDIA OF SOUTHERN AFRICA, Dl. 2. Kaapstad, 1970.

STEWARD, J.H. : *Theory of Culture Change. The Methodology of Multi-linear Evolution.* Urbana, 1955.

THOM, H.B. : *D.F. Malan.* Kaapstad, 1980.

TREURNICHT, A.P. : *Credo van 'n Afrikaner.* Elsiesrivier, (K.P.), 1975.

VAN DER MERWE, H.W. (Samesteller) : *Identiteit en Verandering.* Kaapstad, 1975.

VAN DER WALT, A.J.H. : *'n Volk op Trek.* O.B.-uitgawes, no. 5. Johannesburg, 1944.

VAN DER WALT, N.G.S. : *Die Republikeinse Strewe.* Potchefstroom, 1969.

VAN JAARSVELD, F.A. : *Van Van Riebeeck tot Verwoerd, 1652-1966.* Johannesburg, 1971.

VAN RENSBURG, H. : *Their Paths Crossed Mine. Memoirs of the Commandant-General of the Ossewa-Brandwag.* (s.pl.) C.N.A., 1956.

VATCHER, W.H. (Jr.) : *White Laager.* London, 1965.

VENTER, C.N. : *Coperiaanse Wendinge in die Westerse Kultuur.* Potchefstroom, 1976.

VISSER, G.C. : *O.B., Traitors or Patriots?* Johannesburg, 1976.

WHITE, L.A. : *The concept of cultural systems. A Key to Understanding Tribes and Nations.* New York, 1975.

WILKINS, I. & STRYDOM, H. : *The Super-Afrikaners.* Johannesburg, 1978.

## 2. PERIODIEKE PUBLIKASIES

### 2.1 Koerante

Uitgawes van die volgende koerante soos in die teks aangetoon:

DIE BURGER

THE CAPE ARGUS

THE CAPE TIMES

THE DAILY TRIBUNE

DIE DAGBREEK EN SONDAGNUUS

THE FRIEND

KETTING-VLUGSKRIFTE NO. 1-4. Bloemfontein, s.j.

THE NATAL WITNESS

DIE O.B.

THE RAND DAILY MAIL

THE STAR

DIE SUIDERSTEM

THE SUNDAY EXPRESS

THE SUNDAY TIMES

DIE TRANSVALER

DIE VADERLAND

DIE VOLKSBLAD

DIE VOLKSTEM

2.2 Jaarboeke en Almanakke

Hertzog-Annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Jaarboek X, Jg. 12, nr. 16, Desember 1963.

Inwyding van die Voortrekkermonument. Amptelike Program en Gedenkboek. Pretoria, 1949.

Ossewa-Brandwag : Almanak 1942.

Ossewa-Brandwag - Jaarboek, Jg. 1, 1949. Pretoria.

Ossewa-Brandwag - Jaarboek. Gebied F, Noord-Transvaal, 1947. Pretoria.

Die Voortrekkermonument. Amptelike Gids, Pretoria, 1972.

3. KOERANT- EN TYDSKRIFARTIKELS

BUTLER, G. : *The Development of a South African National Character*. (Forum, vol. 10, no. 6, Oct. 1961).

FENTON, A. : *The Scope of Regional Ethnology*. (Folk Life. A Journal of Ethnological Studies, vol. 11, 1973).

GIZELIS, G. : *Historical Event into Song : The Use of Cultural Perceptual Style*. (Folklore, vol. 83, 1972).

LANGEVELD, M.J. : *Culture and Development*. (Suid-Afrikaanse Tydskrif vir die Pedagogiek, vol. 12, 1978).

4. REGERINGSPUBLIKASIES

1. Debatte van die Volksraad, dl. 37, 19 Januarie - 1 Maart 1940.
2. Debatte van die Volksraad, dl. 41, 27 Januarie - 14 Maart 1941.
3. Debatte van die Volksraad, dl. 42, 17 Maart - 6 Mei 1941.
4. Debatte van die Volksraad, dl. 43, 12 Januarie - 6 Maart, 1942.

## ARGIVALE BRONNE

### OSSEWA-BRANDWAG-ARGIEF, FERDINAND POSTMA BIBLIOTEEK, PU VIR CHO

A. DOKUMENTE

1. Stukke van die Groot Raad.
2. Stukke van die Kommandant-Generaal.
3. Stukke van die Organisasieleier (Adjunk-Kommandantgeneraal).
4. Stukke van Gebiedsleidings.
   - 4.1 Gebied A, Wes-Kaap.
   - 4.2 Gebied B, Oos-Kaap.
   - 4.3 Gebied C, OVS.
   - 4.4 Gebied D, Natal.
   - 4.5 Gebied E, Suid-Transvaal.
   - 4.6 Gebied F, Noord-Transvaal.
5. Stukke van die Jeugbeweging (Boerejeug).
6. Stukke van die Vrouebeweging.
7. Koerantknipsels.
8. Die volgende individuele persone se versamelings in verband met die OB:
   - 8.1 Ackermann, J.
   - 8.2 Cadle, E.B.
   - 8.3 Cronjé, J.
   - 8.4 De Jager, C.L.
   - 8.5 Du Toit, D.S.R.
   - 8.6 Du Toit, H.A.J.
   - 8.7 Labuschagne, F.J.
   - 8.8 Marais, J.F.
   - 8.9 Slabbert, M.L.P.
   - 8.10 Stander, S.J.S.
   - 8.11 Steenkamp, L.H.
   - 8.12 Van der Walt, N.G.S.
   - 8.13 Van Heerden, J.J.
   - 8.14 Van Rensburg, J.
   - 8.15 Van Rooy, D.J.

B. ONDERHOUDE

1. Behrens, K. en Van der Westhuizen, H.M.
2. Botha, M.W., Band 160, 161.
3. Bunning, T., Band 140.
4. Coetzee, J.H., Band 76, 77.
5. Cronjé, G., Band 34, 35.
6. Grobler, M.S.F., Band 103.
7. Hertzog, A., Band 69.
8. Kaiser, E., Band 83.
9. Krüger, D.W., Band 155.
10. Marais, J.F., Band 6, 7.
11. Pienaar, T., Band 105, 106.
12. Roode, J.B., Band 158-171.
13. Schutte, B.C., Band 127.
14. Smith, J.A., Band 98, 99.
15. Stander, D.J., Band 1, 2.
16. Stegmann, B.Z., Band 135-137.
17. Van Rensburg, W.J., Band 99, 100.
18. Wagner, J. (mev.), Band 153.

DIE INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS, UOVS, BLOEMFONTEIN

1. FAK-VERSAMELING (PV 202)

1.1 Korrespondensie Lêer 2/1/1/1.
1.2 Korrespondensie Lêer 2/1/1/2.
1.3 Korrespondensie Lêer 2/1/1/3.
1.4 Korrespondensie Lêers 2/10/1/1/1, 2/10/1/2/1/1, 2/10/1/7/1/1.
1.5 Notules : Algemene Lêer 1/1/3/1.
1.6 Agenda, Notules : Algemene Lêer 1/1/4/1.
1.7 Notules : Hoofbestuur Lêer 1/2/3/2/2.
1.8 Notules : Uitvoerende Komitee Lêer 1/2/3/2/3.
1.9 Notules : Uitvoerende Komitee Lêer 1/2/3/2/4.

2. E.H. LOUW-VERSAMELING (PV 4)

2.1 Lêer 32 : Toesprake.
2.2 Lêer 71 : Diverse gepubliseerdes.
2.3 Lêer 71 : Diverse geskrifte.
2.4 Lêer 90 : OB-dokumente.

3. C.R. SWART-VERSAMELING (PV 18)

3.1 Lêer 2/1/1/1 : Korrespondensie, algemeen.
3.2 Lêer 2/2/1/1/1 : Korrespondensie, NP algemeen.
3.3 Lêer 5/2/3/1/1 : Dagboeke
3.4 Bylaag C : Bandopnames : Getranskribeerde Onderhoude, nr. 2-5.

4. J.D. JERLING-VERSAMELING (PV 158)

4.1 Lêer 11 : Korrespondensie, OB.
4.2 Lêer 15 : Toesprake en verklarings.

5. H.B. GILIOMEE-VERSAMELING (PV 79)

5.1 Lêer 1 : Artikel.

6. M.P.A. MALAN-VERSAMELING (PV 34)

6.1 Lêer 8 : Aantekeninge, notules.
6.2 Lêer 10 : Inligtingstukke en aantekeninge.

7. H.A.J. DU TOIT-VERSAMELING (PV 154)

8. J.F. VAN DER MERWE-VERSAMELING (PV 103)

8.1 Lêer 2/1/1/1 : Korrespondensie.
8.2 Lêers 2/2/1/1/1-7 : Korrespondensie.
8.3 Lêer 2/2/5/1/1 : Brieweboek.
8.4 Lêer 3/1/2/1 : Verklarings.
8.5 Lêer 3/2/1/1/1 : Toesprake.
8.6 Lêer 4/1/1/1 : Artikels.
8.7 Lêer 5/1/2/1 : Dagboeke.
8.8 Lêer 6/2/1/1/1 : Verslae.
8.9 Lêer 6/2/1/2/1 : Verslae.
8.10 Lêer 6/2/2/1/1 : Verslae.

9. G.H. WOEST-VERSAMELING (PV 342)

9.1 Lêer 2/1/1/1 : Korrespondensie.

10. P.W. BOTHA-VERSAMELING (PV 203)

10.1 Lêer 3/1/1/1 : Toesprake.
10.2 Lêer 4/1/1/1 : Artikels.
10.3 Lêer 4/1/2/1 : Artikels.
10.4 Lêer 5/1/1/1 : Aantekeninge, dagboeke.

11. I.M. LOMBARD-VERSAMELING (PV 125)

11.1 Lêer 1/8/2/1/1 : Afrikanereenheidskomitee.